Pastorale begeleiding van slagoffers van toksiese godsdiens met besondere verwysing na Post-kulte-trauma-sindroom

JJJ Erasmus

orcid.org/0000-0002-0416-1245

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad *Magister* in *Pastorale Studies* aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof WC Coetzer

Gradeplegtigheid: May 2021

Studentenommer: 10275363

DANKBETUIGINGS

Aan God al die eer, want Hy is in beheer. Ek dank Hom vir die genade, gawes en geleenthede wat Hy aan my gegee het. My dank gaan ook uit aan diegene wat gehelp het.

- My studieleier, professor Wentzel Coetzer. U is ‘n skitterende leermeester!
- Hiermee gee ek ook erkenning vir die hulp van Dr Frans Minnie en professor Gert Breed in die aanloop tot hierdie studie.
- Professor Henk Stoker vir al u hulp.
- Aan my gesin, en veral my vrou. Jy is ‘n vrou duisend! (Spr 31).
- Die NWU wat dit vir my moontlik maak.
- Die personeel van die Teologiese skool biblioteek van die NWU, en in besonder Me Hester Lombard.
- Joggie Grobler en Rina Erasmus wat vir my geproeflees het.
- Karen Jacobs vir vertalings in Engels.
- Die Gereformeerde gemeentes, Volksrust en Ermelo, wat vir my die geleentheid gegee het om te studeer.
- Al my vriende vir hulle ondersteuning.

OPSOMMING

Die tema van hierdie studie hou grootliks verband met die breër tema van toksiese godsdiens. Enersyds kan dit dui op ’n baie positiewe en gesonde stelsel wat vir die mens voordelig is en hom/haar help om te oorleef. Andersyds kan dit ontwikkel in ‘n siek sisteem waar dit uiteindelik 'n steurende faktor word wat die totale funksionering van hierdie persoon raak. Vir individue wat lank betrokke was in kultusse en toksies-godsdienstige sisteme is dit gewoonlik traumaties om uit te beweeg, bande te verbreek en met ’n normale lewe binne die gemeenskap te begin. Die effek wat dit op talle persone het, word in die literatuur vergelyk met die ervaring van ’n intense trauma met dan die tipiese post-traumatiese fase daarna. In hierdie verband word daar verwys na *Post-kulte-trauma-sindroom* of alternatiewelik *Post-kulte-stres-sindroom*.

Die eerste hoofstuk van hierdie studie dien as ’n inleiding en algemene oriëntering ten opsigte van die betrokke tema.

Die tweede hoofstuk (wat ook die eerste artikel impliseer) fokus op die post-kulte-trauma-sindroom. As deel van hierdie hoofstuk kom Osmer se deskriptiewe, interpreterende en normatiewe take aan die orde.

Die derde hoofstuk (wat ook die tweede artikel impliseer) fokus op ’n aantal pastorale riglyne en voorgestelde model ten einde die *Post-kulte-trauma-sindroom* te hanteer. Dit impliseer dan ook Osmer se strategies-teoretiese taak.

Die vierde hoofstuk dien as samevatting en konklusie ten opsigte van die studie as geheel.

ABSTRACT

The theme of this study is *Pastoral guidance for victims of toxic religion with particular reference to Post-cult-trauma-syndrome.*

This theme is largely related to the broader theme of toxic religion. On the one hand, religion can indicate a very positive and healthy system that is beneficial to man and helps them to survive. On the other hand, it can develop into a sick system where it eventually becomes a disruptive factor affecting the overall functioning of this person. For individuals who have long been involved in cults and toxic-religious systems, it is usually traumatic to move out, severing ties, and begin a normal life within the broader community. The effect it has on many people is compared in the literature with the experience of an intense trauma with then the typical post-traumatic phase thereafter. In this regard, reference is made in the literature to *Post-cult-trauma-syndrome* or alternatively *Post-cult-stress- syndrome.*

The first chapter of this study serves as an introduction and general orientation with regard to the relevant theme.

The second chapter (which also implies the first article) focuses on the post-cult-trauma-syndrome. As part of this chapter, Osmer's descriptive, interpretive and normative tasks are discussed.

The third chapter (which also implies the second article) focuses on a number of pastoral guidelines and proposed model in order to deal with the *Post-cult-trauma-syndrome*. This also implies Osmer's strategic-theoretical task.

The fourth chapter serves as a summary and conclusion regarding the study as a whole.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDENDE PERSPEKTIEWE 1

1.1 TITEL EN SLEUTELWOORDE 1

1.2 KONSEPTE 1

1.2.1 Toksiese godsdiens 1

1.2.2 Kulte 4

1.2.3 Post-kulte-trauma-sindroom (PKTS) 6

1.4 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING 8

1.4.1 Agtergrond 8

1.4.2 Besondere fokus van hierdie studie 11

1.4.3 Probleemstelling 15

1.5 LEEMTES IN BESTAANDE NAVORSING 15

1.5.1 Databasis 15

1.5.2 Sleutelterme 15

1.5.3 Proefskrifte en verhandelinge 15

1.5.4 Tydskrif artikels en lesings 17

1.5.5 Boeke 20

1.6 NAVORSINGSVRAAG 23

1.6.1 Oorkoepelende navorsingsvraag 23

1.6.1 Subvrae wat vanuit die oorkoepelende navorsingsvraag voortvloei 23

1.7 DOESTELLING EN DOELWITTE 24

1.7.1 Doelstelling 24

1.7.2 Doelwitte 24

1.8 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT 25

1.9 NAVORSINGSMETODOLOGIE 25

1.9.1 Osmer se deskriptiewe taak 26

1.9.2 Osmer se interpreterende taak 27

1.9.3 Osmer se normatiewe taak 27

1.9.4 Osmer se strategies-teoretiese taak 27

1.9.5 Literatuurstudie 28

1.10 ETIESE OORWEGINGS 29
1.11 ENKELE TEGNIESE ASPEKTE 29
1.12 SKEMATIESE UITEENSETTING 29
1.13 HOOFSTUK INDELING 29

HOOFSTUK 2: POST-KULTE-TRAUMA-SINDROOM: 'N PASTORALE STUDIE 30
2.1 INLEIDENDE PERSPEKTIEWE 30
2.2 METODOLOGIE 31
2.3 DIE BESKRYWENDE TAAK 32
2.3.1 Die funksionering van 'n kulteleier 33
2.3.1.1 Inleiding 33
2.3.1.2 Die uitoefening van gesag en leierskapstyl 34
2.3.1.3 Persoonlikheid van die leier 35
2.3.1.4 Integriteit, eerlikheid en kongruente optrede 35
2.3.1.5 Groepsdink (-druk) en volwassenheid 36
2.3.1.6 Empatie 36
2.3.1.7 Charisma en Intelligensie 36
2.3.1.8 Relasies met groepslede en die buitewêreld 37
2.3.1.9 Samevattend rakende die funksionering van 'n kulteleier 37
2.4 BEHEERSTELSELS 38
2.4.1 Beheer oor denke 38
2.4.2 Beheer oor gedrag 39
2.4.3 Beheer oor emosies 39
2.4.4 Beheer oor inligting en omgewing 40
2.4.5 Beheer oor taal 41
2.4.6 Beheer oor norme 41
2.4.7 Beheer oor die verlede 41
2.4.8 Beheer oor die toekoms 42
2.4.9 Beheer oor God 42
2.4.10 Beheer oor verlossing 43
2.4.11 Beheer oor die Bybel 44

2.4.12 Beheer oor leerstellings 44
2.4.13 Beheer oor lidmaatskap 45
2.4.14 Samevattend rakende beheerstelsels 46
2.5 DIE INTERPRETERENDE TAAK 46
2.5.1 Hoekom is oud-kultelede steeds vasgevang in vrees en verknegting? 46
2.5.1.1 Inleiding 46
2.5.1.2 Persoonlikheid en verwante sake van ‘n kulteleier 46
2.5.1.3 Beheerstelsels wat die kulte gebruik om verslawing uit te bou 47
- Die beheer oor denke 47
- Beheer oor gedrag 47
- Beheer oor emosie 47
- Beheer oor inligting en omgewing 47
- Beheer oor taal 48
- Beheer oor norme 48
- Beheer oor die verlede 48
- Beheer oor die toekoms 49
- Beheer oor God 49
- Beheer oor verlossing 49
- Beheer oor die Bybel 50
- Beheer oor leerstellings 50
- Beheer oor lidmaatskap 50

2.5.2 Wat is die Post-kulte-trauma-sindroom? 51
2.5.3 Samevatting 54
2.6 DIE NORMATIEWE TAAK 55
2.6.1 Inleiding 55
2.6.2 Traumabande 55
2.6.3 Vrees 57
2.6.4 Verslawing 60
2.6.5 Verlossing 63
2.7 SAMEVATTING 65

HOOFSTUK 3: PASTORALE MODEL OM 'N POST-KULTE-TRAUMA-SINDROOM TE HANTEER 67

3.1 INLEIDING 67

3.2 DOELSTELLING 68

3.3 PASTORALE BERADING 69

3.3.1 Multidimensionele hantering van die probleem 70

3.3.1.1 'n Godgerigte benadering 70

3.4 VOORGESTELDE BERADINGSMODEL 71

3.4.1 Ontmoeting 71

3.4.1.1 Hantering van oorweldigende wantroue 72

3.4.1.2 Die klem op God en Sy eer 73

3.4.2 Onderhoud 73

3.4.2.1 Identifisering van alle prominente emosies 74

3.4.3 Ontboeseming en ontlading 75

3.4.3.1 Die skryf van 'n brief 75

3.4.3.2 Kontrole aan die hand van die beheerstelsels 76

3.4.3.3 'n Katarsis moet plaasvind 76

3.4.3.4 Luisterend betrokke 77

3.4.4 Ontdekking 77

3.4.4.1 Hantering van skuldgevoelens 77

3.4.4.2 Hantering van vrees 78

3.4.4.3 Getuienisse van oud-kultelede 79

3.4.4.4 Realisme oor tempo van genesing 79

3.4.5 Ontnugtering 80

3.4.5.1 'n Rouproses 80

3.4.5.2 Identifisering van alle vorme van ontkenning 81

3.4.6 Ontlediging 81

3.4.6.1 Vernuwing van denke 82

3.4.6.2 Sirkelgang van vrees, veg en vlug 83

3.4.6.3 Gebrokenheid vanweë die sondeval 84

3.4.6.4 Hantering van 'n swak selfbeeld 85

3.4.6.5 Hantering van alle leuens 86

3.4.6.6 Bevestigende gedagtes en gedrag 86
3.4.7 Ontferming 88
3.4.7.1 Genesing is ’n proses 88
3.4.7.2 Die terapeutiese waarde van ‘n ondersteuningsgroep 88
3.4.7.3 Skakel aanvanklik anoniem by ‘n kerk in 89
3.4.8 Modellering en rigting-aangewing 89
3.4.8.1 Gesonde geloofsgroei 90
3.4.8.2 Die belangrikheid van vergifnis 90
3.4.9 Opvolging 91
3.4.9.1 Identifiseer tipiese gedrag wat aanleiding kan gee tot ‘n terugval 91
3.5 SAMEVATTING 92

HOOFSTUK 4: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS 94
4.1 OORKOEPELENDE NAVORSINGVRAAG EN SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT 94
4.2 DIE HANTERING VAN OSMER SE VIER TAKE 94
4.2.1 Die beskrywende taak 95
4.2.2 Die interpreterende taak 95
4.2.3 Die normatiewe taak 96
4.2.4 Die pragmatiese taak 96
4.3 VOORGESTELDE BERADINGSMODEL 97
4.3.1 Ontmoeting 97
4.3.2 Onderhoud 98
4.3.3 Ontboeseming en ontlading 98
4.3.4 Ontdekking 99
4.3.5 Ontnugtering 100
4.3.6 Ontlediging 100
4.3.7 Ontferming 102
4.3.8 Modellering en rigting-aangewing 102
4.3.9 Opvolging 103

5. UITDAGINGS AAN DIE KERK ASOOK VOORKOMENDE STAPPE VIR DIE TOEKOMS **104**
6. SLOT **105**
7. VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING **105**

BYLAAG A - Die invloed van godsdienstige skaamte (*religious shame*) **107**
BYLAAG B - Remuda Ranch se geestelike inventaris **109**
BYLAAG C - My ware identiteit: Wie is ek in Christus? **119**
BYLAAG D - Drie waarhede oor my identiteit in Christus **121**
BYLAAG E - Agtergrond inventaris van beradenes **123**
BYLAAG F - Die Woord vervang elke leuen **132**
BYLAAG G - Voorbeeld van radikale belydenis en omkeer deur toksiese kerklike leierskap **135**
BRONNELYS **137**

HOOFSTUK 1
INLEIDENDE PERSPEKTIEWE

1.1 TITEL EN SLEUTELWOORDE

Titel: Pastorale begeleiding van slagoffers van toksiese godsdiens met besondere verwysing na Post-kulte-trauma-sindroom

Sleutelwoorde: Toksiese godsdiens, kulte, Post-kulte-trauma-sindroom

Keywords: Toxic religion, cult, Post-cult-trauma-syndrome

1.2 KONSEPTE

1.2.1 Toksiese godsdiens

Die tema van hierdie studie hou grootliks verband met die breër tema van toksiese godsdiens. Wayne Oates het reeds in 1970 ‘n boek gepubliseer met die titel, *When religion gets sick.* Hy verwys onder andere na die dubbele betekenis van die term, godsdiens. Enersyds kan dit dui op ’n baie positiewe en gesonde stelsel wat vir die mens voordelig is en hom/haar help om te oorleef. Andersyds kan dit ontwikkel in ‘n siek sisteem waar dit uiteindelik 'n steurende faktor word wat die totale funksionering van hierdie persoon raak.

Hierdie persoon se godsdiens het dan 'slegte nuus' geword in plaas van 'goeie nuus.' Die psigiater Scott Peck vertel in sy boek, *The road less travelled,* (2003)*,* die verhaal van Kathy wat intense misbruik ervaar het gedurende haar kinderjare as gevolg van sekere godsdienstige beskouinge. Teen die agtergrond van Kathy se verhaal maak Peck (2003:212) die stelling:

> There are millions of Kathys. I used to tell people only somewhat facetiously that the Catholic Church provided me with my living as a psychiatrist. I could equally well have said the Baptist Church, Lutheran Church, Presbyterian Church, or any other.

Hy kom tot die gevolgtrekking dat dit juis om hierdie rede is dat talle psigiaters en sielkundiges die standpunt huldig dat godsdiens die groot vyand is. As nog ’n voorbeeld van een van die vroeëre bydraes rondom die tema van godsdienstige misbruik, dien

die boek, *When God becomes a drug* (1998), deur Father Leo Booth, vermeld te word. Hy beskryf hoedat hyself as jong seun binne 'n disfunksionele huis opgegroei het en dikwels blootgestel was aan geweld tussen sy pa en ma as gevolg van gevegte oor godsdiens (beide het aan verskillende kerke behoort):

> I remember seeing my father covered in blood because of his self-mutilation. All this was done by Christians, to Christians, in the name of God. I remember telling my sister that God was destroying our home (Booth, 1998:5).

Verder blyk dit uit sy verhaal dat die drama van kerklike ritueel, later in sy lewe nadat hy as priester georden is, vir hom die ontvlugting geword het vanaf die pyn van sy disfunksionele kinderjare. Die seremoniële drag het hom selfs superieur laat voel. As gevolg van die onverwerkte emosionele pyn sedert sy kinderjare raak hy egter in 'n stadium as priester verslaaf aan alkohol en moes by tye gehospitaliseer word - hy som sy situasie soos volg op: *"I used religion to escape loneliness, low self-esteem, and fear of reality. Anglo-Catholicism was my first drug"* (1991:9). Vanuit sy eie persoonlike ervaring, skryf hy uiteindelik met groot insig oor die tema van geestelike misbruik en verwonding.

Binne sekere kontekste kan godsdiens 'n helende en opbouende funksie vervul. Dit is gewoonlik die geval waar dit op 'n gebalanseerde en nugtere wyse beoefen word en waar die basiese vertrekpunte suiwer en opreg is. Daar is egter 'n paradoks in die sin dat daar ook 'n negatiewe en gevaarlike kant van godsdiens is, en hier is dit die 'toksiese' aspek wat aan die orde kom. Daar sou onverwerkte emosionele verwonding en trauma kon wees wat uiteindelik die onbewustelike dryfveer word – dit word dan ook 'n tipe ontvlugting wat manifesteer in oordrewe en ekstreem-godsdienstige aktiwiteite. Godsdienstige verslawing sou dan die finale uitkoms van so 'n proses kan wees. Waar dit dus emosioneel verwonde en getraumatiseerde leiers is wat in beheer van so 'n proses is, kompliseer dit die verloop soveel te meer.

Wat betref die definiëring van geestelike misbruik en verwonding bied die volgende definisies 'n goeie beskrywing:

- Dupont (2004:40) beskryf toksiese godsdiens as ’n groep of beweging van geestelike strukture wat geneig is om mense te misbruik – by hierdie persone is daar gewoonlik ekstreme toewyding aan ’n persoon, saak of ding. Ten einde die doelstellings en oogmerke van die groepleiers te bevorder maak hulle gebruik van manipulerende en onetiese tegnieke en dwangmaatreëls. Deurgaans is daar ook die kwessie van moontlike of werklike benadeling van lede of hul gesinne of die gemeenskap.
- Gibson (2009) wys op die feit dat daar gewoonlik negatiewe *emosionele* gevolge is as gevolg van *emosionele* misbruik – so ook *fisiese* gevolge as gevolg van *fisiese* misbruik van slagoffers. In dieselfde mate het *geestelike* misbruik ook ’n aftakelende effek op die slagoffer se gees. Hierdie is gewoonlik die gevolg van ’n situasie waar persone in geestelik leierskap poog om diegene onder hulle te kontroleer, domineer, en te manipuleer – vrees is gewoonlik ’n pertinente emosionele instrument in hierdie proses.
- Johnson en VanVonderen (1991:20) beskryf geestelike misbruik as die aftakelende optrede teenoor diegene wat geestelike leiding, ondersteuning en bemoediging benodig. Die uitkoms hiervan is gewoonlik dat die beradene se vertroue in God en medemens afgetakel, ondermyn en verswak word. Dieselfde misbruik kan plaasvind wanneer *spiritualiteit* gebruik word as ’n instrument om op ’n negatiewe wyse druk op ander te plaas ten einde aan een of ander onbereikbaar hoë 'geestelike standaard’ te probeer voldoen.

> This promotes external ‘spiritual performance’, also without regard to an individual’s actual wellbeing, or is used as a means of ‘proving’ a persons’ spirituality (Johnson & VanVonderen 1991:21).

- Blue (1993:12) beskryf geestelike misbruik as die proses waardeur diegene in geestelike leierskap hul posisie en gesag gebruik om een of ander vorm van dwang toe te pas op diegene onder hulle, hulle te beheer of te benadeel – die gevolg hiervan is gewoonlik geestelike en emosionele verwonding. In teenstelling met ander vorme van misbruik is daar by geestelike misbruik selde die opsetlike bedoeling om skade te berokken en daarom is daar dikwels ook ’n naïwiteit by diegene wat geestelike misbruik toepas, ten opsigte van die aftakelende gevolge van hul optredes.

- Geestelike misbruik word deur Pretorius (2007b:264) beskryf as die gevolge van ’n proses wanneer diegene in geestelike leierskap hul gesag of posisie gebruik om andere te beheer of te domineer. Die volgelinge is oor die algemeen onbewus van hierdie leiers se ongesonde dryfvere en hulle is gevolglik bereid om alle leiding onvoorwaardelik te aanvaar en dit dan ook as die wil van God te beskou.

As deel van die bespreking van ‘toksiese godsdiens’ is dit vervolgens belangrik om ook net kortliks die konsep van ‘geestelike verslawing’ te definieer.

- Geloofsbetrokkenheid en die beoefening van godsdiens bied volgens Arterburn en Felton (2001:83) talle aspekte wat sou kon lei na verslawing. In hierdie verband sou persone byvoorbeeld verslaaf kan raak aan oortuigings van regverdigheid of selfregverdiging ten opsigte van verskeie aspekte.
- Dupont (2004:39) beskryf toksiese godsdiens as ’n aftakelende en riskante verhouding met ‘n godsdienstige sisteem waar God nie in beheer van die persoon se lewe is nie maar wel die godsdienstige sisteem.
- Booth (1998:50) maak melding van verskeie individue wie hy oor jare heen pastoraal begelei het as gevolg van hul worsteling om geestelik en emosioneel te kon oorleef vanweë ’n geskiedenis van geestelike en emosionele verwonding. By wyse van ontvlugting sou hulle dan in ’n stadium gegryp het na ’n ongebalanseerde vorm van godsdiens ten einde dit te gebruik as ’n *fix.* Die noodwendige gevolg was telkens verslawing aan *godsdiens,* terwyl die vlakke van innerlike wanhoop steeds gestyg het omdat die dieperliggende oorsake van hul verwonding nooit hanteer was nie.

1.2.2 Kulte

Kulte is ’n begrip wat gebruik word deur verskillende kultekenners (Almendros, Carrobles & Carballeira, 2009; Coates, 2012; Deyoung, 2009; Pretorius, 2004, 2008; Venter, 1997; Oblak, 2019; Ross, 2014; Stoker, 2011; Steward, 2011. ’n Godsdienstige kulte word deur Stoker (2011) beskryf as ’n godsdienstige groepering wat dit ten doel het om die tydelike sowel as die ewige lewe van sy volgelinge te beheer. Hierdie beheer word toegepas op aspekte soos die volgende: lede se denke, emosies, gedrag, inligting en omgewing, norme, taal, geskiedenis, verlossing,

siening van God, verstaan van die Bybel en leerstellings en lidmaatskap.

Volgens die *International Cultic Studies Association* (ICSA) dui die term ‘kultus’ op groepe wat in hul benadering aftakelend (*abusive*) en manipulerend is (Oblak, 2019:1). Aansluitend stel Oblak (2019:1) dat sulke groepe poog om beheer uit te oefen en lede in so ’n mate te misbruik dat dit skade tot gevolg het. Oblak stel ook dat daar algemene konsensus is rakende die feit dat meeste teoretiese aannames met betrekking tot kulte groepe gebaseer is op die agt kriteria van denke hervorming soos oorspronklik geformuleer deur Robert Jay Lifton in sy boek, *Thought reform and the psychology of totalism: a study of "brainwashing" in China,* wat in 1961 gepubliseer is. Hierdie agt kriteria is die volgende:

- *Milieu beheer*. Dit gaan oor kontrole van informasie en kommunikasie met betrekking tot elke individu en dit lei grootliks tot isolasie.
- *Mistieke manipulering*. Hier gaan dit om die aandrang op suiwerheid en perfeksionisme (*demand for purity*) – ook herintepretasie van historiese gebeure, die Skrif en ander ervarings.
- *Belydenis*. Sondes en oortredinge soos gedefinieer deur die groep moet bely word.
- *Heilige wetenskap*. Die groep se leerstellings word as die finale waarheid beskou.
- *Die aanleer van die groep se taal* (*loading the language*). Die groep gebruik sekere woorde en frases op ’n unieke wyse en dit moet aangeleer word.
- *Doktrine bokant persone*. Lede se persoonlike ervarings is ondergeskik aan die groep se dogma.
- *Beheer oor bestaan* (*dispensing of existence*). Diegene buite die groep is verlore en sou iemand die groep verlaat dan is hy/sy ook verlore en word hulle totaal verwerp. In ’n sekere sin het die groep die prerogatief om te besluit wie die reg het om te bestaan en wie nie.

’n Kulte word beheer deur ’n kultusleier en daar is ’n verskeidenheid van beheereien-skappe wat ’n prominente rol vervul (Stoker, 1995:9-51; Stoker, 2011; Venter,

1997:12-38).

1.2.3 Post-kulte-trauma-sindroom (PKTS)

Vir individue wat lank betrokke was in kulte en toksies-godsdienstige sisteme is dit gewoonlik traumaties om uit te beweeg, bande te verbreek en met ’n normale lewe binne die gemeenskap te begin. Die effek wat dit op talle persone het word in die literatuur vergelyk met die ervaring van ’n intense trauma met dan die tipiese post-traumatiese fase daarna. In hierdie verband word daar verwys na *Post-kulte-trauma-sindroom* (DeYoung, 2009:143) of alternatiewelik *Post-kulte-stres-sindroom* (Singer, 1979). Vir die doeleindes van hierdie studie word die term post-kulte-trauma-sindroom (PKTS) gebruik.

In die algemeen word ‘n getraumatiseerde persoon emosioneel, fisies en geestelik verwond (Van Wijk, 2010:17). Hicks (1996:15) gee die volgende definisie vir psigiese trauma:

> Psychic trauma is defined as an emotional state of discomfort and stress resulting from memories of an extraordinary, catastrophic experience which shattered the survivor’s sens of invulnerability to harm.

Norman Wright (2011:213) sluit hierby aan as hy trauma beskryf as ’n dief. *“It steals from a person. It takes away their sense of wellbeing, security, predictability and safety.”* Weaver, Flannelly en Preston (2003:19) beklemtoon die feit dat pastorale beraders en leraars toegerus moet wees om die simptome te kan herken van diegene wat deur psigologiese trauma geraak is en hulle dan ook te kan bystaan. Talle van hierdie persone sou kon worstel met post-traumatiese stres versteuring (PTSD). Die woord ‘trauma’ is afgelei van die Griekse woord, *trauma*, wat beteken ‘wond’. Net soos wat fisiese trauma lyding kan veroorsaak as gevolg van fisiese verwonding, net so kan psigologiese trauma lyding veroorsaak deur die gedagtes en emosies van die slagoffer totaal te oorweldig. Verder is dit so dat PTSD normaalweg beskou word as ’n normale reaksie op ’n abnormale stresvolle situasie en dit word gediagnoseer wanneer simptome soos die volgende vir langer as ’n maand voortduur: intense vrees, hulpeloosheid of afgryse met betrekking tot ’n traumatiese ervaring wat impliseer

werklike of bedreigende dood, ernstige liggaamlike beserings of die bedreiging van die fisiese welstand van die persoon self of van ander (Weaver *et al.,* 2003:19).

In sy boek, Prophetic charisma: *The psychology of revolutionary religious personalities* (2015:15), skryf die sielkundige Len Oakes, wat self lid van ’n toksies-godsdienstige groep was, die volgende met betrekking tot die trauma vir die gemiddelde lid wat sulke groepe moet verlaat en probeer aanpas in ’n normale wêreld daar buite:

> There is great trauma associated with leaving, even for the successful follower. He has invested his deepest hopes in the leader, and leaving is like another leaving of home. There is a tremendous culture shock of reentry to the outside world, and many leavers enter therapy. Not even wealth and renewed contact with one’s family of origin can insulate against this. And most of all, that sense of purpose - the sense of being engaged in something vital and important - is gone.

Rosen (2014:12) verwys na die simptome waarmee talle voormalige kultuslede wortel nadat hulle sulke groepe verlaat het as *complex post-traumatic stress disorder (C-PTSD).* Omdat dit dus eintlik gaan oor gekompliseerde trauma is daar volgens hierdie outeur dikwels ’n gebrek aan erkenning ten opsigte van intensiteit en aard van die gevolge van betrokkenheid. Pynlike en traumatiese stresreaksies is onder andere heel dikwels deel van die gevolge. Volgens Rosen is dit dan ook meer gepas om dit te vergelyk met die ervaring van slagoffers wat deur ’n natuurramp soos ’n tornado of ’n aardbewing getref was – dit het die vermoë *“... to shake people's nervous systems in profound ways.”*

Hoffman en Hamburg (1989:154), twee psigiaters van die *Harvard Medical School*, skryf op grond van hul ervaring van die behandeling van voormalige kultuslede en beklemtoon die intensiteit van hul traumatiese ervarings – hulle vergelyk dit met die ervarings van voormalige gyselaars, gevangenes, vlugtelinge of diegene wat pas deur ’n egskeiding is of die dood van ’n huweliksmaat.

1.4 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

1.4.1 Agtergrond

Alhoewel daar enersyds ‘n onderskeid getref kan word tussen kerk, sekte[1] en kulte, is dit so dat andersyds die grense soms oorvleuel wanneer ’n godsdienstige groep in so ’n mate toksies raak dat dit heelparty van die tipiese kenmerke van kultes begin toon (soos reeds verwoord by 1.2.1). ‘n Kulte word deur Martin (1997:17) gedefinieer as ‘n groep mense wat saamgetrek is onder invloed van ‘n spesifieke persoon se misinterpretasie of ontkenning van die Bybel. Pretorius (1998:12,13) beskryf dit as ‘n groep met ’n godsdienstige basis en rigiede leierskap wat daarop aanspraak maak dat hulle ’n eksklusiewe openbaring van God ontvang het. Lede beskou die leier as ’n gesant van God en hierdie geestelike gesagsbasis word deur hom gebruik om die totale lotsbestemming (tydelik en ewiglik) van lede te probeer beheer. Lede volg op ’n robotagtige wyse alle riglyne omdat hulle onder die indruk gebring word dat hulle geen ander alternatief het nie aangesien hul ewige saligheid hiervan afhang. Buite hierdie uitverkore groep is daar geen redding nie aangesien hulle as die ware uitverkorenes van God beskou word (Van Rooy, 2002:5-13).

Vir lede om vasgevang te wees in ’n kulte impliseer eintlik ’n vorm van verslawing (Arterburn & Felton, 2001:103-104). Indien ‘n kultelid die kulte verlaat, het die oud-kultuslid meestal probleme om met ’n bepaalde lewenswyse en denkraamwerk te breek. Dit is ontwrigtend vir so ’n persoon en hulle is gewoonlik gedisoriënteerd (Venter, 1997:114-118, 315). As gevolg van hierdie problematiek kan ’n oud-kultelid moontlik ly aan ’n Post-Kulte-Trauma-Sindroom (PKTS). Dit is so dat alle mense van tyd tot tyd trauma beleef maar nie almal raak vasgevang in ‘n kulte met die gepaardgaande verslawing nie. As deel van die PKTS kan voormalige kultelede worstel met gevoelens van verwarring, verlies, woede, vernedering en ander emosies (Langone, 1993:208; Lindeque, 2006:3; Singer, 2003:257).

Die PKTS kan by ‘n oud-kultuslid ontstaan weens die feit dat hulle vasgevang was in ‘n kulte met ‘n kulteleier wat intelligent en charismaties is (Ross, 2014:136). ‘n Oud-kultuslid was verslaaf aan die groep en leier en deur middel van die kragtige instrument van vrees is daar beheer oor die lede uitgevoer – hierdie houvas is dan versterk deur

[1] ‘n Sekte word deur HAT soos volg verduidelik: ‘n Klein kerklike groep wat hom van ‘n grotere, gevestigde, ortodokse kerkgenootskap losmaak; afgesplitste geloofsgroep.

middel van die leier se posisie, mag en gesag (Martin, 1995:210). Leiers van sulke groepe het gewoonlik ook ‘n bepaalde samestelling van charisma, psigopatie (of ten minste narsisme) (Ross, 2014:67; Rosen, 2014:17) asook skisofreniese denke (Ross, 2014:57,58) en dikwels seksuele perversie (Steward, 2011:524-526). Bekende kulteleiers soos Jim Jones en David Koresh het byvoorbeeld oor hierdie tipe eienskappe beskik (Ross, 2014:66). Kulteleiers maak verder in besonder gebruik van groepsdruk ten einde hul kultiese doelwitte te bereik en in hierdie proses is dit dikwels as’t ware ‘n alternatiewe ‘christelikheid’ wat gevestig word (dit is inderdaad hier waar die toksiese aspek van godsdiens dan sterk na vore kom) (Coates, 2015:109). Die gesag of mag van die leier word stelselmatig uitgebou deur verskillende beheerstelsels waarin die kultuslid uiteindelik totaal vasgevang en gemanipuleer word – dit sou inderdaad beskryf kan word as die wese en kern van dit wat uiteindelik ’n toestand van PKTS tot gevolg het.

Omdat beheer deur middel van vrees so ’n kardinale rol vervul is dit belangrik om vervolgens te let op ’n verskeidenheid van beheerstelsels wat gewoonlik in mindere of meerdere mate deel van die proses is (Stoker, 1995:15; Stoker, 2011:1; Van Rooy, 2002:11; Venter, 1997:29). In hierdie verband kan daar op die volgende voorbeelde gewys word:

- Daar is sekere denkprosesse wat gevolg word soos byvoorbeeld die “*thought stopping technique*” waarin kritiek uitgeblok word asook “*closed mindness*” waar botsende gedagtes geakkommodeer word (Pretorius, 1996:82). Hierdie denkprosesse gee ‘n nuwe raamwerk deur middel van *“mind controll*” (Pretorius, 2004:614-619). `n Oud-kultuslid se hele lewe is deur hierdie stelsels beheers.

- Die volgende beheerstelsel is beheer oor gedrag en hierna word verwys as “*organization mindness*” (Stoker, 1995:62). ‘n Lid se gedrag was in pas met die optrede van die groep en die grense van die groep moes onder alle omstandighede eerbiedig word. Die oud-lid was onderhewig aan hierdie kultiese raamwerk uit vrees (Van Rooy, 2002:18).

- Die derde beheerstelsel is die emosie. Dit vorm ook deel van die kern-probleem rakende PKTS. Soos reeds vermeld word lede verslaaf en beheer

deur vrees en hierdie emosie word by al die beheerstelsels aangetref (Stoker, 2011). Vrees vir verwerping is gewoonlik ŉ baie sterk faktor terwyl skuldgevoelens, haat en vervolgingswaan gewoonlik ook sterk figureer (Martin, 1993:67; Stoker, 2011).

- Deur middel van die vierde beheerstelsel, naamlik inligting en omgewing, word alle inligting en moontlike insette vanuit die omgewing absoluut beheer. Die lid van ‘n kulte het ‘n vrees om nie die regte inligting te hê nie. Inligting bepaal jou keuses en so beheer ‘n kultusleier sy lede ten einde sy eie keuses onder alle omstandighede uit te oefen.

- ‘n Kultelid se denke word ook beheer omdat hulle taal en kommunikasie beheer word (Stoker, 1995:28; Stoker, 2011). Dit lei dan ook by kultelede tot ‘n vrees vir die verkeerde taalgebruik (Venter, 1997:23).

- Norme vir die kultelede kom van die leier aangesien hy optree as persoon met goddelike gesag. Hierdie waardesisteem word slaafs nagevolg en indien daar buite die waardesisteem beweeg word, dan is daar straf wat toegepas word.

- Die verlede word ook deur die kulte beheer. Dit vind plaas deur byvoorbeeld die lid se huidige siening van die verlede af te maak as ‘n leuen terwyl die kulte dan vir die kultelid die ‘regte’ siening op die verlede uitwys. As deel van die begeleidingsproses agterna is dit onder andere belangrik dat voormalige kultelede gewys moet word op die totale kerkgeskiedenis en die waarheid daaraan verbonde.

- Binne die kulte is die beheerstelsel oor die verlede belangrik, maar ook die beheerstelsel oor die toekoms. Die toekoms kan makliker gemanipuleer word as die verlede (Pretorius, 1996:92). Binne talle toksies-godsdienstige groepe word daar byvoorbeeld ‘n vrees geskep vir die wederkoms terwyl die hel as straf voorgehou word indien die kultusreëls oortree sou word.

- Die godsbeeld word ook deur die kulte beheer. Die kulteleier is die middelaar of profeet (mond) van God terwyl die groep God se organisasie op aarde is volgens die kulte se interpretasie.

- Individuele lede se verlossing word ‘beheer’ omdat hul godsbeeld beheer word deur die kulte. Die verlossing is in die hande van die kulteleier en die kultelede is verkneg uit vrees dat hul verlossing moontlik gekanselleer kan word. Werkheiligheid en verdienste dra gevolglik daartoe by dat kultuslede nooit honderd persent seker is van hul verlossing nie (Stoker, 2019:XII-XIII).

- Die Bybel word beheer terwyl buite-bybelse openbarings gebruik word. Die kulteleier gee ’n persoonlike interpretasie van die Bybel en openbarings ten einde sodoende ‘n verdere houvas op die lid en die groep te hê.

- Vanuit die Bybel en buite-bybelse openbarings word daar gewoonlik ’n aantal leerstellings vir ‘n kulte geformuleer. Hierdie leerstellings bind die groep saam en sonder hulle af van ander groepe. Hierdie leerstellings is dan in ’n sekere sin bo-bybelse leerstellings (*sacred science*; Lifton, 1961:427-429). Geen lid mag dit bevraagteken nie en dit het heel dikwels vrees tot gevolg.

- Die laaste voorbeeld ten opsigte van beheerstelsels is lidmaatskap. Vir ‘n kultelid is lidmaatskap van die groep ‘n voorvereiste vir toegang tot die hemel en daarom is die vrees om hel toe te gaan in plaas van die hemel, vir lede ‘n realiteit. Lede is ook inklusief deel van die groep en daarom kan ‘n lid ook nie self bedank nie, maar slegs geskors word (Stoker, 2011; Pretorius, 1996:100).

Vanuit die literatuur is dit duidelik dat kulteleiers met behulp van bovermelde tipe beheerstelsels ’n geweldige houvas verkry op lede van die groep. Hierdie beheer-stelsels word gebruik om ‘n kultelid met vrees te verkneg en indien voormalige kultelede nog sou worstel met soortgelyke vrese dan is die waarskynlikheid groot dat PKTS ook aan die orde is en dan is pastorale begeleiding nodig ten einde by heling uit te kom.

1.4.2 Besondere fokus van hierdie studie

Teen die breër agtergrond van toksies-godsdienstige groep sal die fokus in hierdie studie veral gerig wees op die traumatiese nagevolge in die lewe van voormalige kultelede (PKTS) met dan riglyne vir die nodige pastorale begeleiding.

Titkemeyer (2015) gee die volgende lys van tipiese simptome van PKTS (wat klaarblyklik afkomstig is vanaf Singer, 1979):

- Spontane huil.
- ’n Gevoel van rigtingloosheid en verlorenheid.
- Depressie en selfdood gedagtes.
- Vrees dat hulle God se wraak of verlies van saligheid sal beleef omdat hulle nie die kulte se wense nagekom het nie.
- Vervreemding van familie en vriende.
- Gevoelens van isolasie en eensaamheid omdat hulle omring word deur mense wat geen begrip het rakende die milieu van ’n kulte nie.
- Pynlike en oormatige ingesteldheid op reëls en regulasies wat van minder belang is.
- Paniek wat buite verhouding is met die persoon se omstandighede.
- Vrees dat hulle van hul verstand sal afgaan.
- Verwarring oor reg en verkeerd.
- Seksuele konflikte.
- Valse skuldgevoelens.

Margaret Singer (1979) wat een van die eerste navorsers was om PKTS by name te identifiseer en diagnoseer toon aan dat dit gekarakteriseer word deur ’n fase van emosionele opwelling nadat ’n lid weggebreek het vanaf ’n kultiese groep. Hierdie intens en dikwels botsende emosies word dikwels ook verder gekompliseer deur ’n rouproses met betrekking tot die positiewe aspekte wat ook prysgegee word soos byvoorbeeld die gevoel van aan ’n groep te behoort en deel te wees van hul missie en ideale. Singer beskryf vervolgens die proses waardeur voormalige lede gaan wat fases van akkommodering van al die veranderinge impliseer – hierdie fases is soortgelyk aan die rouproses na die verlies van ’n geliefde. In sommige gevalle sal lede weer terugkeer na die kulte of intens worstel met PKTS – die tipiese simptome van laasgenoemde is volgens Singer dieselfde as die lys hierbo vermeld deur Titkemeyer (2015). Bykomend tot hierdie lys is ook die vrees vir bose geeste wat beheer van jou lewe kan neem buite die kulte.

Cortny Stark (2019) bespreek ’n drie-fase begeleidingsmodel waarvolgens die traumatiese nagevolge van betrokkenheid by ’n kulte hanteer kan word. Die drie voorgestelde fases sal egter pastoraal aangepas en ingeklee moet word.

Rosen (2014) stel dat betrokkenheid by 'n kulte die potensiaal het om van die mees traumatiese ervarings te word wat enige persoon kan beleef. *"The adored leader, the traumatizing narcissist, perpetrates trauma using guilt and shame to dominate members and fulfill her needs."* En dan voeg Rosen (2014) verder by:

> Thus, many people born and raised in high-demand groups, or adults who have spent many years in groups that are isolated and controlling suffer from C-PTSD. C-PTSD is marked by significant problems in nervous-system regulation, identity confusion, avoidant addictive behaviors, and more severe depression than those with PTSD.

Volgens Rosen (2014) is die mees omvattende benadering om voormalige lede te begelei met betrekking tot die oorweldigende trauma wat ervaar is, is 'n standaard benadering binne die veld van trauma en oorspronklik gebaseer op die volgende vier-fase-model van Pierre Janet wat dit aanvanklik in 1919 vir die eerste keer voorgestel het: assessering, stabilisering, trauma prosessering en herintegrasie. Rosen bespreek vervolgens elk van hierdie fases en dit bevat verskeie bruikbare elemente ook vir die pastoraat – daar sal egter aanpassings moet plaasvind ten einde pastoraal geïntegreer te kan word.

Soos meer in detail bespreek onder 1.5.3 en 1.5.4, is daar spesifiek op pastorale gebied ook reeds sekere insette gemaak rakende die tema van PKTS wat bruikbaar is ten opsigte van die onderhawige studie. Voorbeelde in hierdie verband is die volgende:

- Coetzer, W.C. 2020b. *Die angel van toksiese godsdiens.*

  Die voorgestelde pastorale model dek die volgende ses areas: die belangrikheid van 'n ondersteuningsgroep; geestelike herstel; herstel ten opsigte van denkpatrone; sosiale herstel; fisiese herstel; voorkomende stappe vir die toekoms. Verskeie van die aspekte wat in hierdie model gemeld word sal ook van toepassing wees op PKTS, alhoewel die aspek van trauma en gekompliseerde trauma meer in detail hanteer sal moet word.

- Martin, P.R. 1995. *Post-cult recovery: assessment and rehabilitation.*

  Martin bespreek 'n drie-fase herstelproses vir voormalige kultuslede met

besondere klem op die aspek van trauma, as deel van die eerste fase. Dit is belangrik dat die voormalige lid begrip sal verkry ten opsigte van die effek van trauma en ook die invloed daarvan op hul algemene lewensbeskouing. Die waarde van Martin se benadering is dat dit pastoraal georiënteer is en ook baie omvattend. ’n Aspek soos die herontdekking van die Evangelie kry byvoorbeeld besondere klem tydens die begeleidingsproses.

- Johnson & Vanvonderen, 1991. *The subtle power of spiritual abuse.*
  Wanneer lede begin worstel met die vraag of hulle moet bly en of hulle moet wegbreek dan vergelyk Johnson & Vanvonderen (1991:214-232) dit met die bekende veg-of-vlug reaksie tydens ’n traumatiese ervaring. Daar is diegene wat na lang worsteling tot die gevolgtrekking kom dat hulle eerder moet uit beweeg en dit kan vergelyk word met die ‘vlug-reaksie’. Aan die ander kant is daar diegene wat besluit dat hulle moet bly – dit sal egter met spanning gepaard gaan. *“There will be a fight on the inside of you and probably also on the outside.”* Sinvolle praktiese riglyne word gegee terwyl die pastoraat deurgaans as basis funksioneer.

- Sinclair, N.D. 1993. *Horrific traumata. A pastoral response to the post-traumatic stress disorder.*
  Sinclair verwys onder andere na ’n aantal belangrike geestelike attribute wat noodsaaklik is vir ’n kragtige geestelike lewe en wat heel dikwels in die slag bly as gevolg van trauma. Voorbeelde is die volgende: hoop, intimiteit, verlies van die toekoms, verlies van vrede, verlies van helende geheue, verlies van spontaniteit, verlies van heelheid, verlies van onskuld, verlies van vertroue, en laastens wat hy noem, ‘*loss of awe’*. Met betrekking tot die bespreking van PKTS sal onder andere aan hierdie tipe verliese aandag gegee moet word.

Om saam te vat wat betref ’n pastorale benadering tot PKTS kan gestel word dat belangrike individuele momente reeds in die literatuur aan die orde gekom het (soos hierbo vermeld) maar dat daar inderdaad ’n behoefte is aan ’n meer volledig geïntegreerde benadering waar al die vermelde aspekte vanuit pastorale literatuur sowel as bruikbare psigologiese insette geïntegreer word in ’n multidissiplinêre en holistiese benadering – dit is die uiteindelike oogmerk van die onderhawige studie.

1.4.3 Probleemstelling

Die probleem kan ontstaan by ‘n oud-kultuslid wat die kultusgroep verlaat het, dat daar vrees en verslawing aanwesig is - met die agtergrondverduideliking soos reeds bespreek, is dit uitgewys. Voormalige kultuslede moet gevolglik gehelp word om van hierdie vrees en verslawing verlos te word sowel as die nodige ondersteuning ten opsigte van inskakeling in die samelewing en ook binne ’n gesonde kerklike groep (Singer, 2003:266). Om hierdie doelwitte te bereik sal pastorale begeleiding impliseer waar geestelike deprogrammering en herprogrammering ’n belangrike komponent sal wees. Op hierdie wyse poog hierdie navorsing om die problematiek rakende PKTS pastoraal te beantwoord.

1.5 LEEMTES IN BESTAANDE NAVORSING

1.5.1 Databasis

’n Uitgebreide elektroniese soektog is met die hulp van die Ferdinand Postma en die Jan Lion-Cachet (Teologiese) biblioteek uitgevoer deur gebruik te maak van die volgende rekenaar databasisse: NEXUS databasis; SAePublications; ProQuest; ATLAS (American Theological Library Association); EBSCOhost (Academic Search Elite Database); RNT (Religious and Theological Abstracts) ISAP (South African Journal Articals) & SABINET (SA Cat Publication), Biblioteekkatalogus en ’n uitgebreide webwerf soektog op Google Scholar.

1.5.2 Sleutelterme

Die sleutelterme in hierdie soektog was die volgende:
Afrikaans: Toksiese godsdiens, kultus, Post-Kulte-Trauma-Sindroom
Engels: Toxic religion, cult, Post-Cult-Trauma-Syndrome

1.5.3 Proefskrifte en verhandelinge

- Pretorius (1996) het in sy M.A.-studie ‘n ontleding van The Church of Scientology gedoen. Hy het die beweging beoordeel op grond van die volgende aspekte, nl. of dit ‘n godsdiens, kerk of kulte is. Hierdie studie het ‘n goeie ontleding gegee van die onderwerp. Hier ontbreek egter ‘n model om ‘n oud-kultuslid vanuit die verslawing na verlossing te begelei.

- Van Rooy (2002) het met sy Th.M.-studie die onderwerp bestudeer, naamlik *'n Missiologiese ondersoek na die werfkrag van kultusse*. In die studie konsentreer hy hoofsaaklik op 'n kulte en dié se werfkrag. Die fokus in hierdie studie is egter nie op pastorale begeleiding nie.

- Venter (1997) het 'n D-studie gedoen oor die tema, *Riglyne vir die ontwerp van 'n terapeutiese program vir oud-lede van destruktiewe kultusse*. In haar proefskrif beskryf sy die invloede van kultusse vanuit 'n opvoedingsielkundige oogpunt.

- Stoker (1995) het baanbrekerswerk gedoen met betrekking tot die ontleding van kultusse. Hy het sy navorsing veral toegespits op die Jehova-getuies - sy skopus is apologeties. In sy beredenering gee hy 'n baie goeie antwoord op hul dwaling maar daar ontbreek ook 'n spesifieke pastorale metode met behulp waarvan kultuslede uit hul verknegting gelei kan word.

- Lindeque (2006) het 'n pastorale studie gedoen met die tema, *Die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma*. Die skopus van hierdie studie is nie afgestem op 'n spesifieke trauma van 'n oud-kultuslid nie. Daar is egter raakpunte, maar daar is geen melding van PKTS nie. Daar word wel 'n metode om trauma te hanteer beredeneer - dit verg egter 'n spesifieke benadering om 'n oud-kultuslid pastoraal te begelei.

- Venter (1997) het 'n proefskrif ingedien by UNISA met die titel, *Riglyne vir die ontwerp van 'n terapeutiese program vir oudlede van destruktiewe kultes.* Die uitgangspunt van hierdie studie is dat die invloed wat psigiese beheer (*mind control*) op 'n persoon kan hê, tydens terapie in aanmerking geneem behoort te word. Daar is in die studie onder andere gefokus op gemeenskaplike kenmerke van kultusse asook van kulteleiers; nadele wat lidmaatskap kan inhou; gewysigde bewussyn wat aspekte raak soos dissosiasie, psigogene amnesie, depersonalisasie en derealisasie, en dissosiatiewe versteurings. Gedurende die literatuurstudie en persoonlike kontak met oud-kultuslede is bevind dat individue selfs jare na die beëindiging van lidmaatskap onder die gevolge van psigiese beheer ly. Dit wil voorkom asof die probleme nie opklaar voordat insig ontwikkel is in die wyse waarop misleiding en beheer plaasgevind het nie. Faktore wat vatbaarheid vir

werwing by kultusse kan verhoog, is bespreek en onderskeid is getref tussen die twee belangrikste beïnvloeding strategieë wat daar in kultusse kan bestaan, te wete breinspoeling en psigiese beheer. In hierdie studie is daar talle raakpunte met die onderhawige studie en die aspek van gewysigde bewussyn blyk besonder belangrik te wees. Die basiese leemte is egter die feit dat dit ontbreek aan spesifieke pastorale riglyne vir die hantering van die tersaaklike problematiek.

Vanuit die vermelde nagraadse studies blyk enersyds ŉ aantal raakvlakke met die onderhawige studie, andersyds blyk dat daar nie spesifiek ‘n pastorale metode ontwikkel is waarvolgens die PKTS-probleem hanteer kan word nie.

1.5.4 Tydskrif artikels en lesings

Verder is daar ook gefokus op verskillende artikels wat aansluit by ŉ moontlike pastorale benadering om PKTS te hanteer. In verskeie van hierdie artikels is daar raakpunte wat geïnkorporeer sal word in die onderhawige studie.

- Bruijnaers (2017) skryf ŉ artikel met die titel, *Geld, macht en seks: Een verkennend onderzoek naar schadelijke sektarische bewegingen in Nederland*. Hierin wys hy op die belangrikheid van geldmag en seks in sekte-/kultusbewegings in Nederland. Die artikel ontbreek egter aan pastorale perspektiewe.

- Coetzer (2010a) skryf ŉ artikel met die titel: *Pastorale begeleiding van die geestelik verwonde person.* Dit gaan oor persone wat in toksiese godsdienstige groepe vasgevang was en sinvolle riglyne word gebied wat ook op die onderhawige studie van toepassing sou kon wees. Dan het Coetzer ‘n tweede artikel gedurende 2010 gepubliseer met die titel, *Godsdiens: middel tot verslawing of tot heling?* Die fokus hier is onder andere op die negatiewe impak van godsdiens indien dit op ŉ toksiese wyse hanteer word, met dan ook weer praktiese riglyne vir die begeleiding van diegene wat uit so ŉ siek sisteem weggebreek het. Riglyne vir die spesifieke hantering van post-traumatiese stres ontbreek egter in beide hierdie artikels.

- Almendros, Carrobles en Carballeira (2009) skryf ‘n insiggewende artikel met die titel, *Reasons for leaving: psychological abuse and distress reported by former*

members of cultic groups. Hulle wys daarop dat oud-kultuslede oor die algemeen nie verstaan word nie. Die wyse om die probleem op te los word egter nie duidelik aan die orde gestel ten opsigte van ’n aspek soos gekompliseerde trauma nie. Weens die skopus van hierdie sielkundige studie, is ‘n pastorale metode uiteraard ook glad nie in die oog nie.

- Cumelia (2005a) het ’n treffende lesing gelewer by die tweejaarlikse internasionale konferensie van die *American Association of Christian Counselors*, in Nashville, Tennessee, op 28 September 2005. Die titel van sy lesing was, *Religious abuse: why, what, and how to help.* In hierdie aanbieding word ’n baie goeie empiriese beskrywing gegee van gevalle in die praktyk waarmee hy as leraar te doen gekry het en ook dan die praktiese begeleiding van sulke slagoffers. Die kwessie van PKTS kom egter nie aan die orde nie (vgl. ook Cumelia, 2005b).

- Darden (2005) het ‘n belangrike artikel gepubliseer met die titel, *Spiritual assessment and treatment strategies.* Darden is ’n pastorale sielkundige en in hierdie artikel word basies ‘n praktiese meetinstrument aan die orde gestel wat baie handig kan wees in die begeleiding van slagoffers wat betrokke was in toksiese godsdienstige sisteme. Die inhoud hiervan word in die vorm van `n geestelike inventaris in **Bylaag B** van hierdie studie opgeneem.

- S.P. Pretorius is iemand wat goed onderlê is met betrekking tot die veld van kultusse. Daar is aandag gegee aan sy MA verhandeling sowel as sy Proefskrif wat beide oor verskillende fasette van kultusse gehandel het. Dan is daar ook gelet op die volgende artikels wat hy gepubliseer het binne hierdie selfde konteks: *Mind control: the secret weapon utilised by religious cults to control their followers* (2004); *Establishing mutual ground that enables counseling of religious cult victims* (2007a); *Seemingly harmless new Christian religious movements in South Africa pose serious threats of spiritual abuse* (2007b); *The need to understand the emotions of anger, fear and guilt when counselling religious cult victims* (2008). Sinvolle perspektiewe met heelparty algemene raakpunte rakende die onderhawige studie is geïdentifiseer vanuit hierdie onderskeie bydraes alhoewel PKTS nie spesifiek hanteer word nie.

- Shelly Rosen (2014) skryf ’n baie tersaaklike artikel, *Cults: a natural disaster – Looking at cult involvement through a trauma lens.* Sy wys op die feit dat veral volwassenes wat in kultiese groepe betrek word agterna met post-traumatiese stres sindroom (PTSD) kan worstel asook met die simptome van gekompliseerde trauma aangesien dit ’n proses was wat gewoonlik oor ’n lang tydperk verloop het. Sy gee ’n lys van tipiese simptome waarmee voormalige lede kan worstel en vanuit ’n psigologiese oogpunt ’n goeie beskrywing van die effek van trauma. Gegewens soos hierdie sal egter pastoraal ingeklee moet word.

- Cortny Stark (2019) skryf ’n artikel met die titel, *Ritual abuse and developmental trauma: application of the triphasic model of trauma treatment in the case of “Sarah”.* In hierdie artikel is sinvolle raakpunte rakende die rol van trauma by slag-offers van kultusse. ’n Empiriese geval word gebruik (Sarah) ten einde die tipiese gevolge by volwasse oorlewendes van kinderjare kultiese misbruik te beskryf. Die rol van ontwikkelingstrauma-versteuring (*developmental trauma disorder*) soos verwoord deur die trauma kenner en psigiater, Dr Bessel van der Kolk (2009), word onder andere bespreek. Vervolgens word ’n drie-fase begeleidingsmodel bespreek (gebaseer op die trauma kenner, Judith Herman (1997), se benadering). Vanuit hierdie artikel is daar belangrike aspekte wat van toepassing is op die onderhawige studie – sodanige komponente sal egter ook geïntegreer moet word in ’n pastorale benadering.

- *Earl Henslin* (2011) het ’n hoofstuk geskryf met die titel, *Guilt-ridden baggage: The role of religious shame.* Dit het verskyn in die boek deur *Cloud, Townsend, Carder & Henslin* (2011) met die titel, *Unlocking your family patterns. Finding freedom from a hurtful past.* Vanuit meerderheid van die literatuur rakende toksiese godsdiens en kultusse blyk dat die aspekte van *skuldgevoelens* en *skaamte* kritiese belangrike faktore is wanneer lede van sulke groepe wegbreek. Hierdie betrokke hoofstuk beskryf hierdie aspekte in diepte en gee dan ook sinvolle riglyne rakende ’n pastorale begeleidings-strategie spesifiek met betrekking tot skuld en skaamte. Hier is inderdaad breë raakpunte wat geïnkorporeer kan word as deel van die pastorale begeleidingsproses.

- Martin (1995) het ’n hoofstuk geskryf met die titel, *Post-cult recovery: assessment and rehabilitation*. Dit het verskyn in Langone (1993) se boek, *Recovery from cults.*

Help for victims of psychological and spiritual abuse. Vanuit ’n pastorale vertrekpunt gee Martin ’n baie sinvolle en indiepte bespreking van ’n wegbreek strategie vir voormalige kultelede asook fases van herstel. Hy verdeel die herstelproses in drie groot fases met dan verskeie stappe onder elkeen. ’n Aspek wat besonder ter saaklik vir die onderhawige studie is, is byvoorbeeld sy bespreking van die impak van trauma as deel van die eerste fase.

- In ’n aanlyn artikel deur Henk Stoker (2011) met betrekking tot kultusse word die klem veral geplaas op ’n verskeidenheid van tegnieke en benaderings waardeur sulke groepe beheer oor mense en hul denke verkry. Met betrekking tot elk van hierdie tegnieke en strategieë word dan telkens die balans en die waarheid vanuit die Skrif aangetoon. ’n Volledige pastorale model met veral dan ook riglyne rakende PKTS ontbreek egter.

1.5.5 Boeke

Die volgende boeke en ook hoofstukke/artikels in sommige boeke het geblyk in mindere of meerdere mate van toepassing te wees op hierdie studie:

- Arterburn, S. & Felton, J. 2001. *Toxic faith. Experiencing healing from painful spiritual abuse.* Vanuit ’n pastorale vertrekpunt is hierdie boek baie belangrik aangesien dit onder andere gebaseer is op talle ervarings vanuit die begeleiding van slagoffers van toksiese godsdienstige groepe binne die *New Life Clinics* waar Stephen Arterburn aan die hoof staan. In hulle terapie volg hulle ’n multidissiplinêre benadering waarvan die pastoraat ’n belangrike komponent is. Aan die einde van die boek is ’n gedeelte met die titel, *Treatment and recovery*, waar ’n aantal goeie algemene riglyne geformuleer word vir die pastorale begeleiding van voormalige lede van toksies-godsdienstige groepe. Die aspek van PKTS word egter nie pertinent hanteer nie.
- Blue, K. 1993. *Healing spiritual abuse. How to break free from bad church experiences.* Hierdie boek bied `n goeie beskrywing van die tipiese situasie binne toksies-godsdienstige gemeenskappe waar stukkende leiers gaandeweg `n geweldige houvas op lede kry. Tipiese Skrifgedeeltes wat dikwels misbruik word, word bespreek asook die klem op leiers se behoeftes te koste van dié van lidmate

  – ook die feit dat mense gebruik word eerder as om hulle te dien. Tipiese simptome wat by lidmate lei tot kwesbaarheid kom ook aan die orde terwyl die problematiek

gekoppel aan die wegbreekproses ook bespreek word asook uiteindelike vryheid in Christus. Die tema van PKTS word nie hanteer nie.

- Booth, L. 1998. *When God becomes a drug. Breaking the chains of religious addiction and abuse.* As iemand met traumatiese kinderjare as gevolg van `n alkoholiese pa en ook toksiese godsdiens, word Leo Booth uiteindelik `n Rooms Katolieke priester in 'n soeke na antwoorde. As gevolg van sy onverwerkte trauma raak hy egter uiteindelik verslaaf aan drank en eers na behandeling en berading kon hy by ware vryheid uitkom. Hy gee `n treffende beskrywing van die gevolge van toksiese godsdiens en hy gebruik dan ook die frase van 'godsdienstige verslawing' in hierdie verband.

- Coetzer, W.C. 2020b. *Die angel van toksiese godsdiens.* Vir die pastoraat is hierdie publikasie belangrik. Enersyds gee dit 'n goeie beskrywing van die kenmerke van toksiese godsdiens, aanleidende oorsake, bydraende faktore tot kwesbaarheid en ook die proses van verslawing en verwonding. Andersyds word die wegbreekproses beskryf asook 'n pastorale model vir die begeleiding van slagoffers. Alhoewel die klem nie soseer op PKTS is nie sal sekere aspekte van hierdie voorgestelde model geïnkorporeer kan word in riglyne wat ook op PKTS van toepassing is.

- Dupont, M.A. 2004. *Toxic churches. Restoration from spiritual abuse.* Dupont gee `n baie goeie pastorale uiteensetting van die problematiek rakende toksiese godsdiens. Leiers gebruik dikwels lidmate om te kompenseer vir eie pyn en gebreke. Mag word in die proses misbruik met fatale gevolge soos onder andere mense se vertroue in God wat afgetakel word. Die outeur toon verder aan hoedat die patroon binne 'n disfunksionele kerk of groep meestal ook ooreenstem met soortgelyke disfunksionele patrone binne die milieu waarbinne sekere persone opgegroei het. Hierdie sieklike basis wat dus vroeg reeds gevestig is, maak so 'n verwonde individu later kwesbaar om binne godsdienstige disfunksionele sisteme ingetrek en misbruik te word. Goeie praktiese riglyne aan die hand van Skriftuurlike beginsels word vervolgens bespreek met betrekking tot die helingsproses van slagoffers alhoewel die aspek van PKTS nie pertinent vermeld word nie.

- Enroth, R.M. 1993. *Churches that abuse*.
  Enroth bied 'n beskrywing rakende die tipiese problematiek gekoppel aan geestelike misbruik. Die letsels is gewoonlik nie op die liggaam nie maar op die

psige en die siel van slagoffers. Die oorwegende kenmerk van hierdie groepe is beheer/kontrole georiënteerde leierskap – verder ook misbruik van geestelike outoriteit. Verskillende tegnieke van beheer word bespreek asook die kompleksiteit van ’n moontlike webreekproses, met heel dikwels ’n magdom van skuldgevoelens. In hierdie boek word egter nie ’n spesifieke pastorale model gebied vir die begeleiding van slagoffers nie.

- Johnson & Vanvonderen, 1991. *The subtle power of spiritual abuse*
  In hierdie boek word ’n deeglike beskrywing gegee van die situasie binne toksiese kerke asook die aanleidende oorsake waardeur mense kwesbaar raak; ook die tipiese strategieë deur stukkende leiers om beheer uit te oefen. Wat van belang is vir die onderhawige studie is die laaste gedeelte van die boek waar die fokus val op wat genoem word, *post-abuse recovery.* Hier is heelparty raakpunte met die aspek van *Post-Kulte-Trauma-Sindroom* waarop die onderhawige studie veral gefokus is.

- Langone, 1993. *Recovery from Cults.*
  Langone het as redakteur opgetree vir die samestelling van 20 bydraes in hierdie boek deur verskillende outoriteite op die gebied van kultusse en ook geestelike misbruik. Die tweede afdeling van die boek het die subtitel, *Leaving cults*, en die derde afdeling, *Facilitating recovery*. Bydraes in veral hierdie twee afdelings bevat heelparty raakpunte met die tema van die onderhawige studie. So het Giambalvo byvoorbeeld in hfst 7 die tersaaklike tema hanteer van *Post-cult problems: An exit counselor’s perspective.*

- Wright (2001). *Religious abuse. A pastor explores the many ways religion can hurt as well as heal*
  Vanuit sy ervaring as pastor skryf Wright oor die tema van godsdienstige misbruik. Hy gebruik ook die frase van ‘godsdiensverslawing’ en stel dat mense soms ’n kerklike gemeenskap moet verlaat omdat godsdiens vir hulle soos ’n dwelm geword het. Hier is baie goeie algemene riglyne in die boek maar nie ’n spesifieke pastorale model nie.

- Sinclair, N.D. 1993. *Horrific traumata. A pastoral response to the post-traumatic stress disorder.*

  In hierdie boek bespreek Sinclair verskillende aspekte rakende trauma en die gevolge daarvan. Die titel van hoofstuk 9 is *Post-traumatic stress disorder – a*

spiritual diagnosis, en in hierdie hoofstuk is ’n aantal perspektiewe met raakpunte ten opsigte van die tema van Post-Kulte-Trauma-Sindroom en wat in ’n pastorale model geïnkorporeer kan word.

Samevattend met betrekking tot die bespreking van bovermelde artikels, hoofstukke boeke en verhandelinge/proefskrifte kan gestel word dat daar ’n aantal belangrike perspektiewe geïdentifiseer is met sekere raakpunte betreffende die onderhawige studie. Met betrekking tot die spesifieke aspek van post-trauma-kultus-sindroom is daar egter relatief min gegewens gekoppel aan ’n spesifieke pastorale model vir die begeleiding van persone wat in kultusse en toksiese godsdienstige groepe betrokke was. In die onderhawige studie sal daar dus gepoog word om vanuit ’n pastorale vertrekpunt riglyne te identifiseer waarvolgens slagoffers van toksiese godsdiens begelei kan word, met besondere verwysing na die aspek van PKTS.

1.6 NAVORSINGSVRAAG

1.6.1 Oorkoepelende navorsingsvraag

Watter pastorale riglyne kan geformuleer word met die oog op die begeleiding van diegene wat vasgevang was in toksiese godsdiens, met besondere verwysing na Post-kulte-trauma-sindroom?

1.6.2 Subvrae wat vanuit die oorkoepelende navorsingsvraag voortvloei

- Wat openbaar ’n deskriptiewe studie met betrekking tot die begeleiding van diegene wat vasgevang was in toksiese godsdiens, met besondere verwysing na PKTS? (Aansluitend by Osmer (2008:4) se deskriptiewe vraag: *“Wat is besig om te gebeur”?*).
- Watter navorsingsresultate vanuit die aanverwante wetenskappe kan van hulp wees met betrekking tot die begeleiding van diegene wat vasgevang was in toksiese godsdiens, met besondere verwysing na PKTS? (Aansluitend by Osmer (2008:4) se interpreterende vraag: *“Waarom het dit gebeur?*”).
- Watter Skriftuurlike perspektiewe kan van toepassing gemaak word op die begeleiding van diegene wat vasgevang was in toksiese godsdiens, met besondere verwysing na PKTS? (Aansluitend by Osmer (2008:4) se normatiewe vraag: *“Wat behoort hier te gebeur”?*).

- Watter insette vanuit die navorsing kan as strategiese merkers gebruik word in die formulering van pastorale riglyne vir die begeleiding van diegene wat vasgevang was in toksiese godsdiens, met besondere verwysing na PKTS? (aansluitend by Osmer (2008:4) se pragmatiese vraag: *"Wat behoort te verander?"*).

1.7 DOESTELLING EN DOELWITTE

1.7.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om pastorale riglyne te identifiseer vir die begeleiding van diegene wat vasgevang was in toksiese godsdiens, met besondere verwysing na PKTS.

Ten einde die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie te bereik, sal die fokus op die volgende vier sub-doelwitte wees:

1.7.2 Doelwitte

- ***Die deskriptiewe taak.*** Om deur 'n deskriptiewe studie die situasie te beskryf van diegene wat vasgevang was in toksiese godsdiens, met besondere verwysing na PKTS? (Osmer, 2008:4).

- ***Die interpreterende taak.*** Om met behulp van 'n literatuurstudie aan te toon watter perspektiewe aangaande toksiese godsdiens, met besondere verwysing na PKTS, vanuit die aanverwante wetenskappe geïdentifiseer kan word. Verder gaan dit oor hoe hierdie perspektiewe geïnkorporeer kan word in die formulering van pastorale riglyne vir die begeleiding van oud-kultelede (Osmer, 2008:6-8). Daar sal in besonder ook in gesprek getree word met die dissiplines van psigologie en opvoedkunde.

- ***Die normatiewe taak.*** Om vas te stel watter Skriftuurlike perspektiewe geïdentifiseer kan word met betrekking tot die begeleiding van diegene wat vasgevang was in toksiese godsdiens, met besondere verwysing na PKTS? (Osmer, 2008:8-10). Skriftuurlike perspektiewe veral met betrekking tot temas soos vrees, verslawing en verlossing sal aan die orde kom.

- ***Die pragmatiese taak*** (strategies-teoretiese moment). Om deur ’n kritiese sintese van die voorafgaande navorsing in interaksie met mekaar, ‘n pastorale teoretiese raamwerk te formuleer vir die begeleiding van diegene wat vasgevang was in toksiese godsdiens, met besondere verwysing na PKTS (Osmer, 2008:10-11).

1.8 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat pastorale riglyne geformuleer kan word vir die begeleiding van diegene wat vasgevang was in toksiese godsdiens, met besondere verwysing na PKTS.

1.9 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Nadat daar ook na ander benaderings binne die vel van Praktiese Teologie gekyk is, is daar besluit om in hierdie studie gebruik te maak van Richard Osmer (2008:4) se vier-take-benadering as ’n hermeneutiese proses. Die redes en motivering vir hierdie besluit is die volgende:

- Osmer se doelwit om kerklike leiers te betrek in die prakties-teologiese interpretasie van situasies, episodes en kontekste wat van toepassing is op kerklike gemeentes en lede is vernuwend en verfrissend. *“This model of doing theology ‘in ministry’ would be an invaluable skill for all pastors to master”* (Smith, 2010:107).
- Sy viervoudige benadering van prakties-teologiese denke is op sigself ‘n ongekompliseerde tegniek. Selfs sonder formele teologiese opleiding sou kerklike leiers in ’n groot mate kan baat deur grondige besinning oor Osmer se vier basiese vrae: Wat is aan die gebeur? Waarom is dit besig om te gebeur? Wat behoort te gebeur? Hoe behoort ons te reageer?
- Osmer se benadering tot die deskriptiewe empiriese taak is veral prakties haalbaar en toepaslik binne die pastoraat.
- In vergelyking met ander standaard handboeke binne die terrein van pastoraat is Osmer se boek verrassend lesersvriendelik. Hy slaag daarin om ‘n gesonde balans te handhaaf deur enersyds stewige akademiese vertrekpunte, sonder om andersyds die leser te oorlaai met ingewikkelde tegniese en akademiese terminologie en filosofie.

- Daar kan inderdaad ondersteuning gegee word aan Osmer se pleidooi aan die teologie vir ‘n wegbreek vanaf ‘n ‘silo-mentaliteit’ waar daar ‘n oorbeklemtoning is van gespesialiseerde subdissiplines. Die uitdaging is gevolglik tot ‘n meer geïntegreerde model van teologiese interpretasie, *“... training thinking practitioners who can serve the church effectively as exegetes of the world and the word”* (Smith, 2010:107).
- Osmer se hermeneutiese interpretasie blyk tans een van die toonaangewende modelle te wees (vgl. Miller-McLemore, 2012:502).
- Elke model beskik oor sterk- en swakpunte, soos benadruk deur Babbie (2011:91). Die navorser se keuse vir die model van Osmer hou dan ook verband met Osmer se praktiese benadering van te verklaar en daarna te verstaan - daarmee saam ook die formulering van etiese norme waarop verandering kan volg wat verantwoordbaar is. Vir hierdie verandering wat nagestreef behoort te word dien die Priesterlike-, Koninklike- en Profetiese roeping van Christus vervolgens as riglyn (vgl. Osmer, 2008:29).
- Die navorsingsfokus, asook die gerigtheid van die studie bring vervolgens mee dat hierdie model met die hermeneutiese wisselwerking tussen die onderskeie fases, met betrekking tot die onderhawige studie as die mees toepaslike geag word.

Sruktureel sien Osmer se benadering soos volg daar uit (De Macedo, 2018:12, 21, 22; Osmer, 2008:11):



1.9.1 Osmer se deskriptiewe taak

Die eerste taak volgens Osmer se model, is die deskriptiewe taak. Dit kan saamgevat word met die vraag: *“Wat is aan die gebeur?”* (Osmer, 2008:4; De Macedo, 2018:19-

22). By die Post-Kulte-Trauma-Sindroom sluit dit sake in soos die praktiese konteks van ‘n kultuslid, asook hoe die verbintenis met die kulte ontplooi is om afhanklikheid by die persoon te skep. Dit wil insig gee in die beheerstelsels waaraan die kultuslid onderhewig was en wat steeds ‘n invloed het en hanteer moet word wanneer die persoon die kulte verlaat.

1.9.2 Osmer se interpreterende taak

Die volgende navorsingstaak is die interpretasie, naamlik waarom dit wat gebeur het en besig is op te gebeur, wel so gerealiseer het en steeds realiseer (De Macedo, 2018:11). Perspektiewe en navorsingsresultate van aangrensende wetenskappe word onder andere van gebruik gemaak om die oorsake wat tot die huidige situasie aanleiding gegee het te verstaan (Niemann, 2017:15). Hier sal onder andere sterk gesteun word op bydraes vanuit die psigologie en opvoedkunde. As deel van hierdie tweede taak sal onder andere gefokus word op wat dit behels wanneer ’n oud-kultuslid aan die wortel is met PKTS.

1.9.3 Osmer se normatiewe taak

Die derde navorsingstaak is die normatiewe taak (Osmer, 2008:129). Die normatiewe taak vertrek vanuit ‘n Skriftuurlike basis alhoewel Osmer (2008:170) ook ander dissiplines bytrek. Wanneer hy ander dissiplines bytrek dan is dit steeds met die verstandhouding dat die normatiewe fase in die breë verband hou met die stem van die kerk deur die eeue (Bybel, filosofie, etiek, ens.). Dit laat die feit oop om naas die Skrif ook parallelle etiese beginsels neer te lê (De Macedo, 2018:14). Alhoewel Skriftuurlike beginsels nooit verander nie moet dit egter steeds verder in die Christelike teologie uitgewerk word om vas te stel watter norme van toepassing is ten einde die verlangde of korrekte situasie (konteks) te interpreteer en te beskryf. Die vraag wat met hierdie derde fase beantwoord word, is wat behoort te gebeur (De Klerk & De Wet, 2013:278; De Macedo, 2018:91). Wat die oud-kultuslid betref sal dit sake insluit soos die pastorale riglyne wat sal geld wanneer daar ’n begeleidingspad met die slagoffer gestap word en insigte, konsepte en vertrekpunte vanuit die Bybel sal hier prominent figureer.

1.9.4 Osmer se strategies-teoretiese taak

Die vierde navorsingstaak (Osmer, 2008:175) is ‘n pragmatiese of strategiese taak. Die vraag is *“how might we respond?”* (De Macedo, 2018:11) ’n Pragmatiese taak

behels die formulering en implementering van ’n strategie of aksieplan vir die oplossing van die probleem wat in die deskriptiewe taak geformuleer is en kan saamgevat word met die vraag hoe die saak nou hanteer behoort te word – in hierdie geval, die terapeutiese proses. Terwyl die fokus van hoofstuk 2 veral val op die verstaan van die situasie van ‘n oudkultuslid en die Post-kulte-trauma-sindroom sal in hoofstuk 3 aandag gegee word aan hierdie vierde navorsingstaak en praktiese riglyne voorgelê word vir die begeleiding van oud-kultuslede wie aan die worstel is met PKTS ten einde sodanig te herstel dat met ‘n gebalanseerde lewe voortgegaan kan word en selfs weer sonder vrees by ‘n kerklike gemeenskap ingeskakel kan word.

Hierdie navorsing word gegrond op ’n Christelik-Gereformeerde verstaan van die Bybel as Woord van God en vertrekpunt van pastorale metodologie. Die Lig van die Woord moet op die probleem van PKTS skyn. Die probleem van `n oud-kultuslid wat worstel met PKTS, moet dan prakties deur sekere pastorale prosesse geneem word.

1.9.5 Literatuurstudie

Die navorsing word gedoen deur middel van ’n literatuurstudie. ’n Literatuurstudie tesame met kritiese beredenering en bespreking word deur Louw (2014:75) as ’n aanvaarbare navorsingsbenadering binne die terrein van die praktiese teologie beskou. ’n Literatuurstudie impliseer ook ’n integrale deel van navorsing volgens De Vos, Strydom, Fouche en Delport (2011:123). Die volgende aspekte is verder ook van belang met betrekking tot ’n literatuurstudie:

- ‘n Logiese raamwerk word gebied waar die navorsing tesame met die toepaslike literatuur hanteer word binne die konteks van verwante studies asook binne ’n tradisie van ondersoek (Marshall & Rossman, 1995:43).
- Die fondasie vir suksesvolle navorsing word deur ’n literatuurstudie gelê (Rubin & Babbie, 2001:120).
- Kredietwaardigheid word aan navorsing gebied deur middel van ’n literatuurstudie (Neuman, 2000:446).
- Kundiges en leiers binne ’n bepaalde studieveld word deur ’n literatuurstudie geïdentifiseer. Op hierdie wyse raak die navorser ook bekend met gesaghebbende teorieë, huidige kennis, definisies en sleutelkonsepte binne die bepaalde studieveld (Marshall & Rossman, 1995:43).

1.10 ETIESE OORWEGINGS

Daar is ’n lae risiko aan die studie verbonde, aangesien dit ’n literatuurstudie is en die risiko minimaal is.

1.11 ENKELE TEGNIESE ASPEKTE

- Afkortings van Bybelboekname word gebruik soos wat dit aangetoon word voor in die 83’ Amptelike Afrikaanse Vertaling
- Wanneer daar na die manlike geslagsvorm verwys word, sluit dit telkens outomaties ook die vroulike geslagsvorm in.

1.12 HOOFSTUK INDELING

Opsomming

Abstract

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1 - Inleiding (navorsingsvoorstel).

Hoofstuk 2 - Artikel 1: Post-kulte-trauma-sindroom.

Hoofstuk 3 - Artikel 2: Pastorale riglyne om die Post-kulte-trauma-sindroom te hanteer.

Hoofstuk 4 - Samevatting en gevolgtrekkings.

Bylaag A - Henslin se vraelys met betrekking tot godsdienstige skaamte.

Bylaag B - Remuda Ranch se geestelike inventaris.

Bylaag C - My ware identiteit in Christus.

Bylaag D - Drie waarhede oor my identiteit in Christus.

Bylaag E - Agtergrond inventaris.

Bylaag F - Die waarheid vervang die leuen.

Bylaag G - Belydenis deur toksiese kerkleiers.

Bronnelys

HOOFSTUK 2
POST-KULTE-TRAUMA-SINDROOM: ‘N PASTORALE STUDIE

Alle mense beleef een of ander tyd trauma. Dit kom in verskillende vorme soos die dood van ‘n geliefde, ‘n siekte of ongeluk, terreur, verloor van werk of aftrede. Die kerk word gewoonlik gesien as ‘n plek waarheen iemand kan gaan met sy of haar trauma-belewing. Wanneer iemand egter van kerk sou verwissel, word dit nie normaal-weg met trauma in verband gebring nie – selfs nie eers as die persoon uit ‘n godsdienstige groep kom wat baie sterk beheer oor hom uitgeoefen het nie. Die verwarring, gevoel van verlies, woede, vernedering en ander emosies wat egter ervaar word wanneer iemand uit so ’n toksiese milieu kom, is van so ‘n aard dat daar ‘n term daaraan gekoppel word, naamlik Post-kulte-trauma-sindroom (PKTS). Dit is op die verstaan van hierdie Post-kulte-trauma-sindroom wat hierdie artikel fokus.

2.1. INLEIDENDE PERSPEKTIEWE

‘n Kulte is ‘n godsdienstige groep wat beheer uitoefen oor hul lede se tydelike en ewige bestemmings. Vir ‘n kultelid om los te kom uit so ‘n uitermate manipulerende groep is nie maklik nie, aangesien die kulteleier beheer uitoefen oor lede se gedrag, denke, emosies, inligting, omgewing, taal, norme, geskiedenis, siening van God, verlossing, interpretasie van die Bybel, leerstellings en lidmaatskap (Stoker, 2011:1).

Trauma beteken 'verwonding' of 'beskadiging' volgens Coetzer (2013:32) en Van Wijk (2010:17). Die ontwrigting en disoriëntasie indien ‘n lid ‘n kultegroep verlaat, gaan gewoonlik met vrees gepaard.

As dit kom by die begrip “Sindroom”, is dit ‘n begrip wat veral in die mediese wetenskap voorkom.[1] Dit gaan oor ’n kompleks van verskynsels, kenmerkend van ’n siekte-toestand, liggaamlik of emosioneel. Die siektetoestand word gevolglik herken aan die “simptome” [2] (Odendaal e.a., 1985:965).

[1] Sindrome: 1 : a group of signs and symptoms that occur together and characterize a particular abnormality or condition. 2 : a set of concurrent things (such as emotions or actions) that usually form an identifiable pattern. *https://www.merriam-webster.com/dictionary/syndrome*

So het die Post-kulte-trauma-sindroom sekere simptome. Hierdie simptome is onder andere ‘n gevoel van verlies, verwerping, vrees, depressie, willoosheid, eensaamheid, isolasie, vertrouensbreuk, bedreiging, skuldgevoelens, selfbejammering, woede, asook verwarring ten opsigte van die waarheid en onderdrukking van gevoel (Coates, 2012:189; Venter, 1997:114-118, 315).

2.2 METODOLOGIE

As navorsingsmodel word van Osmer se vier take model gebruikgemaak. In hoofstuk 1 is hierdie vier take reeds in detail hanteer en vervolgens word hulle net weer baie kompak opgesom.

Die eerste navorsingstaak wat navorsers volgens Osmer se model het, is die beskrywende taak. Dit kan saamgevat word met die vraag: “*Wat is aan die gebeur*?” (Osmer, 2008:4). By die post-kulte-sindroom sluit dit sake in soos die praktiese konteks van ‘n kultelid, asook hoe die verbintenis met die kulte ontplooi is om afhanklikheid by die persoon te skep. Verder wil dit ook insig gee in die beheerstelsels waaraan die kultelid onderhewig was en wat steeds ‘n invloed sou kon hê en gevolglik hanteer moet word wanneer die persoon die kulte verlaat.

Die tweede navorsingstaak is dié van interpretasie, naamlik waarom dit wat gebeur het en besig is om te gebeur, (*why is it going on?* De Macedo, 2018:11) wel so gerealiseer het en steeds realiseer. Hier word onder andere gebruik gemaak van perspektiewe en navorsingsresultate van aangrensende wetenskappe om die oorsake wat tot die huidige situasie aanleiding gegee het, te verstaan (Niemann, 2017:15).

Die derde navorsingstaak is die normatiewe taak (Osmer, 2008:129). Die normatiewe taak vertrek vanuit ‘n basis-teoretiese vertrekpunt en Skriftuurlike beginsels is hier belangrik. Alhoewel Osmer (2008:170) onder hierdie kategorie ook perspektiewe vanuit ander vakwetenskappe bybring (De Macedo, 2018:14), word daar in hierdie studie slegs op die Woord gefokus. Die vraag wat hier aan die orde kom, is: “*Wat behoort te gebeur?”* (Letšosa, 2013:278; De Macedo, 2018:91). Wat die oud-kultelid betref, sal dit onder andere aspekte insluit soos die tipe begeleiding wat nodig is en

die kwessies wat hanteer moet word ten einde geestelike heling en balans te kan ervaar.

Die vierde navorsingstaak (Osmer, 2008:175) is ‘n pragmatiese of strategiese taak. Die tersaaklike vraag hier is: *“Hoe moet ons reageer?”* (De Macedo, 2018:11) ’n Pragmatiese taak behels die formulering en implementering van ’n strategie of aksieplan vir die oplossing van die probleem wat in die empiries-beskrywende taak geformuleer is en verder ook verwoord is in die interpretatiewe en normatiewe take. Terwyl die fokus van hierdie artikel veral val op die verstaan van die situasie van ‘n oudlid en die Post-kulte-trauma-sindroom (die eerste drie take van Osmer), sal in ‘n volgende artikel (hoofstuk 3) aandag gegee word aan die vierde navorsingstaak en ‘n praktiese model voorgelê word vir die begeleiding van oud-kultelede om sodanig te herstel dat met ‘n gebalanseerde lewe voortgegaan kan word en selfs weer sonder vrees by ‘n kerklike gemeenskap ingeskakel kan word.

Daar word vervolgens gelet op elk van Osmer se eerste drie take, eerstens die beskrywende taak.

2.3 DIE BESKRYWENDE TAAK

Die beskrywende taak is om ‘n maatstaf aan te lê om ‘n kulte te verstaan en te beoordeel, juis ten opsigte van die beheer en mishandeling wat plaasvind en hanteer moet word wanneer die lid die kulte verlaat. Hierdie mishandeling word beskryf deur Johnson en Van Vonderen (1991:20):

> Spiritual abuse is the mistreatment of a person who is in need of help, support or greater spiritual empowerment, with the result of weakening, undermining or decreasing that person’s spiritual empowerment.

Dit is ‘n progessiewe proses van verslawing totdat ‘n lid ten volle in die web van die kulte vasgevang is – hierdie proses geskied onder andere deur “*love bombing*” (Pretorius, 2008:265). Hierdie beheerstelsels is niks anders as instrumente van verslawing nie. Indien ‘n kultelid die kulte verlaat, is dit in sekere opsigte nog steeds van toepassing tensy so ’n persoon die nodige begeleiding ontvang ten einde ook emosioneel en geestelik vry te kan kom.

Die manipulerende invloed van die kulteleier word vervolgens eerstens beskryf en daarna die beheerstelsels wat gebruik word. Op hierdie wyse word die kernvraag van die deskriptiewe taak beantwoord, naamlik: "*Wat gaan aan?"* (De Macedo, 2018:11, 22; Osmer, 2008:4).

Die navorser sluit veral aan in die beskrywende taak by navorsing van kultekenners wat besondere baanbrekerswerk in Suid-Afrika gedoen het in die kulteveld, naamlik Pretorius (1996; 2004; 2007a; 2007b; 2008), Stoker (1995; 2011; 2019), Van Rooy (2002) en Venter (1997).

2.3.1 Die funksionering van 'n kulteleier

2.3.1.1 Inleiding

Om 'n kulte reg te verstaan, is dit belangrik om te kyk na die kulteleier en sy rol, aangesien die psigologies-sosiologiese definisie van 'n kulte juis is dat dit 'n groep is wat lede se lewe op 'n ongesonde wyse beheer en manipuleer.

Die kulteleier is uiteindelik die persoon wat die groep hanteer en so beïnvloed dat hulle sy mening en opdragte slaafs navolg (Martin, 1993:21). Om dit te bewerkstellig binne 'n gods-dienstige kulte, maak die kulteleier gewoonlik daarop aanspraak dat hy spesiaal gekies is deur God en as spreekbuis en profeet van Hom optree. Die leier sien homself as God se verteenwoordiger (profeet) op aarde en in hierdie opsig dan ook as 'n middelaar. Dit wat gedoen word, is God se plan met die groep en daarom is die groepe as't ware uitgelewer aan die leier wat bepaal wat reg en verkeerd is (Ward, 2011:903,905).

Hoewel daar verskeie faktore is wat bydra tot die psigiese beheer oor kultelede, is die leier se persoonlikheid en die hoëre doel van die groep dit wat telkens uitstaan (Weightman, 2012).

Venter (1997:39) identifiseer die volgende drie faktore wat besonderlik 'n rol speel in die invloed wat die leier het:

- Uitoefening van gesag en leierskapstyl
- Persoonlikheid van die leier
- Relasies met groepslede en die buitewêreld

2.3.1.2 Die uitoefening van gesag en leierskapstyl

Leierskap kan basies op drie wyses plaasvind, naamlik outokratiese-, demokratiese- en die laissez-faire-leier (Venter, 1997:40). Die laaste twee wyses is nie op hierdie studie van toepassing nie en word dus nie bespreek nie.

Die Outokraat: Die leier het alle mag in sy hand en hy tree op as ’n outokraat. Dit word ook totalitêre leierskap genoem (Ross, 2014:123). Hy bepaal beleid, besleg geskille en beloon of straf. Die leier is in die sentrum en alle kommunikasie gaan deur hom. Die gevolg is ‘n hoë lading van aggressie, wantroue, vrees en agterdog ten opsigte van mekaar en die leier.

Die wyse waarop ‘n kulte bestuur en beheer word, is deur middel van ‘n outokratiese leierskapstyl wat impliseer dat gesag absoluut is en dat daar onder alle omstandighede aan die outokraat se wil voldoen moet word – dit loop gewoonlik dan ook hand aan hand met ‘n streng hiërargiese struktuur (Danley, 2004:5; Singer, 2003:255; Stein, 2015:4; Venter, 1997:41). Indien daar meer as een leier is, is daar wel die moontlikheid van demokratiese besluitneming in hierdie elite-groep, maar selfs dit gebeur selde. As die sogenaamde woordvoerder van God, kan die kulteleier wat aan die hoof staan, nie teëgegaan word nie (Stoker, 2019:xii).

Venter (1997:41) wys op vier vlakke van gesag wat in ‘n kulte ter sprake is. Dit kan in die vorm van ‘n piramide soos volg uitgebeeld word:

Figuur 1: Vier vlakke van gesag wat in ‘n kulte ter sprake is (Venter 1997:41. Sien ook Stein, 2015:5)

2.3.1.3 Persoonlikheid van die leier

'n Kulte en meer bepaald 'n godsdienstige kulte (toksiese godsdiens), sentreer rondom die persoon van die kulteleier. Ten opsigte van 'n kulteleier kan daar baie moeilik onderskei word tussen saak en persoon omdat hy totale beheer, mag en seggenskap het.

Ross (2014:133) wys soos Venter (1997:44) daarop dat in feitlik al die kultes, die kulteleier op 'n outokratiese wyse (-styl) funksioneer, want hy is self 'n outokraat. Jim Jones is 'n voorbeeld van 'n kulteleier wat deur sy outokratiese leierskap honderde van sy volgelinge na selfmoord gelei (Ross, 2014:6). Die kulteleier het absolute gesag en die volgelinge volg hom sonder om hom te bevraagteken. So hou 'n kulteleier ook sy volgelinge onmondig. In die oë van die volgelinge kom die kulteleier ook as bomenslik voor.

Navorsers wat die gedrag van kulteleiers bestudeer, vind universele karaktertrekke by hulle. So word bykans by almal psigopatie (of ten minste narsisisme – Ross, 2014:67,123; Rosen, 2014:17), skisofreniese denke (Ross, 2014:57-58) en by baie leiers ook seksuele perversie aangetref (Steward, 2011:524-526). 'n Persoon soos Jim Jones van die *People's Temple* en Vernon Howell, alias David Koresh (Ross, 2014:66) is voorbeelde van kulteleiers wat aan dié eienskappe voldoen het.

2.3.1.4 Integriteit, eerlikheid en kongruente optrede

Die leier se integriteit en eerlikheid is oënskynlik en aanvanklik aanvaarbaar en op hierdie wyse word vertroue gewek - geen leier kan lei as daar wantroue is nie. Ongelukkig is dit egter so dat juis hierdie oënskynlike sterk eienskappe en soge-naamde opregte voorkoms meeste volgelinge bedrieg.

Die sogenaamde eerlikheid en integriteit, by nadere ondersoek, is eintlik onvoorspel-baarheid en inkongruente optrede. Die werklike doel van 'n kulteleier is om sy lede emosioneel afhanklik te hou en daarom gebruik hy ambivalente gevoelens om hulle mee te manipuleer (Venter, 1997:45).

Misleiding, valse inligting of halwe waarhede, word gebruik om mense verder te verslaaf. Geheime inligting wat bely is, word dikwels die instrumente wat aangewend word om skuldgevoelens gedurig in plek te hê en sodoende mense te manipuleer deur gewetenswroeging. Bybelse waarhede word gebruik vir eie gewin, soos byvoorbeeld, verkoop alles en volg my (Matt 19:16-22). So moet alles verkoop word en alle

opbrengste moet aan die leier oorhandig word. Nog ’n Bybelse waarheid wat verdraai word, is die opdrag om die Koninkryk van God soos ‘n kindjie te ontvang. Die bedoeling binne sulke kontekste is dan gewoonlik dat die kultelid ‘n kind moet bly en nie tot geloofsvolwassenheid kom nie, want dan sal hulle vir hulself kan dink (Stein, 2015:7).

2.3.1.5 Groepsdink (-druk) en volwassenheid

‘n Kulteleier wil juis oënskynlik die groepsbelange voorop stel om sy doel te bereik. Venter (1997:47) wys daaarop dat kultusse groepsdink gebruik om deur onaanvegbare rasionalisasie, die illusie van moraliteit daar te stel. Die besware van afwykende lede word dan op hierdie wyse gemanipuleer. Deur die groepsdink word groepsdruk toegepas, word alle eie inisiatiewe gesmoor en ‘n alternatiewe Christelikheid geskep (Coates, 2012:109).

Volwassenheid is sekerlik die doel van elke mens. Die kulteleier het egter nie volwassenheid ten doel by sy lede nie, maar tree in eie belang op. Uiteindelik is hy die enigste een wat daarin slaag om sy oogmerke te bereik, want hy is immers die norm - sy eer en optrede is volwasse en bo kritiek verhewe en vandaar dan ook die tipiese egosentrisme en vervolgingswaan van kulteleiers. Toe David Koresh en sy groep omsingel is deur die polisie, het hy meer en meer bedreig gevoel en waansinnig begin optree, totdat daar uiteindelik ‘n massa-selfdood was (Ross, 2014:59).

2.3.1.6 Empatie

‘n Leier moet gewoonlik empaties teenoor sy volgelinge staan. ‘n Kulteleier is oënskynlik empaties, maar dit gaan eintlik oor sy eie belang. Die kulteleier tree meestal psigopaties op en het geen gewetenswroegings nie, want dit gaan immers net oor sy eie behoeftes (Venter, 1997:49). As daar van die lede ly, is dit hulle eie skuld en dit is ook goed vir die lede, vanuit die oog van die kulteleier, om te ly. Hulle moet ly, want so groei hulle in afhanklikheid.

2.3.1.7 Charisma en Intelligensie

Kulteleiers het gewoonlik charismatiese persoonlikhede (Ross, 2014:136). Hulle het die vermoë om mense te oorreed, te inspireer en selfs op te sweep. Goeie voorbeelde hiervan is Jim Jones en David Koresh. Hulle was ook baie intelligent en het die volgelinge betower. Hulle het ‘n eie agenda, maar maak hul eie visie die groep se visie. Die uitvoering hiervan bepaal jou saligheid (Ross, 2014:140).

2.3.1.8 Relasies met groepslede en die buitewêreld

‘n Kulteleier staan in die eerste plek in relasie tot die gemeenskap. Daar moet gemeenskapsdiens gelewer word sodat sy magsbasis kan uitbrei (verknegting). Tweedens staan ‘n kulteleier ook in relasie tot die groep en met hulle is hy gewoonlik outokraties en hy kan ook nie ‘n fout maak nie (Ross, 2014:133). Derdens staan hy ook in relasie tot individue in die groep. Hy moedig hulle aan om hulle talente te ontwikkel ten bate van die groep (Venter, 1997:53). Hulle moet onderdanig wees aan die leier en moet doen wat hy sê. Dan is daar ook ‘n relasie tot materiële dinge aangesien dit belangrik is vir ‘n kulteleier om mag te hê oor geld en besittings (Ross, 2014:139). Die laaste relasie waarin ‘n kulteleier staan, is tot God. Hy is immers ‘n profeet en onaantasbaar. Dit blyk ook dat daar ander sake van belang is vir ‘n kulteleier waarin hy sy mag uitoefen oor die kultegroep – hier kan die seksuele tesame met mag en geld uiters belangrike faktore wees (Bruijnaers, 2017:196-209; Kent, 2012:49-54; Pretorius, 2013:205; Stein, 2015:6).

2.3.1.9 Samevattend rakende die funksionering van 'n kulteleier

’n Kulteleier misbruik sy persoonlikheid om sy doel te bereik van mag, eer, materiële gewin en beheer. Daar word van ‘n hoëre doel van die groep gepraat, maar in werklikheid is dit ‘n wyse waarop die leier sy of haar eie drange kan bevredig. In die proses heilig die doel die middel, en kan enigiets aanvaarbaar wees wat die groep (en eintlik die leier) sou bevoordeel. Uit die optrede van kulteleiers blyk dit dat daar geen gewetenswroegings is wanneer oneties opgetree word of groepsdruk gebruik word om sy of haar doel te bereik nie. Venter (1997:52-56) se navorsing toon in hierdie verband dat daar duidelike trekke van skisofrenie, psigopatie en seksuele wanaangepastheid voorkom.

As deel van die begeleiding van voormalige kultelede sal kennis en feite soos hierdie met hulle gedeel moet word. Die mag en gesag wat die leier oor voormalige lede gehad het, kan vir hulle ’n bewys wees van die feit dat hulle in `n slaaf\meester verhouding gestaan het – hierdie manipulerende en dominerende effek sou steeds onbewustelik ’n rol kan speel indien die betrokke persoon nog nie hulp ontvang het nie. Die proses van losmaking en ‘afbreking’ (deprogrammering) het inderdaad dan reeds begin deur die voormalige lid rasioneel bewus te maak van al die konkrete feite.

Dit hou dan ook in besonder verband met die vraag: *"Wat is aan die gebeur?"* (Osmer, 2008:4)

2.4 BEHEERSTELSELS

Verskeie aspekte van beheer word deur kulteleiers gebruik om die beheer oor die groep te versterk. Hierdie aspekte is reeds in hoofstuk 1 kortliks aan die orde gestel en vervolgens word hulle meer in detail bespreek. In die begeleidingsproses help aspekte soos hierdie ten einde duidelikheid te verkry oor wat presies hanteer moet word by die pastorale versorging van oud-kultelede. Kenners toon die volgende aspekte aan waardeur die beheer plaasvind, naamlik beheer oor denke, gedrag, emosies/gevoelens, inligting en omgewing, taal, norme, verlede, toekoms, God, verlossing , Skrifinterpretasie, leerstellings en lidmaatskap (Stoker, 1995:15; Stoker, 2011:1; Van Rooy, 2002:11; Venter, 1997:29).

2.4.1 Beheer oor denke

Kultelede in 'n bepaalde kultegroep dink meestal gelykluidend (Pretorius, 1996:18; Stoker, 1995:10; Van Rooy, 2002:14; Venter, 1997:13). Die denke van lede word gemanipuleer sodat hulle "reg" kan dink. Daar is drie wyses waarop hierdie manupilasie plaasvind: Die eerste is die '*thought stopping technique'* (Hassan, 1988:61-63; Pretorius, 2008:81; Stoker, 1995:10). Vrees veroorsaak dat alles wat teen die kulte of kulteleier gesê word, uitgeblok word. Die tweede wyse is '*closed mindness'.* Op hierdie wyse word botsende gedagtes geakkommodeer en impliseer dan eintlik 'n soort skisofrenie waarin teenstellende idees nie vir hulle 'n probleem is nie (Pretorius, 1996:82). Vrees veroorsaak ook dat hulle teenstrydighede versoen. Die derde wyse is 'n nuwe verwysingsraamwerk wat impliseer dat die kultelid 'n nuwe paradigma kry wat die oue vervang (Van Rooy, 2002:16).

Pretorius (2004:614-619) wys daarop dat *mind control* met 'n proses werk. Daar is eers kontak met die kulteleier by wyse van 'n ontmoeting (*life bombing)*. Dan volg 'n losmaakproses van die bestaande lewe. Daar kom dan 'n verandering deur konfessie-sessies en groepsdruk. In die plek van die ou paradigma van denke moet 'n nuwe paradigma aangeneem word en vir dit om te realiseer, moet 'n lid dan inval by die lewenswyse van die kulte (Coates, 2012:106). Stoker (2011) verwys hierna as 'n 'houvas' wat verkry word op die denke om so 'n slaafse gehoorsaamheid te verseker en beheer uit te oefen. Daar mag ook geen kritiese denke teen die organisasie wees

nie, want hulle het die volle waarheid wat van God kom (vgl. ook Stoker, 2019:xi-xii).

2.4.2 Beheer oor gedrag

'n Kulte met die kulteleier het 'n groot invloed op die kultelede se gedrag. Hulle moet volgens reëls optree in 'n hiërargiese struktuur waarin die kulteleier die topmodel is. Dit staan bekend as '*organization mindedness'* (Stoker, 1995:62) en daar is dan ook 'n vrees om gedrag te openbaar wat in teenstelling is met hierdie raamwerk. Hierdie is alles wyses van onderdrukking en beheer. Kultelede het ook ten opsigte van hulle gedrag 'n elite-mentaliteit van insluiting van sekere persone en andere word weer uitgesluit. Uit vrees dat hulle moontlik uitgesluit mag word, tree hulle stiptelik binne hierdie raamwerk op (Van Rooy, 2002:18).

2.4.3 Beheer oor emosies

Die beheer oor ander se emosies word soms ook beskryf as emosionele mishandeling (*abuse*). Verskeie emosies word gebruik om lede te verslaaf en te beheer waarvan vrees die belangrikste is - dit het 'n verlammende uitwerking en so word 'n lid dan gemanipuleer (Stoker, 2011). Hy is niks, die leier en die groep is alles en die kulteleier is ook belangriker as al die ander - almal is ondergeskik aan hom. Die kultelid se identiteit is nie van belang nie en daarom is dit ook so dat wanneer 'n kultelid uittree, word hy identiteitloos word met 'n swak selfbeeld en gedryf deur vrees (Rosen, 2014:12). Pretorius (2008:275) beskryf die vrees van 'n kulte as volg:

> The classification of fear experienced by cult members is a combination of fear of interpersonal events, the fear of death and illness and in some cases the fear of crowds and other people.

Hierdie vrees eksploiteer lede sodat hulle dan basies deur 'n proses van '*mind control'* beheer word. Vrees in 'n kultiese sin is omvattend en maak jou 'n slaaf van die kulteleier en die groep. Kultiese vrees is verlammend en verslawend en die verslawing is die gevolg van die absolute beheer wat die kulteleier oor sy lede het - hy is meester en hulle is sy onderdane. Hulle word in so 'n mate deur die leier gekondisioneer en gemanipuleer dat hulle nie sonder hom kan funksioneer nie. Indien enigiemand die groep verlaat, is die vyandskap van die kulte 'n realiteit wat met 'n vrees vir die ewige verwerping gepaard gaan (Pretorius, 2007a:275).

Die stelling kan inderdaad gemaak word dat daar vrees ingeboesem word weens

die gebrek aan God se Gees (Stoker, 2011). So ‘n persoon verval dan in ‘n angstoestand (Ps 32:4) met ’n oorweldigende vrees ook vir die buitewêreld (Venter, 1997:17). Hassan (1988:44-46) sê heel tereg dat vrees die vryheid van die kultelid wegneem. Om vrees nog meer intens te maak, word die hel ook dikwels ingespan om die kultelede daarmee te manipuleer (Steward, 2011:323).

Liefde en erkenning is die volgende emosie wat ingespan word en kultelede weet ook dat dit ‘n basiese behoefte is waarsonder niemand kan leef nie (Venter, 1997:18). Namate die tyd aanstap, verdien ‘n lid meer erkenning. Dit word verdien deur harde werk (Stoker, 2011). Die vrees vir verwerping word die motief om harder te werk.

Martin (1993:67) toon skuldgevoelens as ’n volgende belangrike aspek aan waardeur beheer plaasvind. Naas vrees is dit een van die magtigste instrumente om iemand mee te manipuleer, want die groep moet op die kulteleier se standaard wees. So moet kultelede hulle sondes en oortredinge gereeld bely en kragtens dit kry die kulteleier ‘n houvas oor die lede omdat hy oor al die feite beskik ten opsigte van elke lid se persoonlike en intieme situasie - hy gebruik dit dan om die lid te manipuleer. Die kultelede moet in hul spoor trap omdat hulle ten alle koste alle skuldgevoelens probeer ontvlug (Stoker, 2011).

Die volgende emosie waardeur beheer toegepas word, is geluk. Hierdie emosie word gewoonlik deur die kulte geherdefinieer. Ongelukkigheid beteken vir hulle gelukkigheid. Moegheid en moedeloosheid word ware geluk (Venter, 1997:20). Met hierdie paradoks word ‘n lid gemanipuleer en gedisoriënteer. ‘n Lid word verder emosioneel opgesweep om by die kulte se waardesisteem in te pas. Vervolgingswaan en haat kom ook voor, veral as die groep gekritiseer word en die vervolger dan gevrees moet word. ‘n Nie-lid word deur die kulte gesien as een wat gehaat moet word. Martin (1993:196) toon aan hoedat dit aanvaarbaar sou wees indien daar gewelddadig opgetree word teen ‘n oud-lid.

2.4.4 Beheer oor inligting en omgewing

‘n Mens neem besluite op grond van die inligting waaroor jy op ‘n spesifieke moment beskik. So beheer die kulteleier en die kulte ‘n lid se inligting om ook so die omgewing te beheer. ‘n Kulteleier besluit byvoorbeeld wat die lede mag lees en nie mag lees nie (Stoker, 1995:26; 2011). Sekere inligting word selektief deurgegee en die gevolg is dat daar dan laer getrek word teen inligting wat buite die kulte is. Geen byeenkomste

buite die groep is toelaatbaar nie en vrees word ingeboesem om andersdenkendes se inligting as leuens te beskou (Stoker, 2011).

2.4.5 Beheer oor taal

Indien iemand se taal beheer word, gee dit ook beheer oor denke (Stoker, 1995:28; Stoker, 2011). ‘n Kulte gebruik sy eie taal en paradigma ten opsigte van sy denkraamwerk en nuwe lede moet gevolglik ingelyf word in hierdie denkraamwerk (Van Rooy, 2002:23). Woorde kry vir hulle nuwe betekenisse en dit dra daartoe by dat hulle ‘n eksklusiewe eenheid beleef wat hulle afsonder – dit lei dan ook dikwels tot ’n vrees vir ‘n ‘verkeerde taalgebruik’ (Stoker, 2011; Venter, 1997:23).

2.4.6 Beheer oor norme

Kulteleiers tree in die oë van hulle lede met goddelike gesag op, dus glo die lede dat dit wat die kulteleier sê reg is en as hulle sê iets is verkeerd, dit absoluut waar is (Stoker, 2011:6). So word ‘n nuwe en eie norme- en waardestelsel gevestig (Venter, 1997:24). Die belange van ‘n kulte word in ‘n wit/swart kategorie van moet/moenie en heiligheid/onheiligheid ingedeel (Stoker, 1995:31-33; Stoker, 2019:xii; Van Rooy, 2002:24). Teen hierdie agtergrond word die kulte se roetine en lewensbenadering bepaal ook ten opsigte van die huwelik en die gesinslewe - selfs seksuele aktiwiteite en reëls word so gereël (Venter, 1997:25). Seks buite die huwelik word goedgepraat (Stoker, 2011). Soms word selfs die lewe en dood in die hand van die kulteleier gestel soos wat byvoorbeeld uiteindelik die geval was met betrekking tot kulteleiers soos Tim Jones, David Koresh (Kent, 2012:58; Stoker, 1995:54; Venter, 1997:26) en Charles Manson (Robbins, 1978:107). Daar word ‘n angstoestand by lede gevestig indien hulle buite die norme van die groep sou beweeg. ‘n Vrees vir straf is dan aanwesig en dit sou byvoorbeeld uitsluiting of die uitvoer van vernederende take impliseer.

2.4.7 Beheer oor die verlede

Ten opsigte van beheer oor die verlede is daar drie sake ter sprake, naamlik die beheer van die verlede van die individuele kultelede, die verlede van die kulte en die verlede van die kulteleier self. Daar moet ‘n nuwe paradigma aanvaar word hoekom die kulte is wat dit is. Daar moet eerstens gebreek word met die verlede, want waar hulle vandaan kom, was hulle besig gehou met ‘n leuen. Sulke godsdienstig-toksiese groepe maak soms daarop aanspraak dat hulle ‘n herlewing is van die eerste

gemeentes in die vroeë kerk (Van Rooy, 2002:25). Vervolgens moet daar ‘n nuwe paradigma aanvaar word of ‘n terugkeer na die vroeë kerk. Die groep moet hulle eie saak regverdig saam met die kulteleier om so in die hede by volmaaktheid te kan arriveer. Hipnose en alternatiewe metodes word soms gebruik om die verlede uit te wis vanuit lede se geheue - daar is dan ‘n versteurde herinnering in donkerte gekleur (Stoker, 1995:34; Venter, 1997:28). Hierdie prentjie van ’n negatiewe verlede wek ‘n angsgevoel waarin daar die rug gekeer word op die verlede en slegs gefokus word op die hede.

As deel van die begeleidingsproses van oud-lede, sal dit wat uitgeblok is weer in herinnering geroep moet word. Daar sal saam met so ’n persoon ewewigtig en vreesloos gekyk moet word na die verlede en gevra moet word wat die werklike feite en omstandighede was. Daar moenie ‘n distorsie oor die verlede wees nie, maar alle leuens en verdraaiings moet met die waarheid van die konkrete feite asook die waarheid van God se Woord vervang word.

2.4.8 Beheer oor die toekoms

Die toekoms kan makliker gemanipuleer word as die verlede (Pretorius, 1996:92). Kulteleiers voorspel maklik en dit kan selfs gekoppel word aan ‘n datum wanneer die wederkoms plaasvind. Indien dit nie uitwerk nie, word die skuld op die groep gelaai of word dit toegeskryf aan ‘n misverstand of aan mense se sonde of hul ongeloof (Venter, 1997:29). Die toekoms word gevolglik gebruik om die groep saam te snoer en mee te neem op die sogenaamde werklikheidspad van die kulteleier. Alles word dan op hierdie perspektief gerig terwyl dit tegelykertyd ook angs by die groep skep indien hulle enigsins van die bestaande riglyne sou afwyk. As gevolg van die voortdurende dreigement rakende die hel moet alle reëls daagliks stiptelik uitgevoer word sodat die toekoms gewaarborg kan word en jy die ewige lewe kan kry (Steward, 2011:323).

2.4.9 Beheer oor God

Daar kan alleenlik op ‘n kultelid beheer uitgeoefen word deur ‘n persoon in ‘n gesagsposisie. Hierdie gesagsposisie is dan komende van God, volgens die kulteleier. Hierdie kultegroep is in beheer van God se organisasie op aarde en God gebruik hierdie organisasie om sy doel te bereik. Die kulteleier gebruik gevolglik sy posisie om beheer uit te oefen oor die groep (Stoker, 1995:36). As profeet van God herintepreteer die leier die Bybel (Pretorius, 1996:94; Stoker, 2019:xiii-xiv Venter,

1997:30). Die profeet bring dan nuwe openbarings en dit mag nie bevraagteken word nie. Hy het ‘n eksklusiewe kommunikasiekanaal van God na homself (Van Rooy, 2002:26, Stoker, 2011; Stoker, 2019:xi-xii). Hy beheer op hierdie wyse die lede se keuses vanuit sy posisie en dit word *mistieke manipulasie* genoem (Stoker, 1995:36). So word selfs owerspel, egskeiding en hertroue geregverdig. Met hierdie direkte kommunikasiekanaal na bo, is die kulteleier dus ook uiters eksklusief (Pretorius 1996:94). Die kulteleier beweer hy ontvang die nuwe lig en nuwe waarhede direk vanaf God (Stoker, 2011). God word in ’n sekere sin vir hulle opgeëis en so word God eintlik die slaaf van die profeet gemaak. Dit is angswekkend dat ‘n kultelid ‘n slaaf van ‘n kulteleier is in plaas van kind van God. Die kulteleier kan sekere vloeke uitspreek wat God dan voorstel as ‘n God van wraak en ‘n God om te vrees.

2.4.10 Beheer oor verlossing

As God beheer word, is die gevolg dat verlossing ook dan beheer word. So word die verlossing in die hande van die kulteleier geplaas en doen die lede wat die kulteleier vereis (Stoker, 2019:xii-xiii). Deur verlossing te manipuleer, word bykans enige iets gemanipuleer. Indien iets nie gedoen word soos voorgeskryf deur die kulteleier nie, kan jy jou verlossing ontbeer (Stoker, 1995:38). Verlossing word verkry deur middel van die volgende drie aspekte (Venter, 1997:31): lidmaatskap, onderwerping en werke (werkheiligheid). Hierdie drie aspekte impliseer die volgende:

- Die lidmaatskap is om aan die groep te behoort en volgens die groep se reëls op te tree (Stoker, 1995:38). Dit is ‘n sogenaamde *bunker mentality* (Johnson & Van Vonderen, 1991:48). In die groep moet hulle hard werk vir hierdie lidmaatskap en so kry hulle dan volle sekerheid (Pretorius, 1996:95) - buite die groep is daar egter geen verlossing en geen sekerheid nie. Dit bring ook ‘n vrees mee dat, indien jy nie deel van die groep is nie, jy die ewige verdoemenis sal beërwe.
- ‘n Kultelid onderwerp hom ten volle aan die leier en die groep en indien hy dit nie sou doen nie, stel hy homself buite die verlossing. Hy word dan ‘n slaaf/kneg en onderwerp homself geheel en al en hierdie knegskap word dan in stand gehou deur vrees. Indien hy homself nie ten volle onderwerp nie, is daar die moontlikheid van uitsluiting. Dit alles het ’n geweldige emosionele houvas op die persoon.
- ‘n Kultelid moet werk vir sy verlossing en dit is gebaseer op ‘n sisteem van werkheiligheid. Hy kan ook nooit tot volle sekerheid kom oor sy verlossing nie (Stoker, 2011). Deur sy werke wys hy dat hy slaaf van die leier is en so vind hy

guns by God (Stoker, 1995:39). Dit alles bring mee dat die lid emosioneel gedwing word om hard te werk en so sy verlossing te verdien - genade word uiteindelik ‘n beloning.

2.4.11 Beheer oor die Bybel

Die Bybel word eintlik in ’n groot mate deur die Christelike kultes misbruik. Volgens hulle is die Bybel ook nie altyd die enigste bron van waarheid nie (Pretorius, 1996:97) en daarom maak hulle ook van buite-Bybelse openbarings van God gebruik - dit gee ‘n nuwe lig op die Bybel (Stoker & De Bruyn, 1995:147). Die Bybel se nuwe interpretasie word dan die waarheid en die Bybel is dan ondergeskik aan die kulteleier as profeet van God. Indien sekere insigte nuut is, word daar geredeneer dat dit die voortgang is van God se nuwe lig op die groep. So word goeie en diepgaande Bybelstudie eintlik gesien as ‘n bedreiging omdat dit insigte tot gevolg kan hê wat die leier in ’n moeilike posisie plaas. ‘n Kultelid bevind hom gevolglik in ‘n baie moeilike posisie indien hy op hierdie wyse sou besef dat die kulteleier verkeerd is. So vermaan die groep die lid om nie sy eie interpretasie te gee nie, want hy is onmondig. Dit bring dan ‘n vrees by die lid om dalk verkeerd te wees met sy vermoedens.

2.4.12 Beheer oor leerstellings

Enige godsdienstige organisasie beheer sy leerstellings aangesien dit onder andere ’n groep saambind. Tussen Christelike kerk en Christelike kulte is daar ‘n duidelike skeiding wat leerstellings aanbetref. In ‘n Christelike kerk word die leerstellings getoets aan die Bybel. By ‘n kulte word die gesag van die Bybel ondergeskik gestel aan die nuwe lig van die leier (Stoker & De Bruyn;1995:152, Van Rooy, 2002:29). Die absolute beheer wat kultes het oor leerstellings, word beskryf met die term *sacred science* (Lifton, 1961:427-429). Hierdie geheiligde kennis word voorgehou asof dit komende is van God. Dis onaantasbaar en as dit bevraagteken word, word die leier bevraagteken (Stoker, 2011). Dit is hoogverraad en strafwaardig (Stoker, 1995:151,152). Dit skep ‘n vrees dat, indien jy dit nie aanvaar nie, jy die waarheid verdraai. Hierdie leerstellings mag dus nooit geanaliseer, geëvalueer en geweeg word nie. So word lede se persoonlike standpunte onderdruk en word hulle daarvan weerhou om kennis in te win (Lifton, 1961:427-429). Vir lede word dit uiters problematies en kompleks wanneer daar op hierdie terrein in hul gemoed konflik sou ontstaan. Dit bring ‘n innerlike stryd mee rakende die vraag, wat reg en wat verkeerd is.

2.4.13 Beheer oor lidmaatskap

Lidmaatskap is die voorvereiste vir die ewige lewe of plek by God (Stoker, 2011). Hassan (1988:99-104) beskou die kwessie rakende lidmaatskap van ‘n kulte as die belangrikste kriteria of ‘n groep ‘n kulte is of nie. Die volgende drie sake is belangrik vir die beheer of verknegting van ‘n kultelid, nl. werwing, groepsbehoud en gebrek aan vryheid om te bedank. Hierdie drie aspekte impliseer die volgende:

- Werwing gaan gewoonlik gepaard met misleiding (Hassan, 1988:99-101). Hierdie misleiding is volgens die groep nie verkeerd nie, want dit is in belang van die kultelid self - die doel heilig die middel. Die groep doen hulself gewoonlik voor as egte Christene en namate die tyd verloop, bevind die kultelid homself egter al hoe meer in die web van die kulte. Vir kultegroepe is dit ook nie belangrik wat die getal van die mense is nie, maar wel wat die vermoëns van die mense is. Hulle is gewoonlik ook op soek na suksesvolle mense wat dan self suksesvolle werwing sal kan doen (Stoker, 1995:49). Daar word veral werwingswerk gedoen met betrekking tot persone wat op ‘n emosionele laagtepunt is of in ‘n oorgangstydperk verkeer met baie onsekerheid (Stoker, 1995:49). Die betrokke persoon se persoonlikheid word vervolgens verreken en daar word ook gekyk na sy behoeftes (Pretorius, 1996:100). So moet daar vasgestel word wat die goeie en slegte punte is ten einde dit moontlik in die toekoms te gebruik indien dit nodig sou wees om die betrokke persoon uit die groep te werk (Venter, 1997:37).
- Die volgende aspek wat verband hou met beheer oor lidmaatskap is groeps-behoud. Indien familie of vriende skepties is, moet die kultelid sy rug op hulle draai en hulle moet uitgesluit word (Introvigne, 2014:310). Die groep het hoë en streng standaarde om te handhaaf en indien iemand afwyk, word hy fisies en geestelik vervolg (Venter, 1997:37). Op die wyse word ‘n angsneurose by die persoon geskep.
- ’n Derde eienskap rakende beheer oor kultelidmaatskap is die feit dat lede oor die algemeen geen vryheid het om te bedank nie (Pretorius, 1996:100; Stoker, 1995:50; Venter, 1997:37). Die kulte glo dat daar ook geen rede is om te wil bedank nie aangesien dit sonde is. Diegene wat dus afvallig raak, word eenvoudig geskors en dit is dan ook die ergste straf wat jou kan tref, naamlik skorsing uit God se organisasie (Pretorius, 1996:100).

2.4.14 Samevattend rakende beheerstelsels

Dit is belangrik vir `n oud-kultelid om kennis te neem van die verskeidenheid van beheerstelsels, want dit toon verder aan in watter vrees en verslawing hy hom bevind het en moontlik steeds mag bevind. Oud-kultelede is gewoonlik getraumatiseer deur beide die kulteleier en die groep. Die pastorale berader moet aan hulle uitwys presies hoe dit gebeur het dat hulle in die web van hierdie groep beland het en ook hoedat hulle emosioneel en geestelik steeds gebonde kan wees indien hulle nog nie die nodige begeleiding ontvang het nie. Insig en kennis met betrekking tot die kulte se beheerstelsels impliseer gewoonlik reeds die begin van die herstelproses (deprogrammering).

2.5 DIE INTERPRETERENDE TAAK

Die volgende navorsingstaak is die interpreterende taak. Met hierdie taak word gefokus op die vraag *"Why is it going on?".* 'n Oud-kultelid worstel heel waarskynlik met vrees, neerslagtigheid asook verslawende neigings as gevolg van jarelange betrokkenheid by 'n kultegroep – hierdie is die tipiese simptome van PKTS (Martin, 1995:210). In hierdie afdeling sal vervolgens gefokus word op die vraag na wat die aanleidende oorsake van PKTS is. Om hierdie vraag te beantwoord, sal daar eerstens gelet word op die invloed van vrees en verslawing aan die kulteleier en die beheerstelsels, en tweedens dan ook die invloed van die Post-Kulte-Trauma-Sindroom.

2.5.1 Hoekom is oud-kultelede steeds vasgevang in vrees en verknegting?

2.5.1.1 Inleiding

Oud-kultelede kom onder verknegting weens die vrese wat by hul ontstaan toe hulle in die kulte was en wat moontlik die gevolge sou wees indien hulle sou wegbreek vanaf die betrokke groep (Martin, 1995:210).

2.5.1.2 Persoonlikheid en verwante sake van 'n kulteleier

'n Oud-kultelid was met siel en liggaam verbind aan die kulteleier terwyl die kulteleier geregeer het soos 'n outokraat (Ross, 2014:133). 'n Kultelid het homself aan sy mag

onderwerp, en die begeerte hiertoe het voortgespruit uit vrees om juis die kulteleier te wil behaag. Dit het ‘n verknegting tot gevolg gehad. Indien die oud-kultelid die kulte sou verlaat, kan hierdie vrees steeds onbewustelik aanwesig wees.

2.5.1.3 Beheerstelsels wat die kulte gebruik om verslawing uit te bou

Daar is reeds gelet op die geweldige houvas van beheerstelsels op lede van kultegroepe. Vervolgens word net kortliks gelet spesifiek op die gevolge van die onderskeie beheerstelsels selfs nadat lede weggebreek het vanaf so ’n groep.

- Die beheer oor denke

‘n Oud-kultelid moet die dieper wortel van die vrees wat hy tans beleef kan verstaan – veral vrees wanneer hy begin groei in selfstandige denke en eie inisiatief. Hy mag nie meer slaaf wees van die groep se denke nie. Indien hy steeds slaaf is, is dit deel van die PKTS en die leuen waarmee hy geprogrammeer is.

- Beheer oor gedrag

In die verlede was daar permanente vrees vir die gevolge indien jy buite die voorgeskrewe groepsgedrag sou optree – dit het dan ook gelei tot verslawing aan die kulteleier en die groep. Tans is die oud-kultelid vry van die groep, maar as gevolg van hierdie diep ingegraveerde denke, val hy tog soms nog terug in ou kultiese denkpatrone en dit dra by tot PKTS (Stoker, 1959:62).

- Beheer oor emosie

Beheer oor lede se emosies is ’n kernaangeleentheid binne kultegroepe. Die belangrikste emosie in hierdie verband is vrees, en die grootste vrees is om ‘n niemand te wees (Rosen, 2014:12). ‘n Oud-kultelid sou dan steeds in mindere of meerdere mate deur so ’n vrees verkneg kan wees en wat dan ’n belangrike komponent van PKTS kan vorm.

- Beheer oor inligting en omgewing

Oud-lede is geïndoktrineer met die leuen dat die kulteleier oor alle inligting en alle feite beskik. Tans kan daar gevoelens van bedreiging en vrees wees as gevolg van die nuwe omgewing en die oorweldigende hoeveelheid inligting. Dit is gevolglik belangrik

dat so ’n oud-kultelid moet kennis neem van hierdie sieklike en leuenagtige milieu waaraan hulle verslaaf was – hulle moet ook besef dat daar veel meer inligting is en die omgewing ook veel ruimer is as die inperking van die kulte. Hierdie verruimende perspektief gaan ’n kardinale komponent wees van die heling ten opsigte van PKTS. Persone was soms vir baie lank onderwerp aan disinformasie en hulle moet gevolglik onderrig word rondom basiese geestelike en Bybelse waarhede. ‘n Ondersteunings-groep kan so ’n persoon byvoorbeeld help om informasie te evalueer (Booth,1998:204; Arterburn & Felton 2001:237).

- Beheer oor taal

Oud-lede is gebombardeer met paradigmas waarin hulle dan ook die kultetaal slaafs moes navolg. Tans kan die vrees om reg te praat, ‘n oud-kultelid steeds onseker laat voel of hy reg of verkeerd praat - hierdie onsekerheid is deel van PKTS (Stoker, 2011).

- Beheer oor norme

Die kulteleier bepaal die norme binne die groep weens sy gesagsposisie (Stoker, 2011:6) en hierdie waardestelsel is dan ook die norm waarin daar opgetree word. Vir persone wat ook nog vanuit disfunksionele agtergronde kom of ’n milieu met 'n gebrekkige struktuur, bied ’n outoritêre geloofsgemeenskap ’n veilige hawe en ’n skuilplek vol van ‘sekuriteit’ (Enroth, 1993:223). ‘n Oud-kultelid wat die kulte verlaat het, sou nog met vrees na alles kan kyk in terme van die kulteleier se rigiede, voorskriftelike en outoritêre waardesisteem. Dit het ‘n verslawende effek om dan vas te val in die ou norme wat dan ‘n onsekere optrede tot gevolg het. Dit is deel van PKTS.

- Beheer oor die verlede

‘n Kultelid word gebreinspoel om ‘n streep deur die verlede te trek - alles van die verlede was sleg. Indien ‘n oud-lid die kulte verlaat, kan daar vervolgens ’n vrees wees om die vorige gesonde bande weer op te tel. Dit kan moontlik ‘n rede wees hoekom oud-kultelede apaties staan teenoor die geskiedenis van godsdiens in die algemeen. Toksiese denkpatrone impliseer onder andere dat mense en sake geheel en al beskou kan word in terme van óf swart óf wit, óf goed óf sleg, óf geheel en al reg óf geheel en al verkeerd (Arterburn & Felton 2001:229; Booth 1998:236).

Hierdie problematiek is deel van PKTS en oud-lede sal ook in hierdie opsig begeleiding benodig.

- Beheer oor die toekoms

As deel van die kultegroep is daar dikwels vrees ingeboesem oor die wederkoms en is daar gedreig met die hel indien verkeerd gehandel sou word (Steward, 2011:323). Hierdie vrees kan voortduur indien die oud-lid die kulte verlaat. Indien hierdie persoon toekomsvrees ervaar, is hy vasgevang in PKTS - dit bring uitsigloosheid en ‘n gevoel van hopeloosheid. Wanpersepsies ten opsigte van God asook die Christelike lewe oor die algemeen moet geïdentifiseer word en vervang word met gebalanseerde beskouinge (Booth 1998:195, 239).

- Beheer oor God

‘n Kulteleier word deur die kulte gesien as God se verteenwoordiger (middelaar) omdat hy kwansuis direkte toegang tot God het. Vir ‘n oud-kultelid wek dit vrees om nie meer onder die beheer te val van die kulteleier nie en hierdie valse siening is vir die oud-lid dikwels nog ‘n realiteit waaraan hy verslaaf is. So ’n valse siening kon ook gelei het tot ontwikkeling van ’n verdraaide beeld of karikatuur van God - God word as ’n despotiese en onbestendige perfeksionis beleef (Johnson & VanVonderen, 1991:41). Die pad na geestelike herstel berus juis op ’n totale vertrouensverhouding met God – vir hierdie persoon is dit egter uiters moeilik om God voortaan as anker en steunpilaar te beleef:

> The dynamics of spiritual abuse parallel those of physical and sexual abuse – God is often seen as one of the perpetrators (Enroth, 1993:187).

Indien ‘n oud-kultelid nog worstel met hierdie tipe denkpatroon, is hy vasgevang in PKTS.

- Beheer oor verlossing

In ‘n kulte impliseer verlossing basies die bemiddelende optrede van die leier. As gemanipuleerdes is die verlossing dus ‘n saak van die kulteleier en die kulte en indien

hulle in die kulte bly met vrees en slawerny, is hul veilig (Venter, 1997:31). By sommige kan daar so ’n oorweldigende vrees intree dat hulle hul saligheid sal verloor omdat hulle die groep verlaat het, dat sommige daarom weer daarheen terugkeer (Pretorius 2007b:276). Hierdie wanpersepsie dat hulle nou uitgesluit is van verlossing, is deel van PKTS.

- Beheer oor die Bybel

Soos reeds vermeld, is die Bybel alleen nie genoegsaam vir ‘n kulte nie en hulle gebruik ook buite-Bybelse geskrifte asook ‘openbaringe’ wat die leier ontvang. Hierdie nuwe waarhede word nou die waarheid. ‘n Oud-kultelid kan egter verward raak oor die waarheid. Vir ‘n gelowige is die Bybel die enigste bron van waarheid. So ontstaan ‘n vrees dat hy moontlik die Bybel verkeerd sou interpreteer. Dit is deel van PKTS om dan met vrees om te gaan met die Bybel (Stoker en de Bruin, 1995:147).

- Beheer oor leerstellings

Die kulteleier en groep het beheer oor die leerstellings en dit mag geensins bevraagteken word nie (Van Rooy, 2002:29). Dit het vrees tot gevolg as jy sou anders dink. ‘n Oud-lid moet daarop gewys word dat die Bybel die enigste riglyn is om dit te toets. Dit word aangetref by oud-kultelede dat hulle baie krities staan teenoor sekere leerstellings van die kerk en dit alles is die gevolg van indoktrinasie deur leuens. Genesing impliseer onder andere dat al hierdie intellektuele leuens geïdentifiseer sal word en met die waarheid vervang word – dit gaan dan inderdaad om ‘n proses van kognitiewe herstrukturering (vgl. in hierdie verband Backus & Chapian 2000; Thurman 1999; Schiraldi 2009). Angs en vrees as gevolg van sulke leuens is ‘n simptoom van PKTS.

- Beheer oor lidmaatskap

‘n Sterk beheer- en kontrole-georiënteerde leierskap is een van die pertinente eienskappe van ’n geestelik-afknouende sisteem. Vrees, skuldgevoelens en intimidasie word in die proses gebruik om lidmate in lyn te hou. Lede se individuele lewens word onder ’n vergrootglas geplaas, uitbanning is algemeen, oortreders word hard hanteer en vir diegene wat vertrek, is die pad na normaliteit baie moeilik. Alhoewel sommige lede soms intens ongelukkig is met die situasie, het hulle so ’n vrees vir

verwerping dat hulle eerder in die situasie aanbly. In talle gevalle gaan dit om die misbruik van geestelike outoriteit (Enroth, 1993:77). Indien ‘n oud-kultelid as gevolg van sodanige agtergeblewe vrese moeilik deel word van ‘n kerkgroep, is dit deel van PKTS.

2.5.2 Wat is die post-kulte-trauma-sindroom?

Nadat ‘n persoon ‘n kulte verlaat het, is daar baie vrae en probleme (vergelyk die vorige dertien bespreekte aspekte (4.1.3). Dit word beskryf as ‘n post-kulte-trauma-Ssndroom (PKTS) - sommige akademici verwys ook na hierdie toestand as ‘n post-stres-trauma-sindroom, byvoorbeeld Dr. Margaret Thaler Singer (1979). In die studie word hierdie aspek in besonder toegepas op die tipiese worsteling waardeur diegene gaan wat vir lank by ’n kultegroep betrokke was.

Gewese lede van ‘n kultegroep is in meeste gevalle getraumatiseer. Indien ‘n persoon as gevolg van algemene trauma fisies verwond is, is dit ooglopend dat die persoon dan mediese hulp moet kry. Emosionele verwonding is meer gekompliseerd aangesien dit gepaard gaan met ‘n verskeidenheid emosies en sommige van die emosies kan dikwels nie eers uitgespreek word nie. Hierdie verwonding kan situatief wees, of progressief ontwikkelend (Van Wijk, 2010:18). Indien die trauma hanteer is, kan die persoon weer sonder onnodige stres en angs die toekoms tegemoet gaan. Indien die trauma egter nie verwerk is nie, het dit implikasies vir alle daaropvolgende krisis- en stressituasies aangesien die jongste traumatiese ervaring geneig is om alle vorige onverwerkte trauma te sneller (vgl. Van der Kolk, 2014:38; Coetzer, 2020a:33,57ev). In hierdie verband word daar dan verwys na tipiese post-traumatiese stres reaksies en -gedrag. Hierdie beginsel vanuit die traumanavorsing is in besonder van toepassing op oud-lede van kultegroepe wat nie die nodige begeleiding en pastorale sorg agterna ontvang het nie en in hierdie verband word daar dan verwys na PKTS.

Wanneer daar oor trauma gepraat word, is dit gewoonlik ook belangrik om kennis te neem van die kriteria vir PTSV, soos deur die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders* geformuleer is (APA, 2013; hierdie uitgawe staan ook as DSM-V bekend). Die kategorieë waarvolgens post-traumatiese stres gediagnoseer word, is kortliks die volgende:

- *Kriterium A: Traumatiese stressor.*

  Die totale ervaring as lid van die kultegroep dien as die stressor.

- *Kriterium B: Herbelewenis van trauma (intrusion symptoms).*

  Verskillende snellers (basies enige sintuig) kan onaangename herinneringe en vrese gekoppel aan die verlede sneller.

- *Kriterium C: Vermyding en onttrekking.*

  Persone sal byvoorbeeld huiwerig wees om by ’n kerk betrokke te raak en ook baie wantrouig ten opsigte van enige vriendskappe. Indien hierdie emosionele en geestelike vakuum egter nie gevul word nie blokkeer dit genesing. Gepaste begeleiding sal gevolglik poog om sulke persone te bemagtig om nuwe bronne van sosiale ondersteuning te ontwikkel (Arterburn & Felton 2001:244; Booth 1998;257).

- *Kriterium D: Negatiewe veranderinge ten opsigte van waarneming en gemoedstoestand.*

  As gevolg van die onverwerkte trauma is daar ’n wisselende en onstabiele gemoedstoestand en dit beïnvloed ook die slagoffer se waarnemingsvermoë.

- *Kriterium E: Veranderinge in emosionele opwekking en reaksie (arousal and reactivity).*

  Hierdie kriterium kan voorkom in die vorm van slaaploosheid, irritasie, swak konsentrasie, hoë spanningsvlakke, depressie asook woedeuitbarstings.

- *Kriterium F: Duur van simptome.*

  Die tipiese simptome moet vir ten minste ’n maand voortduur voordat dit as sodanig gediagnoseer word. Indien dit vir drie maande sou voortduur, word dit as akuut beskryf, en indien die simptome vir ten minste ses maande na blootstelling aan die stressor voortduur, word dit as vertraagde post-traumatiese stres versteuring (PTSV) gediagnoseer. Oor die algemeen toon ’n groot getal van PTSV gevalle met die nodige begeleiding ’n beduidende verbetering na drie maande (Matsakis, 1996:34).

- *Kriterium G: Funksionele betekenis (sosiale en beroepstremming).*

  Wanneer ’n oud-kultelid aan die worstel is met al die negatiewe emosies soos reeds vermeld dan is daar ’n groot waarskynlikheid dat dit sy huwelik en gesinslede negatief kan raak, so ook sy loopbaan en beroep. Dit kan selfs

aanleiding gee tot verskillende vorme van verslawing as 'n wyse van ontvlugting vanaf emosies wat onhanteerbaar geraak het.

- *Kriterium H: Die steurnis kan nie aan medikasie, substansiemisbruik of enige ander siekte toegeskryf word nie.*
  Vanuit die betrokke beradene se persoonlike verhaal en geskiedenis sal hierdie laaste kriterium geverifieer kan word.

Vanuit die bespreking as geheel tot dusver is dit duidelik dat die bovermelde kriteria grootliks toegepas kan word op talle oud-kultelede, soveel te meer indien daar geen begeleiding en pastorale 'ontlonting' plaasgevind het sedert hulle die kultegroep verlaat het nie.

'n Persoon wat deur trauma gaan, ervaar ongemak en spanning weens gedagtes van buitengewone traumatiese gebeure. Dit is dan sulke emosies wat geneig is om alle vorige onverwerkte trauma ook na vore te bring. Rothschild (2000:47) wys op die feit dat persone met post-traumatiese stresversteuring in hierdie chroniese staat van outonomiese senuweestelsel aktivering (*hyperarousal*) leef waar eksterne snellers die liggaam intern deurgaans laat reageer asof daar steeds 'n gevaar is. Hierdie tipe situasie kan dan ook vergelyk word met die psigiese trauma waardeur 'n oud-kultelid gaan wanneer hy die groep sou verlaat. Daar is emosionele ongemak weens hoë stresvlakke (angs/vrees) wat beleef word aangesien dit oor die algemeen vir sulke persone katastrofies is om uit so 'n kulte situasie weg te breek en van nuuts af te begin. Daar is gewoonlik geen ondersteuningstruktuur nie en alles wat bekend was, is agtergelaat by die kulte, en dit kan geweldige emosionele en psigiese pyn en worsteling impliseer.

Daar is bepaalde simptome wat in die algemeen by hierdie persone voorkom. Van Wijk (2010:32) wys op die volgende lys van simptome wat baie algemeen voorkom as deel van post-stres-trauma-sindroom: angs, vrees, moedeloosheid, hopeloosheid, huilerigheid, depressie, magteloosheid, irritasie, emosionele doodsheid/afgestomptheid, woedeuitbarstings, skuldgevoelens en eensaamheid. Hierdie simptome kom in in 'n mindere of meerdere mate ook by oud-kultelede voor (nie in alle gevalle nie). Gewoonlik kan vrees geïdentifiseer word as die hoof-simptoom (Giambaluo, 1995:151).

Post-kulte-trauma-sindroom (PKTS) kan vervolgens gedefinieer word as ‘n oud-lid wat homself in ‘n emosionele na-kulte-stressituasie bevind waarin daar ‘n verslawing/ knegskap is weens angs/vrees. Hierdie PKTS moet oorwin word met ‘n uitleidings-pastoraat.

Dit is opmerklik dat daar met ‘n PKTS-oud-lid ‘n sirkelgang plaasvind waarin die verwerking van die toestand al in die rondte gaan, nl. vries, veg en vlug (Van Wijk, 2010:43) en dit kan soos volg grafies voorgestel word:



Die aanpassing by ’n nuwe lewe nadat die groep verlaat is, impliseer gewoonlik talle traumatiese momente en telkens wanneer die lid daarmee gekonfronteer word, kan dit eerstens ’n vries-reaksie tot gevolg hê. Daarna kan die drang tot oorlewing oorneem en dan word dit ’n veg-reaksie. Sou daar nie begeleiding wees nie en omstandighede oorweldig so ’n persoon, kan dit uitloop op ’n vlug-reaksie. Laasvermelde kan dan onttrekking en vermyding van ander impliseer en in ernstige gevalle selfs terugbeweeg na die oorspronklike kultegroep toe. Deur middel van pastorale begeleiding is dit egter moontlik om uit hierdie bose kringloop te kan breek.

2.5.3 Samevatting

Daar is reeds gewys op die belangrike aspek, as deel van die helingsproses, wat impliseer dat die oud-kultelid ten volle begrip moet verkry van die verloop van die hele proses sedert hy by die kultegroep betrokke geraak het. In hierdie opsig sal die talle leuens geïdentifiseer moet word terwyl al die slaggate uitgewys sal moet word waarin hulle beland het. Die realiteit van PKTS sal ook in detail bespreek moet word en daar sal vasgestel moet word in watter mate dit van toepassing is op die betrokke persoon.

Aspekte soos hierdie lei vervolgens outomaties na Osmer se derde taak, naamlik die normatiewe implikasies waar daar geantwoord word op die vraag: "*Wat behoort te gebeur?"* (Osmer, 2008:129).

2.6 DIE NORMATIEWE TAAK

2.6.1 Inleiding

Dit is opvallend dat De Macedo (2018:83) in aansluiting by Smith (2010:112) vir Osmer kritiseer oor die gebrek aan klem op die rol van die Skrif as dit kom by die normatiewe taak. Vir die praktiese teologie is dit van groot belang dat die Skrif tot sy volle reg sal kom.

As deel van die normatiewe taak word daar veral gelet op die pastorale implikasies rakende die kulteleier, die beheerstelsels, die fenomeen PKTS met vrees as onderbou van die verslawing, en dan ook die bevryding van hierdie knegskap van 'n kulte. Die wesenlike probleem ten opsigte van kultelede is dat hulle as't ware 'vasgeketting' en gebind raak (en in die proses ook verslaaf raak) aan die kulte-sisteem en die kulteleier. Vrees vorm die sterkste skakel van hierdie ketting.

2.6.2 Traumabande

In die literatuur word daar in hierdie verband verwys na traumabande (*trauma bonding*) wat sodoende ontstaan en uiteindelik geweldig sterk kan wees (vgl. Carnes, 1997:xvii; Ballard, 2017; Blakeley, 2017). Die volgende is enkele definisies wat die betekenis van 'n traumaband beskryf (vgl. Coetzer, 2017:15):

- Trauma binding (*bonding*) impliseer lojaliteit aan 'n persoon wat destruktief is.
- Trauma binding spruit voort vanuit afwisselende patrone van straf en beloning.
- 'n Traumaband is 'n komplekse psigologiese kondisie waar die slagoffer binne 'n aftakelende (*abusive*) verhouding 'n intense gevoel van nabyheid, lojaliteit en affeksie sou kon beleef ten opsigte van die oortreder (*abuser*).
- Traumabande is die kragtige emosionele konneksies tussen 'n slagoffer of 'n gevangene, en 'n viktimiseerder, wat al stewiger gevestig raak as gevolg van herhaalde traumatiese gebeure.

Vanuit bovermelde definisies is dit duidelik dat die konsep van traumabande ten volle van toepassing is op oud-kultelede. Hulle was inderdaad geviktimiseer maar tussen al

die negatiewe ervarings was daar inderdaad ook positiewe ervarings en dit is juis hierdie kombinasie wat volgens Carnes (1997:5) aan ’n traumaband krag en sterkte gee.

Ons let vervolgens op ‘n aantal tipiese simptome, rooiligte, kenmerke en gevolge van traumabande. Dit sal onder andere lig werp op die vraag na waarom dit so moeilik is om afstand te doen van ‘n afbrekende en vernietigende verhouding. In sulke situasies is die moontlikheid gewoonlik baie groot dat traumabande die slagoffer weerhou van hulp en selfs vryheid. Bronne wat geraadpleeg is in die samestelling van die lys wat volg, is die volgende: Avalanche of the soul (2015a); Stines (2017); Samsel (2017) en Carnes, (1997).

- Trauma binding impliseer ‘n lojaliteit teenoor iemand wat destruktief is.
- Jy is binne ‘n gewelddadige of afbrekende verhouding, maar jy weet nie hoe jy sonder die ander persoon sal kan lewe nie.
- Jy lewe net vir die goeie en aangename tye.
- Jy het reeds soveel belê in hierdie verhouding.
- Daar is ‘n groot wanbalans van mag binne julle verhouding.
- Jy ervaar ‘n magteloosheid wat jou toekoms betref.
- Jy ervaar slaap- en eetprobleme (te veel of te min).
- Jy begin om soos die kulteleier te dink en pas ook jou gedrag daarby aan.
- Jy ervaar paniekaanvalle en vrees wanneer jy die huis verlaat – ook nagmerries.
- Ongeag die hoeveelheid opofferings en bydraes wat die slagoffer reeds gemaak het ten opsigte van die verhouding, is daar steeds by hom die gevoel dat hy nie genoeg gedoen het nie.
- Sedert jy by die betrokke situasie betrokke geraak het, het jy al meer neigings begin ontwikkel in die rigting van ‘n obsessiewe kompulsiewe versteuring (OCD).
- Jy twyfel baie aan jouself en/of jou verstandelike gesondheid (*sanity*).
- Jy het ‘n intense drang om altyd aan die viktimiserende persoon die voordeel van die twyfel te gee.
- Wanneer jy wel op die viktimiseerder uitstap, tuimel jou hele wêreld inmekaar.
- Jy bekommer jou oor hoe jy finansieel en prakties die mas sal kan opkom op jou eie.
- Traumabande maak dat dit baie moeilik is om grense af te dwing.
- Iemand wat reeds ‘n traumatiese agtergrond het, is baie kwesbaar.

- Slagoffers is geneig om bloot oppervlakkige verhoudings te hê met familie of ou vriende.
- Jy verdedig jou viktimiseerder.
- Die slagoffer ontken die feit dat mishandeling en misbruik plaasvind.
- Die verlies van vrye wil.
- Daar is ‘n konstante patroon waarvolgens die ander persoon nie sy kant bring of beloftes nakom nie, tog bly die slagoffer vertrou dat die teendeel wel sal gebeur.
- Daar is ‘n worsteling met selfmoordgedagtes.
- Die slagoffer skrik baie maklik en beleef ook hoë stresreaksies as gevolg van alledaagse situasies.
- Die persoon ervaar oor die algemeen ‘n probleem met die voltooiing van volge-houe en bestendige take.

Elkeen van hierdie stellings sou van toepassing gemaak kan word op die situasie waarin voormalige kulte-lede hulself bevind het. Nadat hulle weggebreek het vanaf die kultegroep, is hierdie bande steeds in plek en moet dit dan ook hanteer word as deel van die begeleidingsproses.

Met die normatiewe taak vereis dit ‘n teologiese onderbou en die basiese grondslag hier is die Woord van God (De Klerk en De Wet, 2013:9). Met die Skrif as basis moet daar vervolgens pastoraal gefokus word op die moontlike invloed van PKTS op die oud-lid. Soos reeds aangetoon dra bepaalde faktore elkeen op ’n unieke wyse by tot die PKTS van die oud-kultelid (OKL). Die vraag wat nou beantwoord moet word, is hoe hierdie OKL pastoraal vanuit die Skrif bedien kan word.

Daar word vir die doel van hierdie studie op die volgende drie begrippe gekonsentreer vanweë die groot invloed wat dit het, naamlik *vrees, verslawing* en *verlossing*. Die traumabande waarmee die OKL vasgeketting is, vind hul krag in die konsepte van *vrees* en *verslawing*. Heling en vryheid is egter gebaseer op *verlossing* in Christus. Ons let vervolgens op elk van hierdie drie konsepte.

2.6.3 Vrees

Die eerste konsep is vrees en dit het gewoonlik verknegting tot gevolg. As gevolg van die houvas van vrees kan `n oud-lid ly aan PTSD met uitgerekte nagevolge (Ohman 2000:575; Pretoruis, 2008:275). Collins (2007:141) identifiseer ses tipes vrees terwyl

Ohman (2000:575) verwys na vier tipes vrees. Vir die doeleindes van hierdie studie word nie ingegaan op die verskillende tipes nie, maar dit is wel van belang om te besef dat vrees ‘n eg menslike emosie is. Dis deel van menswees dat, indien daar gevaar-situasies is, vrees aanwesig sal wees. Dit word nie verbied deur die Skrif of veroordeel in die normale sin van die woord nie (Collins, 2007:142), maar daar is egter wel valse en negatiewe vrese waarteen die Skrif hom uitspreek (2 Tim 1:7). Arterburn, Meier en Wise (2002:135) beskryf die korrekte benadering tot vrees treffend soos volg:

> Facing and defeating fear is always an act of courageous faith. While our adrenaline-filled emotions scramble and our and our hearts beat as if they will explode, we need courage to stand against adversity and to maintian faith when everything we value appears ready to callapse. An enduring faith is a necessity if we are going to defeat fear.

Die Drie-enige God wat barmhartig en regverdig is, moet alleen gevrees word. In God se geregtigheid, indien jy volhard in sonde, sal jy geoordeel word. Die straf is dan duidelik, naamlik die ewige straf na liggaam en siel (HK S.4 vr. en antw. 11). God se barmhartigheid (Eks 34:6&7) wil juis hê dat `n gelowige ‘n sondebesef (berou) moet hê, hom bekeer (kragtens vergifnis in Christus) en uit dankbaarheid leef (Ps 32). Aardse vrees is negatief en verkeerd. Die Indikatief vereis dat ‘n gelowige bevry word uit die aardse sondige vrees en dat dit vervang moet word met liefde en respek vir God. Dit is ‘n opdrag aan enige gelowige (imperatief) (Matt 22:37-40). Die gelowige het die Heilige Gees ontvang om dit te kan doen. Hierdie Gees is nie ‘n Gees van vreesagtigheid nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing (2 Tim 1:7 O.A.V.).

In die Bybel is daar dikwels beskrywings waar iemand of iets gevrees word. Die opdrag is egter telkens duidelik, naamlik dat slegs God gevrees moet word. (Gen 31:42; Jes 8:13; Mundle, 1979:622). Hierdie vrees vir God is egter nie dieselfde tipe vrees as wat die kultelid vir die leier het nie, maar dit is eerder ‘n kombinasie van liefde en respek. Dit is die vrees van God wat alle aardse vrees uitban. Dit vorm ook die basis vir vertroue (geloof) en ook toekomsvisie (hoop). Dit is komende vanuit die hart van ’n gelowige (De Macedo, 2018:131). Reardon (2013) beskryf die konsep van vrees in die lewe van die gelowige treffend soos volg:

> Fearing God is good because it saves us from caving into our own sinful nature. That's why hearing someone is God-fearing actually makes us

> trust that person more. If they fear God, they are more likely to keep their word and treat others with kindness

In die Nuwe Testament word gewys op verskillende vrese soos byvoorbeeld vir engele (Luk 1:12, 2:9; Matt 28:4), katastrofes in die eindtyd (Luk 21:26), dood (Heb 2:15), owerheid (Rom 13:3) en Jode (Joh 7:13, 20:19). Daar is dikwels ook vrese met betrekking tot iets of iemand omdat daar mag of krag ter sprake is (Mundle, 1979:623).

Daar kan positief of negatief na vrees gekyk word. Die negatiewe is iets aards terwyl die positiewe verband hou met God (liefde, respek en vertroue). Die negatiewe en die positiewe word treffend geïllustreer in Matteus 10:28 en Lukas 12:5 waar die opdrag is dat die mens nie iemand moet vrees wat jou na liggaam kan doodmaak nie, maar dat jy God moet vrees wat jou na liggaam en siel kan doodmaak en jou in die hel werp. Hoe vreeslik is dit nie om in die hand van ’n lewende God te val nie! (Heb 10:31). So moet die gelowige nie vrees in ‘n aardse sin nie, want God stel die gelowige gerus (Mark 5:36; Luk 8:50). Vrees staan dus teenoor liefde (Van den Berg, 2018:139).

Reardon (2013) verduidelik die konsep van vrees vir die Here verder treffend soos volg:

> As I walk with the Lord, I discover that God poses an ominous threat to my ego, but not to me. He rescues me from my delusions, so he may reveal the truth that sets me free. He casts me down, only to lift me up again. He sits in judgment of my sin, but forgives me nevertheless. Fear of the Lord is the beginning of wisdom, but love from the Lord is its completion.

Dit is van belang vir ‘n oud-lid wat deur die proses van PKTS gaan om sy vrese aan te spreek. Vrees in die aardse sin is nie korrek nie en lei slegs tot verslawing van so ‘n persoon (Heb 2:50). Op hierdie wyse kan die kulteleier en groep steeds ‘n houvas hê op die oud-lid al het hy reeds weggebreek – die kombinasie van vrees en ’n traumaband kan geweldig sterk wees. Die Gees van God (Rom 8:15; Gal 4:6) motiveer en dring egter die oud-lid om te breek met die vrees. God wil nie hê dat die gelowige ‘n gees van vreesagtigheid sal hê (2 Tim 1:7, OAV 1933/1953) of lafhartigheid nie (NAV 1983), maar `n Gees van krag, liefde en selfbeheersing. Die Gees van God gee gevolglik leiding om met gesag op te tree (1 Kor 2:4; Groenewald, 1977:96). So dryf die ware liefde vrees uit (1 Joh 4:18). Dis die vrese van God (liefde en respek) wat alle

aardse vrese uitban, ook die vrees vir die kulteleier en die kultegroep. Aardse vrees wys daarop dat daar iets skort in die verhouding met God – op Hom alleen moet jy egter vertrou en jou hoop stel. Dit beteken nie dat ‘n gelowige sondeloos is nie, maar hy moet eerlik en opreg met God omgaan en groei in die geloof (vgl. 1 Joh 4:18; Du Plessis, 1978:133).

Die beginsel soos duidelik verwoord in Romeine 8:1-11 is inderdaad hier van toepassing: *“Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie...”* Wanneer die oud-kultelid hulself in Christus ontdek en ook bely wie hulle in Hom is sal dit ’n positiewe uitwerking hê met betrekking tot alle vorige vrese – hierdie is ’n basiese en belangrike vertrekpunt in die pastorale begeleiding van oud-kultelede (vgl. in hierdie verband die inhoud van **Bylae C** en **D**).

2.6.4 Verslawing

Die volgende begrip naas vrees, is verslawing. Verslawing is die gevolg van aardse vrees. Net soos vrees het slawerny ‘n positiewe en ‘n negatiewe sy. Dit is juis die negatiewe verslawing wat ‘n totale houvas op ’n kultelid verkry het. Hy word verkneg deur die leier en die groep en indien hy sou wegbreek uit die groep, is daar gewoonlik nagevolge in `n meerdere of mindere mate op emosionele, fisiese en geestelike vlak. (PKTS). Binne kulteverband impliseer slawerny dat jy basies aan die groep en die leier behoort. Jy word ‘n slagoffer en daar is volle seggenskap oor jou as slaaf van die kulte. Collins (2007:682) stel inderdaad dat verslawing ‘n baie breër betekenis as net bloot substansie-afhanklikheid het – binne kulteverband is dit baie duidelik.

Die positiewe moet egter uiteindelik die negatiewe oorwin en daarom moet die ware evangelie die slawerny van die negatiewe kultelewe oorwin. Daarom moet die aardse met die hemelse oorskadu word (Joh 8:36). So moet die kulteleier vervang word met Jesus Christus as Koning (Rom 12:11, 14:18; Kol 3:24). Daar word dan ware diens gelewer (en nie slawerny nie) deur die bevryding van Jesus Christus deur sy Gees (Rom 6:18, 7:6). Daar moet ’n volkome oorgawe aan die heerskappy van Jesus Christus plaasvind en Hy moet met hart en siel nagevolg word (Ef 5:1; 1 Kor 11:1). Jesus Christus is vir ons ‘n voorbeeld (Fil 2:6-11) en hierdie gesindheid moet in ons wees deur die kragtige werking van die Heilige Gees (Fil 2:5). Paulus was so ‘n slaaf van Christus (Rom 1:1; Fil 1:1; Gal 1:10) asook Epafras (Kol 4:12). In die geval van Paulus was hy verlos as Fariseër deur sy bekering (Hand 9). Enige bekering van die

Bybel het as basis Jesus Christus deur sy Gees. Die slaaf Paulus het nou ’n dienskneg van Christus geword en van almal (1 Kor 9:19), tot diens van die evangelie (Fil 2:22) en die kerk (2 Kor 4:5). Hierdie opdrag geld vir elke gelowige om op hierdie wyse diens te lewer as slaaf vir Christus (Matt 20:27).

Om uit die greep van die kulte en kulteleier te kom, is dit belangrik dat die oud-kultelid sal moet verstaan dat dit sonde is om steeds vasgevang te wees in slawerny van die kulte weens vrees (Rom 8:15; Heb 2:15). Hierdie bevryding moet uit die tydelike en verganklike omstandighede plaasvind (Rom 8:21; Tuente, 1979:597). Alleen Jesus Christus deur sy Gees bevry die gelowige uit die slawerny van sonde (Rom 6:18). So word die gelowige ‘n bevryde van die kulte en ‘n slaaf van Jesus Christus (geregtigheid). Hierdie geheiligde knegskap is alleen geanker in Jesus Christus se knegskap (Fil 2:7). Die geloof, kragtens Jesus Christus se liefde, moet gestalte kry sodat die oud-kultelid volwaardig kind van God en slaaf van God kan wees (Rom 8:15) en dan kan daar opregte en bevrydende diens gelewer word (Gal 5:13; Matt 20:27). So ‘n oud-kultelid kan dan andere troos met die troos waarmee hy getroos is (2 Kor 1). Dit hou egter in dat daar ‘n geestelike ‘deprogrammering’ en ‘n ‘herprogrammering’ moet wees, ‘n afsterwing van die ou mens en ‘n opstanding van die nuwe mens (Rom 6:1, 4-6; Ef 4:22-24; Kol 3:5-6, 8-10; 1 Kor 5:7; 2 Kor 7:10; HK, So.33 vr. & antw. 88). Dit gaan inderdaad hier om ’n geestelike restourasieproses wat moet plaasvind deur die krag van die Heilige Gees. ‘n Oud-kultelid moet vervolgens soos enige gelowige besef dat dit ‘n proses is om weg te doen met die verkeerde. Indien die persoon sou worstel rondom hierdie aspek sal daar met geduld, lankmoedigheid en wysheid deur die berader opgetree word.

Die navorser het uit die praktyk gesien dat vrees en verslawing ‘n verlammende uitwerking het op die oud-kultelede. Nadat hulle uit die kulte bevry is, word hulle nog steeds deur die gebeure getraumatiseer. Die rede daarvoor is dat die kultelid as persoon geensins geag was nie en dat die leier en die groep alles was. Daarom is dit net natuurlik dat wanneer ‘n oud-kultelid uit die kulte ontsnap, hierdie vrese en minderwaardigheid steeds sal voortduur. Die probleem van identiteitloosheid (identiteit in ‘n kulte is ‘n groepsidentiteit) veroorsaak dat hierdie persoon geen selfbeeld of persoonlikheid het nie. Vrees wat deurgaans so ’n prominente rol vervul, is ook geneig om die kultelid te beroof van hul vryheid en hulle gevolglik in ‘n verslawingsituasie vas te ketting.

Henslin (1995:96) gebruik die frase *religious shaming* met verwysing na die proses van geestelike aftakeling wat mense soms binne sekere toksies-godsdienstige sisteme ervaar (vgl. Bylaag A in hierdie verband). Hierdie proses reflekteer ‘n teologie waarin daar êrens langs die pad uit pas geraak is met mense se persoonlike gevoelens asook hul innerlik emosionele lewens.

> Emotions are seen as evil enemies needing to be fought off, subdued, and controlled; legalism and condemnation are seen as virtues (Henslin 1995:96).

As deel van hierdie verslawende proses, kan gestel word dat hierdie persoon se eie menswees genegeer is en die persepsie wat maklik hieruit voortvloei is dat hulle nie geregtig is op ’n eie opinie nie (Sloat 1990:110; Johnson & Van Vonderen 1991:41). ’n Verdere gevolg is dat daar ’n probleem kan wees op die terrein van persoonlike grense - dit kan verband hou met gebrek aan begrip betreffende leerstellings soos die *eie ek* wat moet sterf asook herhaalde oorskryding van persoonlike ruimtes en regte.

‘n Oud-kultelid moet gevolglik begelei word in die proses om vrees te vervang met liefde, en verslawing met die vryheid in Christus. Hy behoort as ‘n bevryde in Christus ‘n nuwe lewe te beleef soos reeds vroeër verduidelik rondom die uiteensetting van die Ou- en Nuwe Testament. Die Skrif gee duidelike riglyne hoe gelowiges hulself moet stel as offers vir God en hoe die wesentlike godsdiens beoefen moet word - die beginsel en praktyk om juis te verstaan dat jy nie ‘n slaaf van mense is nie, maar alleen van God. ‘n Goeie riglyn is om Romeine 12-15 en Efesiërs 4-6 voor te hou en stap vir stap saam met beraders deur te werk.

As deel van hierdie proses is dit belangrik dat die oud-kultelid sal besef dat die rol van die Heilige Gees voortaan ’n kardinale fokuspunt in hul lewe moet wees. In hierdie verband is die woorde van Romeine 8:14 in besonder van toepassing: *“Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.”* Dit is die Gees Wie voortaan die kompas en rigtinggewer sal wees en Wie ook sal aantoon wat reg en wys en raadsaam is – en ook wat die leuen is. Die belofte van Jesaja 30:21 is ook hier van toepassing: *“Wanneer jy die regte koers verlaat, sal jy agter jou 'n stem hoor sê: "Hier is die pad, loop hierlangs."*

2.6.5 Verlossing

Vir die doel van hierdie studie is dit van belang om uit te wys dat slawerny ‘n prys het. As ‘n oud-lid nog vasgevang is, betaal hy self die prys. As die lid bevry word deur Jesus Christus, het Hy die prys betaal (Joh 19:30). Iets van die haglike toestand van die gevangenes (geestelik en emosioneel) word verwoord in Jesaja 42:22 (Lewende Bybel): *“Maar nou is die volk geplunder en kaal geroof en in tronke en kelders opgesluit. Daar was niemand om hulle te red.”* Hierteenoor kom Paulus met die bevrydende woord van 1 Korintiërs 7:22:: *“All of you were once held hostage... Then a huge sum was paid for your ransom”* (Message Vert). Die prys is betaal vir almal wat eens in gevangenskap was en die slot is toe oopgesluit en die gevangenes kan nou vry wees!

Jesaja 61:1 verwys ook na die vrylating van gevangenes: *“... Hy het my gestuur om dié wat moedeloos is, op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir dié wat opgesluit is...”* ‘n Boodskapper wat deur die Here toegerus is, word gestuur om ’n trooswoord, ‘n boodskap van hoop te bring, eerstens aan die Jode in ballingskap, maar in die tweede plek ook aan hulle wat in geestelike en emosionele ballingskap sit – vasgekluister in daardie tronksel. In Lukas 4 kom Jesus Christus en dan pas Hy hierdie profetiese woord van Jesaja 61 toe op sy bediening en sy koms na hierdie wêreld, naamlik om mense vry te maak wat in gevangenskap (van watter aard ook al) vasgekluister is.

Indien die oud-kultelid die stap in geloof kan gee wat Jesus Christus reeds moontlik gemaak het, is hy ‘n oorwinnaar (Rom 8:19-28). Hierdie proses sal finaal afgerond word met Jesus Christus se wederkoms (Op 21: 5). Romeine 8:19-28 maak melding van die versugting van die skepping dat hierdie proses sal realiseer (vs. 19-21), so ook die gelowige (vs. 23-25) en die Gees (vs. 26-28; De Macedo, 2018:85, 86). Openbaring 21:1, 5 wys op Christus wat alles kom nuut maak en dit sal die finale verlossing wees (vgl. De Macedo, 2018:90-92).

Met betrekking tot die tema van verlossing is die Drie-eenheid van groot belang. Die Vader het beplan, die Seun is gekruisig en die Heilige Gees bind die oud-lid aan die Drie-eenheid. So is daar regverdigmaking, heiligmaking en heerlikmaking (Adams, 1979:176; De Macedo, 2018:104). Kragtens die heiligmaking word die oud-lid tot insig gebring dat die verlossing sentraal staan en dat daar ‘n geloofspad is om op voort te gaan. Vanuit die hart moet die gedrag en die optrede wys dat jy ‘n gelowige is. ‘n

Berader behoort dus teen die agtergrond van hierdie voorafgaande ‘n oud-lid te begelei om nie meer te vrees nie (Luk 12:4; Matt 10:28), maar om lief te hê, nie meer ‘n slaaf te wees nie, maar ‘n vrygemaakte, ja om voortaan in Christus te wees (vgl. Rom 8:1).

Ongelukkig is die mens nie soos ‘n elektriese skakelaar wat aan- en afgeskakel kan word nie. Weens die feit dat daar naas vrees ook skuldgevoelens is, moet die oud-kultelid begelei word na ’n punt waar die ware gewete op ’n gesonde wyse kan funksioneer in plaas van onder die invloed van die verwronge idees en leuens van die kulteleier. Hierdie persoon moet vervolgens begelei word om ook te breek met skuldgevoelens en negatiewe komplekse en hulle behoort die vryheid in Christus met ‘n skoon gewete te beleef as verlostes.

‘n Oud-kultelid voel ook kragtens die PKTS minderwaardig en op hierdie wyse word hul lewensvreugde ook van hulle gesteel. Daar behoort dus ook tydens die begeleiding gefokus te word op die oud-kultelid se selfbeeld en alle leuens moet geïdentifiseer word en met die waarheid van die Woord vervang word sodat hierdie persoon hul ware identiteit in Christus kan ontdek (HK, So. 32, vr. & antw. 86). Om die gebroke selfbeeld te herstel sal daar onder andere ’n aantal negatiewe persepsies geïdentifiseer moet word. Teenoor verlies moet daar byvoorbeeld gewys word op wins, teenoor verwerping moet daar gewys word op aanvaarding, teenoor vernedering moet daar verhoging kom, teenoor bedreiging vreesloosheid. Teenoor wantroue moet daar vertroue gestel word, teenoor patologiese jaloesie moet liefde gestel word, teenoor frustrasie rustigheid, en teenoor bekommernis onbesorgdheid. Met betrekking tot hierdie aspek van selfbeeld is daar in **Bylae C** en **D** ’n lys van stellings, telkens gebaseer op ’n spesifieke Skrifgedeelte – hierdie kan byvoorbeeld as huiswerk aan so ’n persoon gegee word om tydens hul daaglikse stiltetyd deur te werk.

Die duidelike negatiewe impak moet dus vervang word met ‘n positiewe impak. Die verslawing/verknegting moet gebring word tot ‘n bevryding. Die PKTS moet agter-gelaat word, sodat hy hom kan uitstrek na dit wat voor is (Fil 3:13).

Indien die oud-kultelid emosioneel en geestelik verlam voel (gevries), moet hy gehelp word om die betrokke aspek te hanteer en in Christus te oorwin – hy moet dus geestelik ‘ontvries’ word. As die persoon nog aan die veg is en probeer wraak neem op hulle wie hom verontreg het, moet daar gewys word op die feit dat wraak nie die

mens toekom nie, maar God alleen. Verder kan daar ook ontvlugting (depressie) voorkom wat hanteer moet word. Die sirkelgang van vries, veg en vlug moet dus uiteindelik vervang kan word met verlossing, vergifnis, versoening en vrede. Slegs op hierdie wyse kan ‘n oud-lid in die regte verhouding tot God gestel word en ook bevry word van die PKTS.

2.7 SAMEVATTING

Die navorser het in die uiteensetting van die Post-Kulte-Trauma-Sindroom van Osmer (2008:11) se metodologie gebruik gemaak. Dit is ook gebruik as indeling vir hierdie artikel. Dit het geblyk dat die fenomeen van PKTS dikwels ervaar word as ‘n kultelid ‘n kulte verlaat. Daar is simptome van onder andere verlies, verwerping, depressie, eensaamheid, isolasie, bedreiging, skuldgevoelens en ‘n swak selfbeeld. Die dieper-liggende oorsaak hou grootliks verband met die rol van vrees. ‘n Kulteleier gebruik vrees om sy doel te bereik en daardeur het hy beheer verkry oor die kultelid (hier is die onderskeie beheerstelsels veral van toepassing waarop gefokus is). Saam met die vrees het geblyk ’n faktor soos traumabande ook ’n groot rol vervul en tydens die begeleidingsproses sal dit ook in berekening gebring moet word. Volkome en langtermyn verlossing van PKTS vir so ’n gebonde persoon kan slegs geskied kragtens die Woord en die Gees. Dit geskied met ‘n uitleidings-pastoraat wat daarop gefokus is om so ’n oud-lid weer te normaliseer op fisiese, emosionele en geestelike terrein.

Vrees het geblyk ‘n verlammende emosie te wees en ‘n oud-lid behoort nie meer ‘n kulteleier of kulte te vrees nie, maar alleen God (Matt 10:26-28; 1 Pet 2:17). Teenoor vrees staan liefde (1 Joh 4:18; Du Plessis, 1978:113). Waar God se liefde is, is daar nie veroordeling nie, maar ‘n liefdesverhouding sonder vrees (1 Kor 13). Daarom moet ‘n oud-lid onder God se heerskappy en genade kom, want God is liefde (1 Joh 4:8). Hy moet God bo alles liefhê (Deut 6:5; Matt 22:37; Mark 12:30; Luk 10:27). So moet God waarlik geken word deur Woord en Gees, want ‘n gelowige het nie ‘n Gees van vreesagtigheid nie, maar wel van krag, liefde en selfbeheersing (2 Tim 2:7). Wanneer die pastor/berader met die gebroke persoon werk gaan hulle totaal afhanklik wees van God se Gees om die onsigbare van die vleeslike te onderskei en te openbaar ten einde die slagoffer te kan help. Alles in hierdie realm is nie noodwendig tasbaar en vleeslik nie maar eerder geestelik en spiritueel (lig teen duisternis) en dit is slegs deur die Gees van God wat die duisternis aan die lig gebring kan word. ‘n Kind van God

gevul met die Gees van God (Ef 5:18) ontvang gevolglik die innerlike krag en wysheid om hierdie taak te kan verrig. Daar kan dus gereken word op die hulp en onderskeidingsvermoë van die Heilige Gees ten einde kragtig leiding te kan gee in die bevrydende begeleiding van ’n oud-kultelid (1 Kor 2:4). So moet die oud-lid met die kragtige werking van die Heilige Gees en die Woord dan juis die vrugte voortbring van die Gees as bekeerde (Gal 5:22; Groenewald, 1977:97). Die oud-lid se gedrag moet voortaan ook spreek van ‘n verhouding met God, iemand wat nie meer slaaf van ‘n mens is nie, maar nou ‘n dienskneg van die Allerhoogste.

HOOFSTUK 3

PASTORALE MODEL OM 'N POST-KULTE-TRAUMA-SINDROOM TE HANTEER

3.1 INLEIDING

Hierdie artikel/hoofstuk sluit aan by die vorige artikel (hoofstuk 2 van hierdie studie) waar die eerste drie stappe van die metode soos voorgestel deur Osmer (2008:11) gevolg is, naamlik die beskrywende taak, interpretasietaak en normatiewe taak. Met hierdie artikel word Osmer se vierde stap, naamlik die pragmatiese of strategiese taak aan die orde gestel. Osmer se vier stappe kan grafies soos volg voorgestel word:



Met die pragmatiese taak word daar beoog om te bepaal hoe daar in betrokke situasies opgetree kan word (Aansluitend by Osmer se vraag: *"Wat behoort te verander?*") Osmer (2008:4) beskryf die pragmatiese taak soos volg:

> Determining strategies of action that will influence situations in ways that are desirable and entering into a reflective conversation with the 'talk back' emerging when they re-enacted.

Die uiteindelike doel is om vernuwing of verandering tot gevolg te hê. Op hierdie punt brei Osmer as volg uit:

> How might we respond in ways that are faithful and effective? The pragmatic task focusses on strategies and actions that are undertaken to shape events toward desired goals (2008:10).

3.2 DOELSTELLING

Dit is nodig dat integrasie van al die perspektiewe vanuit die voorafgaande drie take van Osmer se model sal plaasvind ten einde praktyk-teoretiese riglyne te kan formuleer. Dit impliseer dat inligting verkry vanuit die Skriftuurlike analise, teologiese literatuur asook inligting vanuit die aanverwante wetenskappe saamgevoeg en geïnterpreteer moet word. Die pragmatiese taak is gevolglik daarop gefokus om 'n benadering en strategie te bepaal wat die situasie gunstig sal beïnvloed.

Volgens Heyns en Pieterse (1990:86) is die oogmerk van die pragmatiese taak daarop gefokus om 'n kritiese interaksie te laat plaasvind tussen teorie en praktyk ten einde by 'n praktykteorie te kom wat aan die Skrif getrou is. As deel van hierdie kritiese interaksie tussen teorie en praktyk, moet die teorie ook oopstaan vir bystellings en verstellings. Die praktykteorie wat op hierdie wyse kristaliseer, moet dan ook aan die praktyk getrou wees. Eers wanneer die teoretiese en praktiese aspekte in die praktykteorie ingebou is, kan dit die praktyk opskerp, verbeter, ondersteun en rig.

Met betrekking tot die tema van die onderhawige studie gaan die pragmatiese taak om die formulering van 'n strategies-teoretiese model ter begeleiding van diegene wat vasgevang was in toksiese godsdiens, met besondere verwysing na post-kulte-trauma-sindroom (PKTS).

Die oogmerk is dus om 'n model aan die orde te stel waarvolgens daar op 'n praktiese wyse pastorale begeleiding gebied kan word aan oud-kultelede met betrekking tot die PKTS waarmee meeste van hulle aan die worstel is. Langone (1993:208) verwoord hierdie situasie soos volg:

> The ex-cultist has been traumatized, deceived, conned, used and often emotionally, physically, sexually end mentally abused while serving the group and/or the leader.

Singer (2003:259) wys in hierdie verband op sekere kinders wat uit 'n kulte kom wat afgestomp, melankolies, fobies en aggressief is – hierdie kinders gaan uiteindelik die

volwasse lewe in, emosioneel verwond en getraumatiseer. Op hierdie wyse is daar talle oud-kultelede wat met post-traumatiese stres en dan spesifiek PKTS aan die worstel is nadat hulle uit ‘n godsdienskulte bevry is (Lindeque:2006:3). ’n Oud-lid kan aan PKTS ly weens die feit dat daar gevoelens van verlies, verwerping, vrees, depressie, willoosheid, eensaamheid, isolasie, vertrouensbreuk, bedreiging, skuldgevoelens, selfbejammering, woede, asook verwarring ten opsigte van die Waarheid aanwesig mag wees (Venter, 1997:114-118, 315).

3.3 PASTORALE BERADING

De Jongh Van Arkel (1987:56) onderskei tussen onderlinge sorg, pastorale sorg en pastorale berading. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar gekonsentreer op pastorale berading. In wese is PKTS ‘n pastorale probleem en daar is by talle oud-kultelede dan ook die verwagting dat ‘n pastor hulp sal kan verleen (Adams, 1970:65,66; De Macedo, 2018:1). ‘n Oud-lid verlaat nie net ‘n groep en word dan outomaties weer deel van ‘n samelewing nie (Singer, 2003:266). Daar is inteendeel ’n verlossing- of bevrydingsproses nodig volgens De Macedo (2018:6,16) of uitleidingsberading volgens Venter (1997; vgl. ook Martin, 1995:205).

Clinton, Hart en Ohlschlager (2005:4) beskryf treffend met betrekking tot die hedendaagse rol van pastorale berading, hoedat mense van die 21ste eeu ’n desperate soeke het na nuwe lewe en hoop. Die kritiese belangrikheid van Christelike berading, goddelike leierskap en diensbaarheid word hierdeur beklemtoon. Ripley en Worthington (2014:41) verwys na emosioneel verwonde persone as geestelike drenkelinge wat desperaat vir hulp is. Disfunksionele gesinne het gewoonlik disfunksionele kinders tot gevolg en dit lei tot ’n bose kringloop wat moeilik deurbreek word – hierdie feit word deur Clinton *et al*. (2005:4) uitgewys as een van die kritiese redes waarom pastorale berading belangrik is. Teen hierdie agtergrond is dit dus noodsaaklik dat gesinne as geheel, wat uit kulte-groepe beweeg het, pastorale berading en begeleiding sal ontvang.

Clinton en Hawkins (2011:1) beskryf pastorale berading verder as hulp en ondersteuning aan persone ten einde Christus gelykvormig te word en tot ’n meer stabiele en volwasse verhouding met God en medemens te groei. Die oogmerk met pastorale berading is volgens Collins (2008:4) om emosionele en geestelike groei te stimuleer en beradenes te bemagtig ten einde spanning, stres, konflik

asook negatiewe emosies meer effektief te hanteer. Die verdere doelwit is om beradenes in staat te stel om sinvolle en opbouende verhoudings te vestig, interpersoonlike krisisse beter te hanteer asook om selfbenadelende praktyke wat tot trauma en verwonding kan lei, te vervang. ’n Verdere pertinente oogmerk met pastorale berading is om beradenes te begelei tot persoonlike geloofsekerheid in Jesus Christus.

3.3.1 Multidimensionele hantering van die probleem

Wat betref die begeleiding en intervensie by oud-kultelede is dit belangrik, ter wille van die mees effektiewe resultate, dat dit ’n multidimensionele benadering sal wees waarby ander dissiplines, soos byvoorbeeld mediese sorg, psigologie en opvoedkunde betrek sal word (De Macedo, 2018:5). Die oud-kultelid moet veral pastoraal versorg en beraad word en daar moet gelet word op liggaam, siel en gees (1 Tes 5:23; De Macedo, 2018:63, 64; Lindeque, 2006:36; Van den Berg, 2018:116). So ’n benadering berus op die basiese Bybelse benadering van die mens as ’n holistiese wese in terme van liggaam, gees en siel (vgl. Coetzer, 2020c:1).

Dr Paul Meier is ’n Christen psigiater wat aan die hoof staan van die bekende 28 Meier-klinieke in die VSA. Die basiese grondslag van hierdie klinieke is Christelik en daar word ook ’n multidissiplinêre en holistiese benadering gevolg in elk van die klinieke. Meier *et al*. (2005:130) gee interessante statistieke wanneer hulle beskryf hoedat daar slegs ’n 30% verbetering by pasiënte waargeneem word na twee tot drie weke wanneer hulle bloot medikasie ontvang. Wanneer daar egter pastorale berading tesame met die medikasie gegee word dan is daar 50% verbetering na dieselfde tydperk (vgl. Coetzer, 2020c:9). Wylie (2006) toon in hierdie verband aan dat ’n verskeidenheid van dissiplines reeds vir die afgelope vier dekades gefokus is op holistiese navorsing rakende die liggaam/denke verbintenis. Trauma navorsers soos Dr Bessel van der Kolk (1994) het ook ’n besondere bydrae gelewer ten einde die verskillende velde van neurobiologie en trauma te kombineer – dit het uiteraard grootliks bygedra tot die oopmaak en ontginning van hierdie nuwe veld (vgl. Coetzer, 2020c:9).

3.3.1.1 ’n Godgerigte benadering

Verder kan gestel word dat die beradingsbenadering wat in hierdie studie voorgestel word, geskoei is op die Woord en Gees van God (De Macedo, 2018:128-130). Die

fokus is ‘n Godgerigte benadering (Minnie, 2003:244) waarin die oud-kultelid weer in die regte verhouding met God en medemens kan kom en bevry word van die kulteverslawing. Die Woord en Gees vorm gevolglik die sentrale punt waarmee ‘n oud- kultelid gekonfronteer word (2 Tim 3:16; Lindeque, 2006:25,26) terwyl aansluitend en ondersteunend hiertoe dan ook toepaslike komponente en strategieë vanuit die aangrensende wetenskappe benut sal word. Hierdie konfrontasie met die Woord en die Gees kan óf verharding óf bekering tot gevolg hê, en die berader moet hierop bedag wees. Die kenbron van die pastorale begeleiding, nl. die Woord en Gees, word gebruik tot redding vir dié wat glo en hulle bekeer (Rom 1:16; Lindeque, 2006:51).

3.4 VOORGESTELDE BERADINGSMODEL

Die voorgestelde beradingsmodel vir PKTS word aan die hand van die volgende opeenvolgende prosesse uiteengesit, naamlik ontmoeting, onderhoud, ontboeseming en ontlading, ontdekking, ontnugtering, ontlediging, ontferming, modellering en rigting- aangewing, opdraggewing, en opvolging (Erasmus, 1998:1).

3.4.1 Ontmoeting

Die pastor/berader moet deurgaans in sy ontmoeting met die oud-kultelid in gedagte hou dat hierdie persoon iemand is wat na God se beeld geskape is. Hierdie beeld is egter geskaad deur die kulte waarin hy vasgevang was. Weens die sondige menslike natuur het die oud-lid slagoffer geword en homself uiteindelik in ‘n verslawingsituasie bevind.

Tydens die eerste ontmoeting is die eerste indrukke gewoonlik blywend en gevolglik moet daar ‘n vertrouensverhouding gebou word waarin die oud-lid en die pastor/berader ‘n pastorale pad kan stap. Die korrekte interaksie tussen die berader en beradene moet plaasvind ten einde heling te kan fasiliteer. Ferreira (2014:232) beklemtoon in hierdie verband die aspek van ’n rustige, stil en ontspanne atmosfeer in die beradingskamer – dit skep ’n ontvanklike gemoedstoestand vir die begeleier en begeleidende en dit is ook bevorderlik vir die werking van die Heilige Gees. Kotze (2008:184) beklemtoon die feit dat die beradingsverhouding uit drie partye bestaan, naamlik die berader, die beradene en die Drie-enige God. Aangesien God deel is van die beradingsverhouding, is

dit dus belangrik dat daar, afgesien van die verhouding tussen die beradene en die berader, ook 'n verhouding tussen die berader en God sal wees, en tussen die beradene en God. Die berader se betrokkenheid by die beradene kan dus nie gereduseer word tot suiwer hulp vir emosionele en sosiale probleme nie, maar moet ook die weg baan tot die vestiging en uitbouing van die verhouding tussen die beradene en God.

3.4.1.1 Hantering van oorweldigende wantroue

Weens die geweldige wantroue ten opsigte van mense in die algemeen by oud-kultelede, is dit belangrik dat daar sensitief omgegaan sal word met die oud-kultelid. Wantroue word slegs oorkom deur liefde. In 'n geestelik-afknouende sisteem is leiers geneig om, as gevolg van skuldgevoelens asook eie onverwerkte emosionele pyn, hul laste asook hul eie onverwerkte verwonding op lede af te laai. In die proses 'gebruik' hulle as't ware lede om hul persoonlike en professionele behoeftes te bevredig.

> Abusive shepherds tie up various heavy loads and lay them on people's shoulders. Good shepherds take off those loads (Blue, 1993:65).

Aan moeë mense word op hierdie wyse formules oor God gegee en nie noodwendig sy onvoorwaardelike liefde en aanvaarding nie (Van Vonderen 1989:64). Hierdie agtergrond dra grootliks by tot 'n algemene wantroue by oud-kultelede ten opsigte van hul medemens oor die algemeen, en in besonder ook wat geestelike leiers betref. Daarom sal die pastor/berader opreg moet wees soos 'n duif en versigtig soos 'n slang (Matt 10:16). Met die nodige wysheid en geestelike onderskeidingsvermoë, moet daar dan ook die ruimte geskep word sodat 'n vertrouensverhouding uitgebou kan word (respek is die barometer van liefde) (vgl. Minnie, 2003:245-247) en dit kan alleen gebeur as die Heilige Gees aktief werkend is (Joh 16:5-10; Minnie, 2003:247). Die uiteindelike resultaat hiervan sal wees dat die beradene bereid sal wees om alle vrese en verwonding te verbaliseer en in die ope te bring (Minnie, 2001:100). Hierdie vertroulikheid moet verder met eerlikheid en bewoënheid uitgebou word (Luk 7:13; 10:33; vgl. Erasmus, 1998a:1).

3.4.1.2 Die klem op God en Sy eer

Deur die hele proses is die fokus nie op die berader/pastor nie, maar op God se eer en sy uitreik na die verslaafde oud-lid. Te midde van die wanhoop van die beradene, moet daar ook hoop gevestig word (Jak 2:16). Verder moet die berader ook deurgaans waak teen enige geestelike hoogmoed of meerderwaardigheid en homself herinner aan die feit dat dit slegs genade is wat verhoed het dat hulself in dieselfde geestelike slagysters beland het (1 Kor 10:12; Erasmus, 1998a:1). Die vestiging van 'n vertrouensverhouding reg aan die begin is dus van kardinale belang.

3.4.2 Onderhoud

Die onderhoud moet plaasvind in 'n atmosfeer van liefde en geborgenheid (Minnie, 2003:243). Rustigheid, warmte, empatie, toewyding, respek, aanvaarding en opregtheid moet uitgestraal word vanaf die berader/pastor. Sy motiewe (empatie) moet bo verdenking wees (Luk 7:11-15; Minnie, 2001:102). Die oud-lid moet op hierdie wyse die warmte, liefde en respek kan aanvoel en sodoende geborge voel tydens die onderhoud (Minnie, 2003:246).

Kotze (2006:151) stel dat dit belangrik is dat een van die oogmerke van berading sal wees om 'n persoon se gedagtes, houdings, gevoelens en emosies in die ope te bring. Die berader moet in hierdie opsig 'n besondere sensitiwiteit en empatie vir die beradene se pyn hê wanneer die beradene begin om sy gebrokenheid as't ware op die tafel te plaas.

Verder moet die pastor/berader die oud-lid luisterend uitvra (Jak. 1:20). Daar moet soveel moontlik inligting bekom word tydens die onderhoud. Dit is ook belangrik dat die oud-lid die inligting vrywillig met die pastor/berader sal deel. Die pastor moet help om hierdie inligting logies en chronologies uiteen te sit en te orden sodat daar 'n logiese en chronologiese lyn deur die gesprek kan vloei. Gewoonlik word baie van die inligting weens vrees en spanning nie logies en chronologies weergegee nie en dan is dit belangrik dat die berader dit dan vir die oud-lid sal orden. Gesprekvoering bied aan die beradene ook die geleentheid om weer die verlede as't ware te herbeleef en weer deur die traumatiese gebeure van die verlede te beweeg. Dit is gevolglik belangrik dat die getraumatiseerde die traumatiese ervaring in fyn detail moet kan herroep en verbaliseer. Die persoon

moet ook alle emosies en gevoelens kan verbaliseer omdat dit ‘n helende effek het (Kotze, 2006:152).

Dit is moontlik om die persoonlike inligting wat benodig word, aanvanklik reeds deur ‘n vraelys te bekom (Minnie, 2001:100; 2003:248). In hierdie verband kan ’n vraelys soos uiteengesit in **Bylaag E** van groot waarde wees (hierdie spesifieke vraelys word met groot sukses in die Meier-klinieke gebruik ten opsigte van alle persone wat opgeneem word). Die inligting wat uit die vraelys na vore kom, moet vervolgens gefiltreer en geselekteer word in die mate wat dit van toepassing is op die huidige simptome en probleem van PKTS (Minnie 2003:249). Daar moet dus ‘n analise en ‘n sintese gemaak word en dit moet so wyd moontlik gedoen word sodat die oud-kultelid multidimensioneel en met ’n breë perspektief na homself kan kyk (liggaam, gees en siel).

3.4.2.1 Identifisering van alle prominente emosies

Verder moet daar saam met die beradene gefokus word op alle prominente emosies aangesien die emosies, liefde en vrees, byvoorbeeld gewoonlik teenoor mekaar staan en hierdie tipe teenstellings moet geïdentifiseer en hanteer word (Van den Berg, 2018:139). So moet daar ook na die hart gekyk word waar geloof, hoop en liefde ‘n regmatige plek moet verkry (De Macedo, 2018:64,66,75,131). Al hierdie aspekte is belangrik om die sukses van die logiese en chronologiese uiteensetting te verseker.

Ook vanuit ’n mediese en psigologiese oogpunt is dit belangrik dat oorweldigende emosies soos vrees en angs hanteer moet word ten einde langtermyn liggaamlike probleme te voorkom. Die Christen psigiater, Timothy Jennings (2018:155), verduidelik waarom hierdie kwessie so belangrik is:

> Studies confirm that pessimistic attitudes about future events cause negative physical changes in our bodies that undermine health and increase the chances of early death. Investigators found that those who had pessimistic and worrisome thoughts about the future had increased markers of inflammation in their blood (IL-6) and shorter telomeres. Both of these factors would accelerate aging and health-related problems.

Dit moet ook beklemtoon word dat die beradingsgesprek binne die beradingsituasie nooit van sy gerigtheid op God losgemaak mag word nie en die beradene moet deurgaans besef dat hy binne die waarheid van God moet beweeg en dat alle lewensvrae met die Woord in aanraking gebring moet word (Kotze, 2006:152).

Dit is heel moontlik dat daar tydens hierdie eerste onderhoudsfase reeds spontaan geraak word in die gesprek aan aspekte wat verband hou met die volgende fase, naamlik dié van ontboeseming en ontlading.

3.4.3 Ontboeseming en ontlading

Hierdie fase sluit ten nouste aan by die vorige fase. Die oud-kultelid begin hier gewoonlik vertel van sy belewenisse tydens sy betrokkenheid by die kultegroep. Hierdie ervarings is gewoonlik intense emosionele belewenisse en daarom moet dit met sorg hanteer word.

Die pastor moet bedag wees op ‘n blokkasie wat soms gelê word deur die kulte met hulle benadering van *thought stopping technique* (Hassan, 1988:61-63; Pretorius, 1996:81; Stoker, 1995:10). Soms kan dit ook wees dat die denkprosesse botsende gedagtes impliseer, en wat verband hou met waarna Pretorius (1996:82) verwys as *closed mindness.* Die kulte het ‘n bepaalde invloed met hul gevestigde paradigmas en in die gesprek moet dit blootgelê word deur aan die oud-kultelid te verduidelik waar die verdraaiing van die waarheid plaasgevind het rakende geloof. Hierdie proses is belangrik aangesien dit reeds die basis lê vir die ‘paradigmaverskuiwing’ wat later, as deel van die begeleidingsproses, moet plaasvind.

3.4.3.1 Die skryf van ’n brief

Wat betref die verdraaiing van die waarheid het die navorser telkens in die praktyk saam met oud-kultelede ervaar hoedat emosies soos byvoorbeeld vrees en skuldgevoelens, wat onder andere deur Martin (1982:67) beklemtoon word, verlammend kan inwerk. Dit kan daartoe bydra dat die beradene ’n geweldige worsteling ervaar om sy innerlike stryd te verbaliseer en uiteindelik in die geloof die tree te gee wat nodig is vir vryheid. In hierdie opsig het die praktyk die waarde bevestig van die skryf van ’n brief, soos ook in die literatuur oortuigend aangetoon word. Dit is byvoorbeeld een van die aanbevole metodes in die Christen Meierklinieke in die VSA om beradenes te help om afsluiting (*closure*) te verkry met

betrekking tot traumatiese gebeure in die verlede (vgl. in hierdie verband Hemfelt, Minirth & Meier, 2003:2008; Stoop & Masteller, 2004:173). Daar kan gebruik gemaak word van ‘n opstel of brief om skuldgevoelens en vrese (trauma) op papier neer te pen, indien dit makliker is vir ‘n oud-lid om op hierdie wyse uiting te gee aan onverwerkte emosies. Dit gee ook tyd om traumagebeure te oordink en om die emosies logies weer te gee.

In talle gevalle sal dit byvoorbeeld besondere terapeutiese waarde hê indien die beradene so ’n brief aan die voormalige kulteleier sou rig. Dit bring ’n baie persoonlike element in hierdie aksie en op hierdie wyse kan die slagoffer uiting gee aan emosies en gevoelens waarvoor hulle andersins nooit die geleentheid sou gehad het nie.

3.4.3.2 Kontrole aan die hand van die beheerstelsels

In hierdie verband is dit ook belangrik om saam met die oud-kultelid deur die verskillende beheerstelsels te werk waarna in die vorige hoofstuk verwys is. Dit bied ook die geleentheid om te identifiseer watter aspekte vanuit hierdie lys in besonder ’n houvas op hierdie persoon se lewe en denke verkry het - dit help ook om moontlike verwarrende gedagtes en emosies te orden. So het verskeie oud-kultelede al tot die ontdekking gekom van insigte en perspektiewe waaraan hulle nooit in die verlede gedink het nie.

3.4.3.3 ’n Katarsis moet plaasvind

Hierdie tweede fase is gewoonlik ook die fase waar die beradene begin besef dat hy eintlik in ’n verslawingsituasie vasgevang was. Wanneer hierdie besef begin deurdring, is daar inderdaad ’n *katarsis* wat moet plaasvind en in hierdie verband vervul die pastor/berader ’n krities belangrike rol. Coetzer (2020a:126) stel dat emosionele katarsis of die gepaste geleentheid tot ontlading van emosies, ’n kritieke deel van die vroeëre fases van bykans alle beradingsmodelle is.

> Selfontsluiting lei nie noodwendig tot ‘genesing’ nie, maar dit kan betekenisvol bydra tot die genesingsproses in sy geheel. Selfs al sou die beradingsproses nie verder vorder as bloot die fase van emosionele ontlading nie, kan dit alreeds helend wees en die begin

van ’n groeiproses stimuleer - dit kan help om die innerlike blokkasies te verwyder wat selfaanvaarding en oorlewing verhinder (Coetzer, 2020a:126).

3.4.3.4 Luisterend betrokke

Die pastor/berader moet verder ook luisterend betrokke wees (Jak 1:20; Erasmus, 1998a:1) en ook ‘n klankbord wees vir die sensitiewe psige van die oud-lid (emosie, rede en wil). Die beradene moet gevolglik begelei word tot die punt waar hy ten volle begrip kry vir die feit dat hy, afgesien van die verslawingseffek, ook aan PKTS ly. Hiermee saam moet die beginsel van genesing en hoop ook deurgaans geverbaliseer en gekommunikeer word. Hoop dui op ’n nuwe lewe en ’n nuwe seisoen wat ’n oorwinningsgrondslag het. Op hierdie punt het die gesprek dan ook spontaan begin oorbeweeg na die derde fase, naamlik dié van ontdekking.

3.4.4 Ontdekking

Hierdie is ’n belangrike fase rakende die genesingsproses van ’n oud-kultelid. Naas sy erkenning van die probleem, is die ontdekking van die harde werklikheid die belangrikste en dikwels ook van die mees traumatiese ervarings. Hier dring die besef deur van die uitsiglose en haglike situasie van emosionele aftakeling en verslawing waarin hulle hulself en dikwels ook hul gesinne begeef het. Indien hierdie besef nie ten volle deurdring in hierdie stadium nie, moet die begeleier hulle help om die konkrete feite ten volle in die oë te kyk, die skade van verlore jare te evalueer met die vaste hoop op herstel en vernuwing – dit alles is gebaseer op die kernfondasie van “wie ek is in Christus.”.

3.4.4.1 Hantering van skuldgevoelens

Enroth (1993:92) wys op die intense worsteling rondom skuldgevoelens by diegene wat uiteindelik die punt bereik waar hulle ‘n geestelik- verslawende sisteem verlaat en die besef van hul verkeerde keuses in die verlede tot hulle deurdring. Sulke kerke en groepe is voorgehou as ‘n Utopia en met ‘n skok moes daar uitgevind word dat so ‘n Utopia nie bestaan nie. Vir sommige oud-kultelede was hierdie skuldgevoelens en selfverwyte oor wat hulle hul gesinne aangedoen het, so oorweldigend dat hulle gehospitaliseer moes word en 24 uur per dag onder observasie gehou moes word omdat die selfdoodneigings

oorweldigend was (vgl. ook Pretorius, 2007a:215).
Enroth (1993:20) beskryf die geweldige verwarring waardeur sulke persone gaan soos volg:

> They will share the pain of leaving an abusive church and the struggle to adjust to life on the outside. For many of them, life in an all-encompassing Christian environment has been so devastating that they find it difficult sometimes to read their Bible, attend church, or even believe in God (vergelyk ook Dowhower, 1995:259).

Wat betref die gevolge van onverwerkte skuldgevoelens wys Jennings (2018:157) op die volgende implikasies:

> Unresolved guilt triggers the activation of the brain's fear circuitry, causing a person to stay on edge, remain hypervigilant, experience self-recriminating ruminations, and anticipate punishment or reprisal. This mental state is quite damaging and activates chronic stress pathways with subsequent activation of the immune system, increasing damaging cytokines and other oxidizing molecules and accelerating aging.

3.4.4.2 Hantering van vrees

Wat betref die emosie van vrees sal dit ook belangrik wees as deel van die pastorale begeleiding in hierdie fase, dat daar onder andere vasgestel word in watter mate hierdie emosie 'n greep gekry het op die persoon se totale menswees (liggaam, siel en gees). In hierdie opsig is dit byvoorbeeld belangrik om ook alle moontlike snellers of gevaarareas te identifiseer vanuit die verlede, en wat in die toekoms steeds 'n verlammende uitwerking sou kon hê (vgl. Coetzer 2020b:64). Jennings (2018:161) beklemtoon dat 'n gesonde spiritualiteit deurslaggewend kan wees ten opsigte van die verbreking van die bose kringloop van vrees:

> Numerous scientific studies have documented the multiple health benefits from a spirituality that reduces fear and calms the stress circuitry... Religious beliefs and practices that incite fear and anxiety are consistently demonstrated to be harmful.

Die Skriftuurlike beginsel teen gedagtes wat nie van God is nie, is naamlik

om hulle gevange te neem. Paulus verwoord hierdie aksie in 2 Korintiërs 10:4b-5 soos volg:

> Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.

Die beradene sal gevolglik ook onderrig moet word met betrekking tot die hantering van die geestelike wapenrusting van God – hoe om dit te gebruik ter beskerming teen die pyle van die vyand en veral ook die denke en gedagtes (helm van verlossing). In hierdie opsig is Efesiërs 6:10-18 besonder van toepassing. Hiermee saam sal die beradene ook begelei moet word in die aksie van kragtig weerstand te bied teen die vyand en sy aanvalle soos verwoord in Jakobus 4:7: *"Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug."*

3.4.4.3 Getuienisse van oud-kultelede

Dit is verder ook waardevol om tydens hierdie ontdekkingsfase gebruik te maak van getuienisse en gesprekke van ander oud-lede wat PKTS oorwin het. Hier is dit belangrik dat die begeleier ervaring sal hê en op hoogte van die relevante literatuur sal wees ten einde die nodige voorbeelde te kan voorhou in die begeleidingsgesprek. Verder moet die oud-kultelid ook genoeg tyd gegun word om die omvang van die geïdentifiseerde probleem te verwerk. Nie alle oud-lede sal noodwendig presies dieselfde reaksies toon as gevolg van die PKTS nie. Net soos met post-traumatiese stres oor die algemeen, verskil mense se reaksies as gevolg van 'n verskeidenheid van individuele faktore wat 'n rol kon speel.

3.4.4.4 Realisme oor tempo van genesing

Indien daar ekstreme traumatiese ervarings was, moet daar realisme wees ten opsigte van die tempo van die genesingsproses. Matsakis (1996:144) beskryf hierdie aspek soos volg:

> If you have been extremely traumatized, it may take 5, 10, or even 20 years. But that's okay; the main point is that you have begun. Your healing process will take its own course and unfold in its own time,

not according to some cookbook formula.

God is die Groot Geneesheer en die praktyk het al getoon dat slagoffers binne ’n relatief kort periode genesing en bevryding kon beleef. Dit loop egter hand aan hand met ’n volkome verbintenis aan Jesus Christus, ’n bereidwilligheid om te vergewe en vry te spreek en dan ook die nodige ondersteuningstruktuur vir die nuwe seisoen wat aangebreek het.

Die volgende fase is dié van ontnugtering.

3.4.5 Ontnugtering

Tydens hierdie fase kry die persoon die geleentheid om nugter en objektief na hulself te kyk en te besef wat hierdie kulteverslawing aan hulle (en hul gesinne) gedoen het. Eerlikheid en die waarheid moet in hierdie fase beklemtoon word en alle verdedigingsmeganismes moet geïdentifiseer en uitgekanselleer word. Indien daar nie eerlikheid tydens hierdie fase is nie, kan daar nie voortgegaan word met die hele ontlediging nie. Een van die hoofkenmerke van ‘n verslawende sisteem is die feit dat dit baie moeilik gemaak word vir kultelede om te bedank en uit te beweeg. Binne ‘n gesonde sisteem sal leiers nie hindernisse in die weg plaas van diegene wat wil bedank nie.

3.4.5.1 ’n Rouproses

Om afskeid te neem en uit te beweeg uit ’n toksies-godsdienstige sisteem impliseer inderdaad ook ’n rouproses en hiervoor het mense oor die algemeen tyd nodig (Blue, 1993:135). Emosies soos woede, depressie en wanhoop sal gevolglik normaal wees en beradenes moet aangemoedig word om geduldig te wees met hulself en hul emosies en ook aan hulself genoegsame tyd gee vir die afhandeling van hierdie proses.

> If you were hit by a bus, you would need time to recover. Something almost as serious as that has happened to you. Take time. Let yourself heal (Blue, 1993:135).

Vir die begeleier is die hantering van die verskillende stappe van rou dus ’n belangrike komponent van hierdie fase van ontnugtering. Die oud-kultelid neem afskeid van ’n lewensfase en van vriende en van ’n sisteem waarby hy (en moontlik sy gesin) vir baie jare betrokke kon gewees het en dit is letterlik soos om iemand aan

die dood af te gee. Daar sal ook gerou moet word oor geleenthede tot gebalanseerde en gesonde groei wat hulle ontneem is (vgl. Stoop & Masteller 2004: 77). Tegelykertyd word hierdie persoon bekend gestel aan 'n nuwe geestelike familie van gebalanseerde en standvastige Christen gelowiges.

3.4.5.2 Identifisering van alle vorme van ontkenning

Die identifisering van enige vorm van ontkenning (veral namate die harde werklikheid van die verlede begin deurdring) gaan ook belangrik wees tydens hierdie fase van ontnugtering. Om afstand te kan doen van ontkenning, word oor die algemeen as een van die belangrike stappe onderweg na vryheid en genesing aangedui. Die helings-proses word gewoonlik geblokkeer waar eie gevoelens asook verantwoordelikhede steeds ontken word. In die mate wat daar egter deur ontkenning gebreek word, kan die helingsproses geaktiveer word wat onder andere gaan impliseer 'n bereidwilligheid om kwesbaar en eerlik te wees namate verdere skanse en verdedigings verwyder word (Sloat 1990:36,200: Arterburn & Felton 2001:226).

Tydens hierdie afbreekproses is dit belangrik dat die gemoed skoon kom en 'n realistiese evaluering van die huidige situasie asook die toekoms kan plaasvind. Dis die tyd waarin die geeste op die proef gestel moet word of dit uit God is of nie (1 Joh 4:1)[1]. In hierdie stadium moet ook vasgestel word in watter mate die oud-kultelid moontlik ook nog vasgevang kan wees in die sirkelgang van vries, veg en vlug soos uitgewys deur Van Wijk (2010:43). Indien hierdie bose kringloop nie verbreek word nie, kan dit uiteindelik 'n spiraalgang na onder impliseer wat sou kon bydra dat so 'n persoon weer terugval. Redelikheid en eerlikheid is die wyses waarop so 'n sirkelgang in perspektief gestel word en uiteindelik getermineer word.

Die volgende fase is dié van ontlediging.

3.4.6 Ontlediging

Tydens hierdie fase is dit belangrik dat die oud-lid saam met die begeleier kortliks

[1] As deel van die pastorale gesprekvoering sal daar onder andere gelet moet word op die persoon se Godsbeskouing, mensbeskouing, Woordbeskouing, kerkbeskouing en ook standpunte rakende die sonde- en verlossingsleer

kan alles help met die proses van '*grounding*'[2] waarna soms in die psigologie verwys word. Dit help om die beradene gefokus te kry op die hier en die nou en om hulle denke gefokus te kry op dit wat realisties en gebalanseerd is. Hemfelt *et al.* (2003:269) verwys na hierdie aksie om weer vorige fases te herevalueer as "*cycling back through the stages*". Tydens hierdie fase van ontlediging moet die getraumatiseerde oud-kultelid ook in besonder gewys word op die verhaal van sy verlede voor die kulte, die fase tydens betrokkenheid, en nou nadat hy uitbeweeg het.

Die beginsel van '*grounding*' word uiteindelik gekonsolideer en afgerond in die mate wat die beradene herhalend daarop gewys word 'wie en wat sy identiteit in Christus is' – dit versterk en bevestig innerlike vertroue en vastigheid. Hierdie kan inderdaad dan ook beskryf word as 'n goue draad wat deur die hele begeleidings-proses vleg.

3.4.6.1 Vernuwing van denke

Singer (2003:271,280) wys op 'n belangrike perspektief ten opsigte van die wyse waarop PKTS benader kan word, naamlik dat die negatiewe emosies teenoor die positiewe emosies gestel moet word. Die negatiewe invloede wat dus geneig is om die oud-kultelid emosioneel af te breek, moet beantwoord en vervang word met 'n posi-tiewe oplossing. Dit impliseer inderdaad 'n deprogammering en 'n her-program-mering. In die psigologie word daar soms ook na hierdie aksie verwys as *kognitiewe herstrukturering* (Backus & Chapian, 2000:124). Jennings (2018:156) beskryf hierdie probleem soos volg:

> Many people have automated thought patterns that they learned from their childhood environmemt. They never choose to turn them on but they are alwasy active, and all life gets filtered through them. Changing these automated thought patterns is similar to learning a new language; it takes purposeful effort and often someone ouside yourself to teach you a new way of thinking (internal language or self-talk).

[2] "*Grounding is a particular type of coping strategy that is designed to "ground" you in, or immediately connect you with, the present moment. Grounding is often used as a way of coping with flashbacks or dissociation when you have post-traumatic stress disorder (PTSD)"* (White, 2018).

Vanuit ’n pastorale vertrekpunt kan Paulus se uitspraak in Romeine 12:2 hier van toepassing gemaak word:

> Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

Deur die krag van die Heilige Gees kan die negatiewe emosies wat voortspruit uit vrees en angs inderdaad herstruktureer en herprogrammeer word en kan denke hernu word - dit loop uiteindelik uit op ware verlossing en bevryding ten opsigte van die bande en kettings van verslawing.

3.4.6.2 Sirkelgang van vrees, veg en vlug

Daar moet vervolgens ook seker gemaak word dat daar geen dieper wortels of oorblyfsels van die sirkelgang van vries, veg en vlug, waarna reeds verwys is, meer aanwesig is nie. By wyse van die volgende diagram illustreer Van Wijk (2010:43) op ’n baie praktiese wyse die oorsake, invloed en gevolge van hierdie bose sirkelgang:



Verlies | Vrees | (Van Wijk, 2010:43)
Bedreiging

Wantroue
Patologiese jaloesie
Frustrasie
Bekommernis (Erasmus, 1998:3)

Skuld en skaam wees (Singer, 2003:296)

Hiermee saam sou ook nog die aspek van selfverwyt en selfveroordeling gevoeg kan word wat 'n groot blokkasie kan wees in die helingsproses. Dit is 'n probleem indien daar in een van bovermelde drie fases vasgesteek sou word, heel dikwels as gevolg van onverwerkte trauma en verwonde emosies.

Hier moet die oud-kultelid dan daarop attent gemaak word dat dit normaal is om met die nodige begeleiding deur hierdie negatiewe emosies te werk en sodoende met die trauma te deel (PKTS). Persone wat deur intense trauma geraak is, is soms onder die indruk dat hulle besig is om psigoties te raak as gevolg van die oorweldigende en wisselende emosies agterna en dat hulle moontlik steeds in gevaar kan verkeer. Dan is dit belangrik om hulle daarop te wys dat dit wat hulle beleef, normaal is vir die punt waar hulle tans is en na alles wat hulle reeds deurgegaan het. Wright (2011:214) verwoord hierdie aspek soos volg:

> By understanding that the way they react now is tied to changes in their brain, people can realize that what they're experiencing now does *not* mean the're in danger. It's still upsetting, but not as upsetting as the actual event.

3.4.6.3 Gebrokenheid vanweë die sondeval

Vanuit 'n pastorale hoek sal dit goed wees om op hierdie punt die beradene ook te wys op die feit dat die pyn, trauma en verslawing waardeur hulle gegaan het, alles uitvloeisels is van die gebrokenheid van die sondeval in die algemeen en dat Jesus Christus deur sy kruisdood heling en vryheid bewerkstellig het. In besonder is die oud-lid ook 'n sondaar en deel in hierdie gebrokenheid. Hierdie gebrokenheid in die algemeen en in besonder vra na verlossing (Ps 32; 51). Dit is die Heilige Gees

wat juis op die verkeerde wys en wat oortuig van sonde, ongeregtigheid en oordeel (Joh 16:8) asook die feit dat God se genade vir die mens genoeg is.

3.4.6.4 Hantering van ’n swak selfbeeld

Dit is vervolgens belangrik dat die swak selfbeeld gekoppel aan die emosies van verwerping, vernedering, verlies, bedreiging, wantroue, patologiese jaloesie, frustrasie en bekommernis ook hanteer sal word. In hierdie verband is daar reeds melding gemaak van die inhoud van Bylae C en D wat rondom hierdie kwessie baie sinvol aangewend kan word. Aansluitend hierby kan daar ook op die volgende lys van teenstellende emosies en gevoelens gewys word – die negatiewe emosies aan die linkerkant moet telkens vervang word met die positiewe aan die regterkant:

Negatiewe emosies:	Positiewe emosies:
Verwerping	Aanvaarding
Vernedering	Verhoging
Verlies	Wins
Bedreiging	Vreesloosheid
Wantroue	Vertroue
Wanhoop/hopeloosheid	Hoop
Patologiese jaloesie	Liefde
Frustrasie	Rustigheid
Bekommernis	Vrede
Skuldgevoelens	Bevry van skuld
Slagoffer	Oorwinnaar

Aansluitend by die bovermelde lys van positiewe teenoor negatiewe emosies gee Lindeque (2006:187) die onderstaande drie lyste wat ook die aspek van die *vernuwing van die denke* (Rom 12:2) treffend illustreer:

Negatiewe emosies:	1. Vries	Positiewe emosies:	4. Verlossing
Verwerping		Aanvaarding	5. Vergifnis
Vernedering		Verhoging	
Verlies		Wins	6. Versoening
Bedreiging	2. Veg	Vreesloosheid	
Wantroue		Vertroue	7. Vrede
Patologiese jaloesie		Liefde	
Frustrasie		Rustigheid	
Bekommernis	3. Vlug	Vrede	

As moontlik 'n agste punt aansluitend by bovermelde sewe punte sou die aspek van oorwinning bygevoeg kan word. Hierdie dien as 'n deurslaggewende hoeksteen in die bevryde mens se lewe, naamlik dat hy as oorwinnaar kan leef en dus nie meer slaaf nie maar nou kind van God en erfgenaam saam met Jesus Christus.

3.4.6.5 Hantering van alle leuens

Die Christen sielkundige, Dr Arlys Norcross McDonald (1995:209-210) toon aan hoedat daar 'n verskeidenheid van leuens is wat gewoonlik die gevolg van trauma is en dat hierdie leuens geïdentifiseer en hanteer moet word: *"A major requirement for healing is that we identifiy the specific lies we have believed and replace them with the truth."* Sy gee dan ook 'n lang tabel met tipiese leuens aan die een kant en daarteenoor Skrifwaarhede aan die ander kant wat telkens die leuen weerspreek (vgl. **Bylaag F** in hierdie verband). *"This process of therapy can, and usually does take time. In this phase the traditional weekly therapy works well."* Kruger (2010:159) sluit hierby aan as sy hierdie saak soos volg formuleer:

> Begelei die verwonde na die herskep van 'n nuwe positiewe lewens- en wêreldbeskouing deur die waarheid en leuen te onderskei, dit aan die Skrif te toets en met waarheid te belig.

3.4.6.6 Bevestigende gedagtes en gedrag

As deel van die proses van herprogrammering kan daar ook gebruik gemaak word van bevestigende gedagtes of gedrag wat gesonde uitgangspunte reflekteer ten

einde disfunksionele denke te vervang. Voorbeelde hiervan sou die volgende kon wees (vgl. Booth, 1998: 200; Coetzer, 2010b:37):

- Ek is vergenoeg.
- God help my om gesonde keuses te maak.
- Ek is verheug oor my gesonde spiritualiteit.
- Ek ervaar God se kreatiwiteit in my lewe deur byvoorbeeld my eie persoonlike gebede te skryf, deur kleurprente te teken van my innerlike kind (*inner child*) se gevoelens, of deur ’n musiekinstrument te leer speel.
- Ek verbreek my isolasie deur te sosialiseer na byeenkomste.
- Ek versorg myself deur my dag te begin met ten minste twintig minute stiltetyd.

Samevattend wat betref hierdie fase van ontlediging, kan gestel word dat in Christus deur sy Gees al die negatiewe emosies en leuens afgetakel en vervang word met positiewe emosies en met die waarheid - dit is juis alles gedra aan die kruis en die volle prys is betaal (Heb 2:18). In die verband wys Lindeque (2006:53-89) ook op Psalm 22 en Markus 5:25-34. Christus se lyding help die oud-kultelid om deur hierdie proses van loutering te kan gaan. So verlos Christus sy eiendom. Dit geskied verder ook deur Jesus Christus wat die oue mens aftakel deur sondebesef, berou en bekering en dit word vervang deur die nuwe mens in Christus. Die besef van die oue mens wat moet afsterf en die nuwe mens wat moet opstaan, is deur die werking van die Heilige Gees. Paulus verwys in Galasiërs 2:20 na hierdie proses as hy sê, *“... en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe.”* So word die lewe Christus, en die sterwe wins (Fil 1:21). Teen hierdie agtergrond maak Langone (1993:213) tereg die stelling dat die evangelie van bevryding herontdek moet word sodat mense waarlik Christene kan wees .

Wat die toekoms betref, moet oud-lede gehelp word om in Christus nuwe lewensdoelwitte te identifiseer (Langone, 1993:211). In hierdie opsig moet hulle onderrig word om nie slegs liefde en geloof te beoefen nie, maar ook die hoop in Christus na te streef (De Macedo, 2018:131; Lindeque, 2006:132). Daar moet dus ’n duidelike toekomsperspektief wees en hulle moet presies weet waarheen hulle oppad is.

3.4.7 Ontferming

Die pastor/berader in sy pastorale verhouding tot die oud-kultelid moet spreekwoordelik die bykomende kilometer saam loop (Matt 5:41). As deel van hierdie komponent van ontferming sal dit goed wees as daar ‘n omgeestrategie is waarin daar in liefde vermaan word as die oud-kultelid verkeerd handel. Hierdie persoon moet ook vertroos word in die geloof, waar dit nodig is, en versterk word in die hoop. Hy moet ook onderrig word rakende die feit dat die lewe van ‘n gelowige ‘n lewe van stryd is, maar dat daar altyd in Christus oorwinning is (Rom 8:37). Dit kan byvoorbeeld wees dat die oud-lid vervolg word en dat hulle deur ‘n proses van martelaarskap gaan - dit is egter nooit op te weeg teen die verslawing wat so ‘n kultelid reeds deurgegaan het nie.

3.4.7.1 Genesing is ’n proses

Soos reeds vermeld, sal genesing ’n proses impliseer en die oud-lid moet ook realisties wees wat dit betref. Genesing gebeur nie oornag nie en die persoon moet byvoorbeeld nie weer verval in die ou patrone van ‘n rigiede godsdienstige denkwyse wat impliseer dat God op ’n daaglikse basis gereed staan om te straf indien jy nie aan alle geestelike standaarde voldoen nie. Herstel impliseer egter gewoonlik ‘n lang proses tesame met professionele hulp (Dupont, 2004:185; Pretorius, 2007b:277).

3.4.7.2 Die terapeutiese waarde van ‘n ondersteuningsgroep

Afgesien van die rol van die pastor/berader, is die betrokkenheid deur ‘n versorgende ondersteuningsgroep uiters belangrik vir ’n oud-kultelid omdat genesing gewoonlik nie in afsondering kan plaasvind nie. Die groep bied ‘n ruimte waar persone hul gevoelens van godsdienstige beskaming en verwonding met ander kan deel. Dit beklemtoon ook die grondbeginsel dat sulke persone ander in hul lewe nodig het om te kan genees (Arterburn & Felton, 2001:239; Booth, 1991:258; Dupont, 2004:186; Henslin, 2011:108).

Die aspek van ’n ondersteuningsgroep sluit ook aan by die belangrikheid van die vestiging van bande met nuwe vriende. Namate die geestelik verwonde en getraumatiseerde persoon begin afstand doen vanaf wanfunksionele verhoudings in die siek geestelike stelsel, ontstaan daar ‘n nuwe innerlike vakuum wat gevul

moet word. Indien hierdie vakuum nie gevul word nie, kan genesing moeilik ten volle realiseer. Gepaste begeleiding sal dus daarop gefokus wees om sulke persone te bemagtig om nuwe ondersteuningstrukture om hulle gevestig te kry en dit sal veral ook gesonde vriendskappe insluit (Arterburn & Felton 2001:244; Booth 1998:257).

3.4.7.3 Skakel aanvanklik anoniem by ‘n kerk in

Om vertroue te herwin gaan lank duur omdat oud-kultelede heel dikwels emosioneel verwond en getraumatiseer is deur toksies-godsdienstige beskouinge - dit beïnvloed uiteindelik hul algemene vertroue negatief ten opsigte van alle kerke en godsdienstige leiers. Enroth (1993:20) beskryf die geweldige verwarring waardeur sulke persone gaan soos volg:

> They will share the pain of leaving an abusive church and the struggle to adjust to life on the outside. For many of them, life in an all-encompassing Christian environment has been so devastating that they find it difficult sometimes to read their Bible, attend church, or even believe in God (vergelyk ook Dowhower, 1995:259).

So ’n persoon sou gevolglik aangemoedig kan word om, wanneer hulle weer gereed is, in te skakel by ‘n kerk in die omgewing deur eredienste by te woon sonder om aanvanklik persoonlik by enige bedrywighede betrokke te raak (Dupont 2004:185; Langone, 1993:217). Die persoon sou ook vorige Christenvriende kan opsoek en saam met hulle tyd deurbring. Hulle hoef nie met sulke samekomste noodwendig godsdienstige aktiwiteite te beoefen nie. Daar kan egter bloot, sonder enige ‘bedieningsagenda’, op God se gawe van vriendskap gefokus word ten einde sodoende gaandeweg weer basiese vertroue in hul medemens en veral in Christene te herstel (Sloat 1990:204; Singer, 2003:315).

Die volgende fase is dié van opdraggewing.

3.4.8 Modellering en rigting-aangewing

Aan die oud-lid moet die nodige leiding gegee word en ook gemodelleer word ten

opsigte van die uitdra van ’n positiewe selfbeeld asook met betrekking tot die wyse waarop hy voortaan met Woord en Gees sy probleme, versoekings en beproewinge kan oorkom (Erasmus, 1998b:9). Hy moet volhard in heiligmaking, die hoop moet nagestreef word en hy moet begelei word op ’n geloofspad in sy verhouding tot God en medegelowiges – ook in hierdie opsig sal die pastor/berader as model en voorbeeld moet dien. In dit alles is daar dan ook die verantwoordelikheid op die begeleier om die beradene konstruktief te inspireer en aan te moedig sodat hy uiteindelik ‘n volwaardige lidmaat in ‘n kerk kan wees. Hierdie proses vra baie geduld, wysheid en geestelike onderskeidingsvermoë.

3.4.8.1 Gesonde geloofsgroei

Verder is dit ook so dat hoe meer intens die verwonding en trauma waardeur die beradene gegaan het, hoe groter die emosionele en geestelike skade, en hoe moeiliker gaan dit vir die persoon wees om weer gemaklik in ’n intieme geloofsverhouding met God en ander te kan tree. Verbalisering van al die onverwerkte emosionele pyn asook ventilering en kommunikasie van alle onderdrukte woede kan egter uiteindelik die weg baan vir gesonde geloofsgroei (Dupont 2004:58; Arterburn & Felton 2001:228). Indien daar hiermee saam dan ook gesonde en gebalanseerde geestelike rolmodelle is na wie opgekyk kan word, sal dit die proses van heling grootliks bespoedig en bevorder. Die ideaal is dat hierdie oud-kultelid uiteindelik die punt kan bereik waar hy self ook betrokke raak in die begeleiding en redding van ander oud-kultelede vanuit hul verslawing (vgl. 1 Kor 1; Langone, 1993:215).

3.4.8.2 Die belangrikheid van vergifnis

As deel van die helingsproses van die oud-kultelid, is die aspek van vergifnis van kritiese belang. Die geestelike leiers wat vir die misbruik verantwoordelik was, gaan waarskynlik bo-aan die vergifnislys wees en om hulle te vergewe, is gewoonlik nie ‘n kits-stap nie, maar ‘n proses. Om in hierdie stadium van die proses die beradene aan te moedig om weer ’n brief te skryf aan byvoorbeeld die kulteleier en/of die groep kan besondere terapeutiese waarde hê. Die klem in hierdie brief sal dan in besonder op vergifnis en vryspraak geplaas word (met die skryf van die eerste brief sou dit nog nie moontlik gewees het nie aangesien die klem daar meer op innerlike ontlading was). Hierdie tweede brief kan

bevrydend en verlossend wees en tegelykertyd momentum gee aan die aksie van vergifnis en innerlike oorwinning.

Soos wat die emosionele en geestelike misbruik oor ‘n lang tyd plaasgevind het, sal die genesingsproses ook tyd verg – êrens moet die eerste tree egter gegee word. Vanaf God moet die genade en instaatstelling gevra word om te kan vergewe (Dupont 2004:182). Vir die pastor/berader is dit belangrik om in gedagte te hou dat die vergifnisproses gewoonlik eers kan begin nadat die rouproses afgehandel is. Soos reeds vermeld, is daar gewoonlik ’n verskeidenheid van verliese waaroor eers gerou sal moet word, soos byvoorbeeld die verlies van geleenthede tot gebalanseerde en gesonde groei wat hulle ontneem is (sien ook Kotze 2008; Stoop & Masteller 1996:77; Worthington 2003). Daar kan ook onafgehandelde rouprosesse wees as gevolg van oordrewe geestelikheid by die ouers in die gesin van oorsprong (toksiese godsdiens) waar normale rouprosesse na verliese nie toegelaat was nie omdat dit as ‘n teken van swak geloof beskou was (Booth 1991:241). Diegene wat aanvanklik binne gesonde en stabiele milieus opgegroei het, sal oor die algemeen vinniger kan vergewe as diegene uit ’n wanfunksionele en ongebalanseerde agtergrond.

3.4.9 Opvolging

Hierdie is die laaste fase van die voorgestelde benadering tot die begeleiding van oud-kultelede met besondere verwysing na PKTS. Die uiteindelike mikpunt is dat so ’n persoon nie op die langtermyn afhanklik sal wees van die begeleier nie, maar eie verantwoordelikheid sal kan aanvaar vir hul lewe en ook dié van hul gesin. Met die nodige toerusting en begeleiding behoort hy voortaan in staat te wees om met vertroue die toekoms tegemoet te gaan.

3.4.9.1 Identifiseer tipiese gedrag wat aanleiding kan gee tot ‘n terugval

As deel van hierdie laaste fase van begeleiding en waar die oud-kultelid al meer selfstandig en onafhanklik begin funksioneer, is dit belangrik dat die begeleier asook die ondersteuningsgroep deurgaans op die uitkyk sal wees vir enige gedrag of simptome wat sou kon dui op ’n moontlike terugval. Dit moet dan so gou as moontlik hanteer word ten einde te verhoed dat die proses uiteindelik onomkeerbaar versleg. Tipiese voorbeelde in hierdie verband sal die volgende wees

wees (Arterburn & Felton, 2001:229; Martin, 1995:222; Giambaluo, 1995:151):

- Oormatige fokus op die rigiede navolging van reëls, etiese kodes of rituele.
- Geïsoleer raak binne ‘n ondersteuningsgroep en ’n gebrek aan kontak met ‘n verskeidenheid van persone.
- Outoritêre figure wat vereer word tesame met die onvermoë om hulle te bevraagteken.
- Die tendens om herhaaldelik te begin terugval op aanhalings vanuit die vorige groep se leerstellings**.**
- ’n Oormatige kritiese houding en veroordeling teenoor ander, selfs binne die ondersteuningsgroep, wat nie al die reëls en regulasies tot op die letter uitvoer nie.
- Nagmerries en hallusinasies – sommige sou selfs kan aandui dat hulle ‘stemme’ hoor. Wat ’n kleiner persentasie van oud-kultelede betref, was dit selfs nodig in die verlede dat hulle gehospitaliseer moes word as gevolg van probleme soos hierdie.
- ‘n Voortsetting van die denkwyse dat hy/sy as persoon geen eie keuses het nie en dat God al die antwoorde outomaties sal voorsien.
- Die onvermoë om mettertyd by ’n punt van selfstandige en gesonde denke, besluitneming en handeling te kan kom.
- Die onvermoë om te kan konsentreer asook korttermyn geheueverlies.
- Emosioneel oorweldig raak deur herinneringe aan onverwerkte emosionele verliese en trauma wat terugdateer na die fase voordat hulle by die kultegroep betrokke geraak het.
- Ongeduld met die huidige herstel- en genesingsproses.

3.5 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande bespreking van die tema van geestelike misbruik en verwonding binne toksies-godsdienstige en kultegroepe met besondere verwysing na PKTS, blyk dat dié verskynsel individue emosioneel en geestelik kan vernietig. Die onderskeie fases van die voorgestelde beradingsmetode wat aan die orde gestel is, is die volgende: ontmoeting, onderhoud, ontboeseming, ontdekking, ontnugtering, ontlediging, ontferming, modellering en opvolging. Die klem in hierdie model is op ’n holistiese benadering waar liggaam, gees en siel (emosies)

van belang is en waar die die oud-kultelid uiteindelik deur middel van die Skrif gebind word aan God en nie aan die pastor/berader nie. Hierdie is basies die pad van heiligmaking waar die onderskeie elemente van die heilsorde ook die nodige aandag moet ontvang (Feenstra, 1975:185-214; Heyns, 1978:298-324).

Vir die kerk in die algemeen bied hierdie tema ‘n geweldige uitdaging, aangesien talle lidmate in die verlede reeds ingetrek was by soortgelyke groepe. Indien voormelde riglyne vir die pastorale begeleiding van die verslaafde en geestelik verwonde persoon egter met die nodige kennis deur geestelike leiers toegepas word, kan dit ’n dramatiese verskil maak ten opsigte van diegene wat verward en ontnugterd geraak het deur sulke groepe. Dit sou dan inderdaad aan hulle ‘n deur kan open tot ‘n fase van nuwe geestelike groei, genesing en vryheid (vgl. Op 22:18,19).

HOOFSTUK 4
SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Vanuit hierdie studie het dit geblyk dat dit eintlik ’n vorm van verslawing is vir individue om vasgevang te wees in ’n toksies-godsdienstige en kultegroep. Indien ‘n kultelid in ’n stadium die kultegroep sou verlaat, het so ’n persoon meestal probleme om met hierdie spesifieke lewenswyse en denkraamwerk te breek. Dit is ontwrigtend vir so ’n persoon en hulle is gewoonlik gedisoriënteerd. As gevolg van hierdie problematiek het dit verder geblyk dat so ’n oud-kultelid moontlik ook sou kon ly aan ’n post-kulte-trauma-sindroom (PKTS) en dat daar tegelykertyd ’n sterk verslawende komponent gevestig kon gewees het. As deel van die PKTS kan voormalige kultelede veral ook worstel met gevoelens van verwarring, verlies, woede, vernedering en ander soortgelyke emosies. Teen hierdie agtergrond was die fokus in hierdie studie veral gerig op die traumatiese en verslawende nagevolge in die lewe van voormalige kultelede (PKTS) met dan riglyne vir die nodige pastorale begeleiding.

4.1 OORKOEPELENDE NAVORSINGVRAAG EN SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Teen bovermelde agtergrond was die oorkoepelende navorsingsvraag van hierdie studie die volgende: Watter pastorale riglyne kan geformuleer word met die oog op die begeleiding van diegene wat vasgevang was in toksiese godsdiens, met besondere verwysing na post-kulte-trauma-sindroom? Die sentrale teoretiese argument was dat die pastorale begeleiding van diegene wat vasgevang was in toksiese godsdiens, met besondere verwysing na post-kulte-trauma-sindroom, kan bydra tot beter lewenskwaliteit op emosionele, fisiese en geestelike vlakke.

4.2 DIE HANTERING VAN OSMER SE VIER TAKE

As navorsingsmodel is daar in hierdie studie van Osmer se vier-take-model gebruik gemaak. Die belangrikste gevolgtrekkings met betrekking tot elk van hierdie vier take is kortliks die volgende:

4.2.1 Die beskrywende taak

Die eerste navorsingstaak van hierdie model is *die beskrywende taak*. Dit kan saamgevat word met die vraag: "*Wat is aan die gebeur*?" By die post-kulte-trauma-sindroom (PKTS) sluit dit sake in soos die praktiese konteks van 'n kultelid, asook hoe die verbintenis met die kulte ontplooi is om afhanklikheid by die persoon te skep. Verder wil dit ook insig gee in die beheerstelsels waaraan die kultelid onderhewig was en wat steeds 'n invloed sou kon hê en gevolglik hanteer moet word wanneer die persoon die kulte verlaat. Die beskrywende taak is verder ook daarop gefokus om 'n maatstaf aan te lê waarmee 'n kulte verstaan en beoordeel kan word, juis ten opsigte van die beheer en mishandeling en traumatisering (PKTS) wat plaasgevind het en gevolglik hanteer moet word wanneer die lid die kulte verlaat.

Samevattend ten opsigte van die funksionering van 'n kulteleier kan gestel word dat hierdie persoon sy persoonlikheid misbruik ten einde sy doel te bereik van mag, eer, materiële gewin en beheer. Die sogenaamde 'hoër doel' van die groep impliseer in werklikheid 'n strategie waarop die leier sy of haar eie drange kan bevredig. In die proses heilig die doel die middel, en kan enigiets aanvaarbaar wees wat die groep (en eintlik die leier) sou bevoordeel.

Wat betref die geweldige invloed van beheer oor kultelede kan gestel word dat dit belangrik vir `n oud-kultelid is om kennis te neem van die verskeidenheid van beheerstelsels, want dit toon verder aan in watter vrees en verslawing hy homself bevind het en moontlik steeds mag bevind. Oud-kultelede is gewoonlik getraumatiseer deur beide die kulteleier en die groep.

4.2.2 Die interpreterende taak

Die volgende navorsingstaak is die interpreterende taak. Met hierdie taak word gefokus op die vraag: *"Waarom is dit aan die gebeur?"* 'n Oud-kultelid worstel heel waarskynlik met vrees, neerslagtigheid asook verslawende neigings as gevolg van jarelange betrokkenheid by 'n kultegroep – Hierdie het geblyk die tipiese simptome van PKTS te wees. In hierdie afdeling is daar vervolgens gefokus op die vraag na wat die aanleidende oorsake van PKTS is. In hierdie verband het geblyk dat die invloed van vrees en verslawing aan die kulteleier en die beheerstelsels 'n baie prominente rol vervul en uiteindelik ook 'n groot bydraende rol vervul ten opsigte van die ontwikkeling van PKTS. Daar is verder ook gelet op die spesifieke gevolge van die onderskeie

beheerstelsels selfs nadat lede weggebreek het vanaf so ’n groep.

As deel van die interpreterende taak is daar verder ook in besonder aandag gegee aan die tipiese simptome van post-traumatiese stres sindroom, met dan besondere verwysing na die gevolge van trauma en stres nadat daar vanaf ‘n toksies-godsdienstige en kultegroep weggebreek is (dit wat dan in die literatuur gedefinieer word as *post-kulte-trauma-sindroom*).

As deel van die helingsproses het geblyk dat dit belangrik is dat die oud-kultelid ten volle begrip sal verkry ten opsigte van die verloop van die hele proses sedert hy by die kultegroep betrokke geraak het. In hierdie opsig sal onder andere die talle leuens geïdentifiseer moet word waarmee so ‘n persoon geprogrammeer was terwyl al die slaggate uitgewys sal moet word waarin hulle beland het. Die realiteit van PKTS sal ook in detail bespreek moet word en daar sal vasgestel moet word in watter mate dit van toepassing is op die betrokke persoon.

4.2.3 Die normatiewe taak

Hierdie is die derde navorsingstaak wat gebaseer is op ’n basis-teoretiese vertrekpunt en Skriftuurlike beginsels. Die vraag wat hier aan die orde gekom het, is: *“Wat behoort te gebeur?”* As deel van die normatiewe taak is daar veral gelet op die pastorale implikasies rakende die kulteleier, die beheerstelsels, die fenomeen PKTS met vrees as onderbou van die verslawing, en dan ook die bevryding vanuit hierdie knegskap van ‘n kulte. Met die Skrif as basis is daar vervolgens pastoraal gefokus op die moontlike invloed van PKTS op die oud-kultelid. Bepaalde faktore het verder geblyk op ’n unieke wyse by te dra tot die PKTS van die oud-kultelid. In hierdie verband is daar in besonder gefokus op die konsep van traumabande omdat dit ’n groot bydraende rol vervul ten opsigte van die verslawende invloed van PKTS waaruit oud-kultelede moeilik bevry word.

Verder is daar ook in besonder gefokus op die konsepte van vrees, verslawing en dan ook verlossing. ‘n Oud-lid moet vervolgens pastoraal begelei kan word om nie meer te vrees nie (Luk 12:4; Matt 10:28), maar om lief te hê, nie meer ‘n slaaf te wees nie, maar ‘n vrygemaakte, ja om voortaan in Christus te wees.

4.2.4 Die pragmatiese taak

Met die pragmatiese taak word daar beoog om te bepaal hoe daar in betrokke situasies

opgetree kan word, aansluitend by Osmer se vraag: *"Wat behoort te verander?"* Met hierdie taak is daar dan ook gepoog om integrasie van al die perspektiewe vanuit die voorafgaande drie take te bewerkstellig ten einde praktyk- teoretiese riglyne te kan formuleer. Met betrekking tot die tema van die onderhawige studie gaan die pragmatiese taak gevolglik om die formulering van 'n strategies- teoretiese model ter begeleiding van diegene wat vasgevang was in toksiese gods-diens, met besondere verwysing na Post-kulte-trauma-sindroom (PKTS). Daar is verder beklemtoon dat rakende die begeleiding en intervensie by oud-kultelede, dit belangrik is ter wille van die mees effektiewe resultate, dit 'n multi-dimensionele en holistiese benadering sal wees waarby ander dissiplines, soos byvoorbeeld mediese sorg, psigologie en opvoedkunde betrek sal word. Verder is ook beklemtoon dat die beradingsbenadering wat in hierdie studie voorgestel word, geskoei is op die Woord en Gees van God. Die fokus is 'n Godgerigte benadering waarin die oud-kultelid weer in die regte verhouding kan kom met God en medemens en bevry word van die kulteverslawing.

4.3 VOORGESTELDE BERADINGSMODEL

Die voorgestelde beradingsmodel vir PKTS is aan die hand van die volgende opeen-volgende prosesse uiteengesit:

4.3.1 Ontmoeting

Tydens die eerste ontmoeting is die eerste indrukke gewoonlik blywend en gevolglik moet daar 'n vertrouensverhouding gebou word waarin die oud-lid en die pastor/berader 'n pastorale pad kan stap.

- *Hantering van oorweldigende wantroue*

  Weens die geweldige wantroue teenoor mense in die algemeen by oud-kultelede, is dit belangrik dat daar sensitief omgegaan sal word met die oud-kultelid. Wantroue word slegs oorkom deur liefde.

- *Die klem op God en sy eer*

  Deur die hele proses is die fokus nie op die berader/pastor nie, maar op God se eer en sy uitreik na die verslaafde oud-lid.

4.3.2 Onderhoud

Die berader moet in hierdie opsig ‘n besondere sensitiwiteit en empatie vir die beradene se pyn hê wanneer die beradene begin om sy gebrokenheid as’t ware op die tafel te plaas. Dit is ook belangrik dat die oud-lid die inligting vrywillig met die pastor/berader sal deel. Dit is moontlik om die persoonlike inligting wat benodig word, aanvanklik reeds deur ‘n vraelys te bekom.

- *Identifisering van alle prominente emosies*
  Daar moet saam met die beradene gefokus word op alle prominente emosies soos byvoorbeeld liefde, vrees en angs – dit kan onder andere bydra tot die voorkoming van langtermyn liggaamlike probleme.

4.3.3 Ontboeseming en ontlading

Hierdie fase sluit ten nouste aan by die vorige fase. Die oud-kultelid begin hier gewoonlik vertel van sy belewenisse tydens sy betrokkenheid by die kultegroep. Hierdie ervarings is gewoonlik intense emosionele belewenisse en daarom moet dit met sorg hanteer word.

- *Die skryf van ’n brief*
  By beradenes kan daar ’n geweldige worsteling wees om hul innerlike stryd te verbaliseer en uiteindelik in die geloof die tree te gee wat nodig is vir volle vryheid. In hierdie opsig het die praktyk die waarde bevestig van byvoorbeeld die skryf van ’n brief.

- *Kontrole aan die hand van die beheerstelsels*
  Dit is belangrik om saam met die oud-kultelid deur die verskillende beheerstelsels van ’n kultesisteem te werk aangesien dit die geleentheid bied om te identifiseer watter aspekte vanuit hierdie lys in besonder ’n houvas op hierdie persoon se lewe en denke verkry het.

- *’n Katarsis wat moet plaasvind*
  ’n Emosionele katarsis of die gepaste geleentheid tot ontlading van emosies het geblyk gewoonlik ’n kritieke deel van die vroeëre fases van bykans alle be-

radingsmodelle te wees - in hierdie verband vervul die pastor/berader ’n krities belangrike rol.

- *Luisterend betrokke*

  Die pastor/berader moet verder ook luisterend betrokke wees en ook ‘n klankbord wees vir die sensitiewe psige van die oud-lid wat betref emosies, rede en wil.

4.3.4 Ontdekking

Hier dring die besef deur van die uitsiglose en haglike situasie van emosionele aftakeling en verslawing waarin hulle hulself en dikwels ook hul gesinne begeef het.

- *Hantering van skuldgevoelens*

  By diegene wat uiteindelik die punt bereik waar hulle ‘n geestelik-verslawende sisteem verlaat, is daar dikwels ’n intense worsteling as gevolg van skuldgevoelens met betrekking tot hul verkeerde keuses in die verlede. Pastoraal moet dit dan ook hanteer word.

- *Hantering van vrees*

  As deel van die pastorale begeleiding tydens hierdie fase is dit belangrik om alle moontlike snellers of gevaar-areas te identifiseer vanuit die verlede en wat in die toekoms steeds ’n verlammende uitwerking sou kon hê. Die beradene moet ook in hierdie opsig begelei word.

- *Getuienisse van oud-kultelede*

  Dit is waardevol om tydens hierdie ontdekkingsfase gebruik te maak van getuienisse en gesprekke van ander oud-lede wat PKTS oorwin het – dit kan as ’n bemoediging en ook as rigtingwysers dien.

- *Realisme oor tempo van genesing*

  Indien daar ekstreme traumatiese ervarings was, moet daar realisme wees ten opsigte van die tempo van die genesingsproses.

4.3.5 Ontnugtering

Eerlikheid en die waarheid moet in hierdie fase beklemtoon word en alle verdedigingsmeganismes moet geïdentifiseer en uitgekanselleer word.

- *ŉ Rouproses*

  Die losmaak van en uitbeweeg uit ‘n verslawende sisteem sal dikwels ook deur mense beleef word as ‘n rouproses waarvoor tyd nodig is - emosies soos depressie, woede en selfs wanhoop sal dan normaal wees.

- *Identifisering van alle vorme van ontkenning*

  Om afstand te kan doen van ontkenning word oor die algemeen as een van die belangrike stappe onderweg na vryheid en genesing aangedui. Die helingsproses word gewoonlik geblokkeer waar eie gevoelens asook verant-woordelikhede steeds ontken word.

4.3.6 Ontlediging

Tydens hierdie fase is dit belangrik dat die oud-lid saam met die begeleier kortliks weer evalueer dit wat reeds bereik en na vore gekom het tydens die drie voorafgaande fases, naamlik dié van ontboeseming, ontdekking en ontnugtering.

- *Vernuwing van denke*

  Die negatiewe invloede wat geneig is om die oud-kultelid emosioneel af te breek, moet beantwoord en vervang word met ‘n positiewe oplossing. Dit impliseer inderdaad ŉ de-programmering en ‘n her-programmering. Romeine 12:2 is hier van toepassing.

- *Sirkelgang van vries, veg en vlug*

  Die bose sirkelgang van vries, veg en vlug moet geïdentifiseer en getermineer word. Dit is ‘n probleem indien daar in een van hierdie drie fases vasgesteek sou word, heel dikwels as gevolg van onverwerkte trauma en verwonde emosies.

- *Gebrokenheid vanweë die Sondeval*

  Beradenes moet op hierdie punt daarop gewys word dat die pyn, trauma en verslawing waardeur hulle gegaan het, alles uitvloeisels is van die gebrokenheid van die sondeval in die algemeen en dat Jesus Christus deur sy kruisdood heling en vryheid bewerkstellig het.

- *Hantering van ’n swak selfbeeld*

  Dit is belangrik dat die swak selfbeeld by oud-kultelede gekoppel aan emosies van verwerping, vernedering, verlies, bedreiging, wantroue, patologiese jaloesie, frustrasie en bekommernis, ook hanteer sal word.

- *Hantering van alle leuens*

  Daar is ’n verskeidenheid van leuens wat gewoonlik die gevolg van trauma is en dit moet ook hanteer word en vervang word met waarhede vanuit die Woord.

- *Hantering van traumabande*

  Die vraag is al dikwels gestel waarom dit so moeilik is om afstand te doen van ‘n afbrekende en vernietigende verhouding soos byvoorbeeld in ’n toksies-godsdienstige of kulte situasie. In sulke situasies is die moontlikheid gewoonlik baie groot dat traumabande die slagoffer weerhou van hulp en selfs vryheid. Selfs nadat daar weggebreek is vanaf die toksiese en verslawende groep, kan sulke bande steeds baie stewig in plek wees en moet dit dan ook hanteer word as deel van die begeleidingsproses.

- *Bevestigende gedagtes en gedrag*

  As deel van die proses van herprogrammering, kan daar ook gebruik gemaak word van positiewe en bevestigende gedagtes of gedrag wat gesonde uitgangspunte reflekteer ten einde disfunksionele denke te vervang. So ’n benadering help ook om ’n duidelike toekomsperspektief te vestig sodat die persoon ook presies weet waarheen hy op pad is. Dit impliseer ook die identifisering van nuwe lewensdoelwitte in Christus. In hierdie opsig moet hulle onderrig word om nie slegs liefde en geloof te beoefen nie, maar ook die hoop in Christus na te streef.

4.3.7 Ontferming

Die pastor/berader in sy pastorale verhouding tot die oud-kultelid moet spreekwoordelik die bykomende kilometer saam loop (Matt 5:41). Die oud-kultelid moet ook onderrig word rakende die feit dat die lewe van ‘n gelowige ‘n lewe van stryd is, maar dat daar altyd in Christus oorwinning is (Rom 8:37).

- *Genesing is ’n proses*

  Genesing gebeur nie oornag nie en die persoon moet byvoorbeeld nie weer verval in die ou patrone van ‘n rigiede godsdienstige denkwyse wat impliseer dat God op ’n daaglikse basis gereed staan om te straf indien jy nie aan alle geestelike standaarde voldoen nie.

- *Die terapeutiese waarde van ‘n ondersteuningsgroep*

  Gepaste begeleiding sal daarop gefokus wees om oud-kultelede te bemagtig om nuwe ondersteuningstrukture om hulle gevestig te kry en dit sal veral ook gesonde vriendskappe insluit. ’n Ondersteuningsgroep bied ‘n ruimte waar persone hul gevoelens van godsdienstige beskaming en verwonding met ander kan deel. Dit beklemtoon ook die grondbeginsel dat sulke persone ander in hul lewe nodig het om te kan genees.

- *Skakel aanvanklik anoniem by ‘n kerk in*

  Om vertroue te herwin gaan lank duur omdat oud-kultelede heel dikwels emosioneel verwond en getraumatiseer is deur toksies-godsdienstige beskouinge. So ’n persoon sou gevolglik aangemoedig kan word om, wanneer hulle weer gereed is, in te skakel by ‘n kerk in die omgewing deur eredienste by te woon sonder om aanvanklik persoonlik by enige bedrywighede betrokke te raak.

4.3.8 Modellering en rigting-aangewing

Aan die oud-lid moet die nodige leiding gegee word en ook gemodelleer word ten opsigte van die uitdra van ’n positiewe selfbeeld asook met betrekking tot die wyse waarop hy voortaan met Woord en Gees sy probleme, versoekings en beproewinge kan oorkom.

- *Gesonde geloofsgroei*

  Hoe meer intens die verwonding en trauma waardeur die beradene gegaan het, hoe groter die emosionele en geestelike skade, en hoe moeiliker gaan dit vir die persoon wees om gemaklik weer in ’n intieme geloofsverhouding met God en ander te kan tree. Indien daar egter gesonde en gebalanseerde geestelike rolmodelle is na wie opgekyk kan word, sal dit die proses van heling grootliks bespoedig en bevorder.

- *Die belangrikheid van vergifnis*

  Die geestelike leiers wat vir die misbruik verantwoordelik was, gaan waarskynlik bo-aan die vergifnislys wees en om hulle te vergewe, is gewoonlik nie ‘n kits-stap nie, maar ‘n proses. Vir die pastor/berader is dit belangrik om in gedagte te hou dat die vergifnis-proses gewoonlik eers kan begin nadat die rouproses afgehandel is.

4.3.9 Opvolging

Die uiteindelike mikpunt is dat die oud-kultelid nie afhanklik sal wees op die langtermyn van die begeleier nie, maar eie verantwoordelikheid sal kan aanvaar vir hul lewe en ook dié van hul gesin.

- *Identifiseer tipiese gedrag wat aanleiding kan gee tot ‘n terugval*

  As deel van hierdie laaste fase van begeleiding en waar die oud-kultelid al meer selfstandig en onafhanklik begin funksioneer, is dit belangrik dat die begeleier asook die ondersteuningsgroep deurgaans op die uitkyk sal wees vir enige gedrag of simptome wat sou kon dui op ’n moontlike terugval. Dit moet dan so gou as moontlik hanteer word ten einde te verhoed dat die proses uiteindelik onomkeerbaar versleg.

Samevattend met betrekking tot die proses soos beskryf in die voorafgaande stappe, moet die begeleiding van oud-kultelede deurgaans in interaksie geskied met ’n multidissiplinêre span wat tipies persone sal insluit soos ’n maatskaplike werker, ’n medikus, ‘n Christen sielkundige en moontlik ook ’n Christen psigiater indien die situasie dit sou vereis.

5. UITDAGINGS AAN DIE KERK ASOOK VOORKOMENDE STAPPE VIR DIE TOEKOMS

Norman Wright (2001:32) stel die volgende praktiese riglyne voor vir kerke wat bewus geraak het van godsdienstige misbruik:

- Slagoffers moet uitgenooi word om aan die kerk ’n tweede kans te bied nadat die kerk bereid was om in die openbaar belydenis te doen van die feit dat die probleem voorgekom het. (Hier gaan dit oor die aspek van moontlike voorkomende maatreëls wat die kerk sou kon tref om te verhoed dat lidmate in geestelike slagysters beland. ’n Gebrek aan die nodige toerusting tydens die opleiding van geestelike leiers is uiteraard ook hier van toepassing. Sou ’n kerk self aandadig gewees het in die geestelike verwonding en selfs verslawing van lidmate, vra dit soveel te meer belydenis deur die leierskap en inderdaad ’n radikale omkeerstrategie. ’n Treffende voorbeeld van sodanige radikale belydenis en omkeer deur ’n spesifieke kerklike leierskap, word in **Bylaag G** bespreek.
- Die verdere oogmerk moet wees dat daar voortaan gestreef sal word na die betoning van ’n inklusiewe en nie-veroordelende liefde, wat weer vir talle verwonde en ontnugterde slagoffers die deur kan open tot ’n herstelde verhouding met God.
- Die kerk moet ook in besonder daarop toegespits wees om voortaan ’n teologie van hoop, aanvaarding, liefde en heling te verkondig en te modelleer teenoor diegene wat slegs ’n beeld van God leer ken het wat eng en beperkend en veroordelend was.
- Dan moet daar ook gepoog word om ’n geestelike gemeenskap te skep waarbinne geestelike ondersoekende vrae en gesprekvoering verwelkom word en waar godsdienstige ervaring beskou word as ’n lewenslange reis saam met God.
- Laastens is dit van besondere belang dat ondersteuningsgroepe geskep sal word vir diegene wat die meeste verwond geraak het binne die eie geloofsgemeenskap (gewoonlik as gevolg van leiers wat self emosioneel verwond en getraumatiseer mag wees) en ook binne ander toksies-godsdienstige- en kultegroepe.

6. SLOT

Uit die bespreking van die tema van toksies-godsdienstige- en kultegroepe, het geblyk dat die effek daarvan verwoestend en ook langtermyn vernietigend kan wees tensy oud-kultelede die nodige pastorale hulp en begeleiding ontvang. Tipiese post-traumatiese simptome gekoppel aan ’n toksies-godsdienstige- en kultebasis, is gewoonlik aan die orde. Ons almal is aan die worstel binne ‘n gevalle wêreld en probeer daagliks onderskei met betrekking tot al die stemme wat tot ons roep, of hulle van God is of nie. Die groot uitdaging aan die gelowige is egter om die oë op Jesus Christus gevestig te hou, die groot Herder wat sy skape ken en hulle nooit sal verlaat nie.

Vir die kerk in die breë bied hierdie tema gevolglik ’n geweldige uitdaging aangesien daar geen geestelike groep of struktuur is wat outomaties immuun teen geestelike verwonding en verslawing is nie. Deur egter in voortdurende afhanklikheid van die Heilige Gees te vertrou vir die nodige geestelike onderskeidingsvermoë, weet ons dat Hy sy Kerk sal bewaar van dwaling en stewig gegrondves sal hou op sy ewige Woord en Waarheid – ja, dat Hy sy Kerk in ’n steeds groter mate sal toerus met dit waarna Paulus in 1 Korintiërs 12:10 verwys naamlik *“... die gawe om tussen die geeste te onderskei.”*

7. VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING

As moontlike temas vir verdere navorsing, voortspruitend vanuit die onderhawige studie sou die volgende temas aangedui kan word:

- Die moontlike invloed van sosiale media ten opsigte van die werwing van potensiële lede vir toksies-godsdienstige- en kultegroepe: ’n Pastorale studie.

- Onverwerkte trauma en emosionele verwonding as bydraende faktore tot kwesbaarheid vir betrokkenheid by toksies-godsdienstige- en kultegroepe: ’n Pastorale studie.

Belangrike sleutelterme:

Afrikaans:

- Toksiese godsdiens
- Kulte
- Post-Kulte-Trauma-Sindroom
- Trauma
- Pastorale berading
- Post-traumatiese stres sindroom

Engels:

- Toxic religion
- Cult
- Post-Cult-Trauma-Syndrome
- Trauma
- Pastoral counselling
- Post-traumatic stress syndrome

BYLAAG A

DIE INVLOED VAN GODSDIENSTIGE SKAAMTE (*RELIGIOUS SHAME*)
(*Henslin, 2011:93*)

Op elkeen van die volgende vrae moet 'ja' of 'nee' geantwoord word:

1. Is dit vir jou moeilik om 'n gevoel van vryheid te beleef wanneer jy jou sonde teenoor God of teenoor iemand anders bely het? Met ander woorde, het jy sluimerende gevoelens van skuld wat jy nog nooit heeltemal kon aflaai nie?

Ja	Nee

2. Laat dit jou ongemaklik voel wanneer ander persone plesierig is en die lewe geniet?

Ja	Nee

3. Wanneer jy seergemaak voel of kwaad is, ervaar jy dan outomaties skuld-gevoelens omdat jy so voel?

Ja	Nee

4. Is dit vir jou moeilik om aan iemand anders te vertel hoe jy regtig voel omdat jy bang is dat hy/sy moontlik mag dink dat jy 'n swak Christen is?

Ja	Nee

5. Ervaar jy gevoelens van verleentheid wanneer jy sukses behaal?

Ja	Nee

6. Is dit vir jou moeilik om ten volle te kan ontspan en jouself te geniet?

Ja	Nee

7. Is jy geneig om jouself vanaf gesinslede en vriende te onttrek wanneer jy seergemaak voel of wanneer jy iets verkeerd gedoen het?

Ja	Nee

8. Is God vir jou die streng en ongevoelige Regter wat jy nooit tevrede gestel sal kan kry nie?

Ja	Nee

9. Voel jy ongemaklik met en/of ervaar jy probleme om jou seksualiteit te geniet?

Ja	Nee

10. Voel dit deurgaans vir jou asof jy nooit ‘n “goed genoeg Christen” sal wees nie?

Ja	Nee

11. Is jy te gou om andere te kritiseer en/of te oordeel?

Ja	Nee

12. Is jy vinnig op die verdediging wanneer iemand aan jou ‘n vraag vra en/of aan jou opbouende terugvoering te gee?

Ja	Nee

13. Voel jy nou depressief en/of kwaad nadat jy deur hierdie lys vrae gelees het?

Ja	Nee

Tel al jou ‘ja’ antwoorde bymekaar en gebruik dan die volgende riglyn as aanduiding van waar jy jouself mag bevind betreffende godsdienstige skaamte (*religious shame*):

0 – 2 ‘ja’ antwoorde: Jy was besonder gelukkig tot dusver in jou lewe om nie veel blootgestel te gewees het aan godsdienstige skaamte nie.

3 – 5 ‘ja’ antwoorde: Daar is waarskynlik redelike vlakke van godsdienstige skaamte in jou denke en emosies. Dit sal goed wees indien jy op hoogte kom betreffende ‘n tema soos hierdie ten einde in staat te wees om meer duidelike grense te trek.

6 – 13 ‘ja’ antwoorde: Dit is noodsaaklik dat jy onmiddellik betrokke raak by ‘n onder-steuningsgroep.

BYLAAG B

REMUDA RANCH SE GEESTELIKE INVENTARIS
(Darden, 2005:14-17)

Remuda Ranch is ’n Christelike eetversteuringskliniek in Phoenix, Arizona, en hulle publiseer die tydskrif, Remuda Review (Die organisasie se naam het intussen verander na The Meadows). In ’n artikel wat in 2005 gepubliseer is (Darden 2005:14), word verwys na ’n meetinstrument wat deur hulle ontwikkel is waarmee persone geëvalueer kan word wat blootgestel was aan godsdienstige misbruik. Hierdie vraelys word gratis deur hulle beskikbaar gestel aan professionele persone (www.remudaranch.com) - hulle webadres het intussen verander na: www.themeadows.com). Omdat die veld van geestelike verwonding nog grootliks braak lê in terme van navorsing, is dit belangrik om kennis te neem van bydraes soos hierdie (vgl. Cumella 2005b:19; Cumella 2005a; Darden 2005:14).

Wat die volgende inventaris betref moet in gedagte gehou word dat dit bedoel is vir persone wie tans 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus het of in die verlede gehad het. Vervolgens is 'n aantal groepe van stellings. Ten opsigte van elke groep, omkring die nommer wat jou oortuigings en gevoelens die beste beskryf. Slegs een stelling per groep mag omkring word. Indien meer as een stelling van toepassing is, omkring dan slegs die een wat *jou die beste beskryf of van toepassing op jou is.* Lees asseblief al die stellings sorgvulgidg voor jy 'n antwoord kies.

1. 0. Ek glo persoonlik in God en het 'n persoonlike verhouding met Hom.
   1a. Ek glo in 'n persoonlike God, en ek **het** 'n persoonlike verhounding meg Hom gehad.
   1b. Ek glo persoonlik in God maar het nooit 'n intieme, persoonlike verhouding met Hom gehad nie.
   2. Ek het begin twyfel aan die bestaan van 'n persoonlike God.
   3. Ek glo nie meer in God nie.

2. 0. Ek weet God is liefde, en ek voel gereeld Sy liefde vir my in my hart.
   1. Ek weet God is liefde, en ek weet Hy het my lief, maar ek ervaar daardie liefde bitter min.
   2. Ek weet God is liefde, maar ek vind dit moeilik om te glo dat Hy my liefhet.
   3. As daar werklik 'n God was, is Hy nie baie liefdevol nie.

3. 0. Ek is geleer dat Jesus my liefhet net soos ek is, en ek glo met my hele hart dat Hy my liefhet net soos ek is.
   1. Ek is geleer dat Jesus my slegs liefhet solank ek optree soos wat Hy van my verwag, maar ek het begin glo dat Hy my liefhet soos ek is.
   2. Ek is deur woorde geleer dat Jesus my liefhet net soos ek is, maar die onderliggende boodskap wat ek ontvang het en aanvaar het, is dat ek eers aan sekere standaarde moet voldoen om sodoende werklik deur Hom liefgehê te word.
   3. Selfs al was Jesus daar, is daar geen manier dat Hy my kan liefhê nie.

4. In die algemeen was die Christene wat ek in my kinder- en tienerjare geken het:
   1. Liefdevolle mense wat God se liefde en genade gedemonstreer het.
   2. Net soos alle ander mense.
   3. Wetties en veroordelend.
   4. Beledigend and selfregverdigend.

5. 0. My herinneringe aan die kerk toe ek jonger was, is wonderlike herinneringe van warmte en liefde.
   1. Ek onthou dat ek as kind kerk toe gegaan het maar nie baie daarvan gehou het nie.
   2. Ek het nie kerk bygewoon tydens my grootwordjare nie.
   3. Gedurende my grootwordjare, was ek geforseer om 'n streng wettiese kerk by te woon waar ek meesal skaam gevoel het oor myself.

6. Gedurende tye van pyn en nood:
    1. Is ek bygestaan en het die liefde van mense ontvang wie openlik hulle geloof in Jesus Christus bely en geleef het
    2. Ek is bygestaan en het die liefde ervaar van ten minste een persoon wat openlik sy geloof in Christus uitgeleef het.
    3. Ek is nooit bygestaan deur enigiemand wat beweer het dat hulle geloof in Jesus Christus het nie.
    4. Christene is die mense wat die minste geneig is om te help wanneer iemand in nood is.

7. 0. Ek ervaar die liefde en teenwoordigheid van Jesus Christus in my lewe.
    1. Ek het die liefde van Jesus Christus eens op 'n tyd in my lewe ervaar, maar tans voel Hy baie ver van my af.
    2. Tot op hierdie stadium in my lewe, het ek nog nooit die liefde van Jesus Christus persoonlik ervaar nie.
    3. Jesus is nie deel van my lewe nie en ek twyfel of Hy ooit sal wees.

8. 0. Ten minste was een van my ouers 'n liefdevolle Christen wat my deur woord en voorbeeld geleer het van die liefde en genade van Jesus Christus.
    1. Minstens een van my ouers was 'n Christen en het my goed behandel, maar het min oor Jesus gepraat.
    2. Geen een van my ouers was Christene nie.
    3. Minstens een van my ouers was 'n Christen, maar tog kon ek nooit voel dat ek aan hulle standaarde of verwagtinge kon voldoen nie.

9. 0. Ek bid gereeld elke dag. Gebed is 'n belangrike deel van my lewe.
    1. Ek bid gereeld elke dag, en soms help dit.
    2. Ek bid gereeld elke dag, maar ek kan nie sê dat dit iets vir my doen nie.
    3. Ek glo dat gebed net 'n mors van tyd is.

10. 0. Ek het ten minste een liefdevolle omgee-persoon in my lewe met wie ek identifiseer op 'n geestelike vlak (byvoorbeeld - ek het diegene wat saam

met my bid, saam met my Bybelstudie doen of praat oor wat my geestelike toestand is).

1. Ek het iemand met wie ek soms oor geestelike dinge praat.
2. Daar is geen persone in my lewe met wie ek gereeld identifiseer op ’n geestelike vlak nie, maar ek is seker dat dit baie sou help indien daar so iemand was.
3. Ek het geen begeerte om met enigiemand te praat oor geestelike sake nie.

11. 0. Ek woon gereeld kerk by (of byeenkomste met ander Christene) ten opsigte van Bybelstudie, gebed, en/of lofprysing en ek baat baie deur hierdie byeenkomste.
1. Ek woon soms kerk by (of byeenkomste met ander Christene) ten opsigte van Bybelstudie, gebed en/of lofprysing.
2. Ek woon nie gereeld kerk of byeenkomste met ander Christene by nie.
3. Ek het geen behoefte om kerk of enige ander godsdienstige byeen-komste by te woon nie.

12. 0. 'n Kerk is ...
1. 'n Plek waar ek troos en gemeenskap met ander Christene vind.
2. Aanvaarbaar.
3. 'n Plek vol van skynheiliges.

13. 0. Ek lees byna elke dag Bybel omdat ek daarvan hou om van God te leer, om Bybel te lees help my baie in my alledaagse lewe.
1. Al lees ek nie elke dag Bybel nie, wanneer ek dit wel doen voel ek gewoonlik geseënd.
2. Ek lees nooit, of byna nooit, Bybel nie.
3. Ek voel dat ek Bybel behoort te lees en voel skaam en skuldig wanneer ek dit nie doen nie.

14. 0. Ek hou van samekomste met and Christene.
1. Ek sou graag samekomste met ander Christene wou bywoon maar tans kry ek nie 'n plek waar ek voel ek inpas nie.

2. Ek het dit nog altyd moeilik gevind om met mense wat hulself Christene noem, te identifiseer.
3. Ek het geen behoefte om saam met Christene te wees nie.

15. 0. Selfs al gaan dit soms moeilik, was God nog altyd getrou – Hy het my nog nooit teleurgestel of in die steek gelaat nie.
1. Soms voel ek God het my in die steek gelaat en dan is ek kwaad vir Hom, maar binne in my *weet* ek Hy het my nie regtig in die steek gelaat nie.
2. Ek kan nie sê dat God my ooit in die steek gelaat het nie want ek het Hom nog nooit regtig vir iets vertrou nie.
3. Op die oomblik glo ek dat God, al was Hy regtig daar, my regtig in die steek gelaat het.

16. Ek sou myself beskryf as:
1. 'n Wedergebore Christen.
1a. 'n Christen.
1b. Nuuskierig oor Jesus Christus.
2. Ek was eens 'n Christen, maar het opgegee daarmee.
3. Ek het absoluut geen belang in Jesus Christus nie.

17. As Christus skielik voor my sou verskyn, sou ek die volgende voel:
1. Ekstaties.
2. Geskok.
3. Beskaamd.

18. Ek was:
1. Nog nooit mishandel deur iemand wat sê hy is 'n Christen nie.
2. Gering mishandel (fisies, seksueel of emosioneel) deur iemand wat homself as Christen voorgedoen het nie.
3. Ernstig en herhaaldelik mishandel (fisies, seksueel en emosioneel) deur iemand wat hom voorgedoen het as 'n Christen.

19. Christene wat emosionele probleme ervaar, is:
1. Soms net so geestelik gelowig as enige ander Christen.

2. Swakker as ander Christene maar net so geliefd by God.
3. Gewoonlik besig om te oes wat hulle gesaai het.

20. Wanneer ek dink aan my eie en die sondes van ander mense:
    1. Voel ek gewoonlik God se vergifnis en ek kan daarom ook vergifnis aan andere bied.
    2. Ek weet dat God vergewe, maar ek voel nie altyd vergewe nie en vind dit moeilik om ander mense te vergewe.
    3. Ek voel gereeld die oordeel en verwerping van God oor myself en andere.

21. Wanneer mense praat oor die liefde van Jesus Christus, voel ek...
    1. Vol blydskap.
    2. Niks.
    3. Skaamte.

22. Die laaste tyd…
    1. Het ek 'n sterk begeerte gevoel om nader aan God te kom en meer tyd te spandeer met mense wat Hom liefhet.
    2. Ondervind ek min verandering in my geestelike belangstellings.
    3. Ondervind ek dat ek wil wegbeweeg (of wegbly) van enigiets wat met God te doen het.

23. Ek voel…..
    1. Geestelik sterk.
    2. Onseker oor my geloofslewe.
    3. Beskaamd oor wie ek is.

24. Watter stelling beskryf jou Christelike lewe die beste:
    1. Wonderlik.
    1a. Goed.
    1b. Bevredigend.
    2. Dit bestaan nie.
    3. Beskaamd.

25. Deur te luister na musiek wat God vereer…

1. Bemoedig my.
2. Is vervelig.
3. Wil my laat weghardloop.

26. Die kerk wat ek bywoon, demonstreer die genade en liefde van Jesus Christus.

1. Die kerk wat ek bywoon is vriendelike, maar mense leer ken mekaar nie *werklik* nie.
2. Ek woon selde of ooit kerkdienste by.
3. Ek gaan na 'n kerk waar daar baie druk is om op 'n sekere manier op te tree om aanvaar of liefgehê te word.

27. Geestelik…

1. Wil ek werklik groei en meer soos Jesus word.
2. Als is omtrent dieselfde as wat dit altyd was.
3. Ek voel beskaamd, skuldig en onwaardig.

28. Wanneer versoekings ervaar het...

1. Het ek ondervind dat God altyd 'n uitweg gehad het, of ek dit nou aanvaar het of nie.
2. Soms het ek alleen gevoel met geen uitweg nie.
3. Ek het omtrent altyd alleen en oorweldig gevoel, en ek glo nie dat God 'n weg vir my voorsien het nie.

Hier onder volg enkele stellings. Omkring asseblief die nommer aan die regterkant van die stelling wat aandui of iets baie waar, soms waar of onwaar ten opsigte van jouself is.

		Baie waar	**Soms waar**	**Onwaar**
29.	Emosioneel voel ek dat, maak nie saak hoe hard ek probeer nie, ek kan God nie tevrede stel nie.	2	1	0
30.	Ek glo dat ek minder probleme sou hê as my saak met God reg was.	2	1	0

31.	Mense wie belangrik vir my is, het gesê dat my huidige probleme die gevolg is van my sondes en/of gebrek aan geloof.	2	1	0
32.	Ek voel dat ek 'n teleurstelling vir God is.	2	1	0
33.	Ek glo dat ek al my probleme te bowe sou kon kom as ek net meer geloof gehad het.	2	1	0
34.	Ek glo dat dit God behaag om probleme aan my toe te vertrou.	2	1	0
35.	Ek het God herhaaldelik belowe dat ek sal ophou met sekere gedrag wat ek weet Hom nie behaag nie. Tog hou ek aan om dieselfde ding oor en oor te doen. As gevolg hiervan, kan ek nie glo dat ek aanvaarbaar vir God kan wees nie.	2	1	0
36.	Ek voel God se geduld is op met my.	2	1	0
37.	Ek glo dat as ek net harder werk om 'n Christen te wees, ek nie so depressief sou wees nie.	2	1	0
38.	Dit is God en ek - ek het nie regtig iemand anders nodig nie.	2	1	0
39.	Ek het God so baie gefaal, dat dit moeilik vir my is om te bid of tyd met Hom te spandeer.	2	1	0

40.	Ek weet God help almal, maar ek **voel** so ver van hom dat ek sonder hoop voel.	2	1	0
41.	Ek glo dat Christene nie ander mense moet vertel as hulle probleme het nie, want dis 'n swak getuienis van die krag van God.	2	1	0
42.	Ek was al so seergemaak in die lewe dat dit moeilik is vir my om te glo dat daar 'n liefdevolle God is wat vir my omgee.	2	1	0
43.	Wanneer ek tussen mense is wat lyk of hulle goeie Christene is, voel ek skaam vir my self of selfs jaloers.	2	1	0
44.	Ek voel meestal beskaamd.	2	1	0
45.	Om my gees te ontwikkel is nie vir my so belangrik as om my liggaam of intellek te ontwikkel nie.	2	1	0
46.	Ek wy nie aandag aan of beplan om aandag te gee aan my geestelike groei nie.	2	1	0

47. Omkring asseblief die nommer op die onderstaande lyn wat aandui hoe naby of ver jy van God gevoel het die afgelope week asook vandag.

0 1 2 3 4 5 6

Baie naby Naby Ver Baie ver

Die Geestelike Inventaris kan verkry word deur al die omkringde antwoorde bymekaar te tel om sodoende 'n enkele totaal vir elke beradene te kry. Deur middel van die totaal kan die volgende interpretasie verkry word:

Geen ongemak	**0 – 23**
Geringe ongemak	**24 - 33**
Matige ongemak	**34 - 42**
Erge ongemak	**43 - 51**
Ekstreme ongemak	**52 - 115**

BYLAAG C

MY WARE IDENTITEIT: WIE IS EK IN CHRISTUS? (Anderson & Park, 2003:72-73)

Ek is aanvaar in Christus

- Ek is God se kind (Joh 1:12)
- Daar is vrede tussen my en God (Rom 5:1)
- Ek is Christus se vriend (Joh 15:15)
- Ek is ' n uitverkorene van God (1 Pet 1:1)
- Ek is ' n geliefde van God (1 Joh 2:7)
- Ek is vrygespreek (Rom 5:1)
- Ek is een met die Here (1 Kor 6:17)
- Ek is duur gekoop en behoort aan God (1 Kor 6:20)
- Ek is deel van die Liggaam van Christus (1 Kor 12:27)
- Die Heilige Gees woon in my (Rom 8:9)
- Ek is heilig (Ef 1:1)
- Ek is aangeneem as kind van God (Ef 1:5)
- Ek het direkte toegang tot God (Ef 2:18; Hebr 10:19)
- Ek is verlos en vergewe van my sonde (Kol 1:14)
- Ek is volkome in Christus (Kol 2:10)

Ek is veilig in Christus

- Ek is waarlik vry (Gal 5:1)
- Ek is vry van die oordeel en van alle aanklagte teen my (Rom 8:1-2; 33-34)
- Ek kan nie van die liefde van God geskei word nie (Rom 8:35)
- Ek is bevestig, gesalf en beseël deur God in Christus (2 Kor 1:21)
- Ek is met Christus in God geborge (Kol 3:3)
- Niemand kan my uit God se hand ruk nie (Joh 10:28-29)
- Die goeie werk wat God in my begin het, sal voltooi word (Fil 1:6)

- Ek is 'n burger van die hemel (Fil 3:20)
- Ek lewe vir ewig (Joh 11:26)
- Ek het 'n gees van krag, liefde en selfbeheersing, nie van vrees nie (2 Tim 1:7)
- Ek ontvang barmhartigheid en genade wanneer ek dit nodig het (Hebr 4:16)
- Ek is uit God gebore en die duiwel het geen houvas op my nie (1 Joh 5:18)
- Hy wat in my woon is groter as hy wat in die wêreld woon (1 Joh 4:4)
- Alles werk vir my ten goede mee (Rom 8:28)

Ek is belangrik in Christus

- Ek is die sout van die aarde en die lig vir die wêreld (Mat 5:13,14)
- Ek is 'n loot van die ware wynstok, waardeur Sy lewe vloei (Joh 15:1,5)
- Ek is uitverkies en aangestel om vrugte te dra (Joh 15:16)
- Ek is ' n persoonlike getuie van Christus (Hand 1:13)
- Ek is God se tempel (1 Kor 3:16)
- Ek is ' n bedienaar van versoening (2 Kor 5:18-19)
- Ek is God se medewerker (2 Kor 6:1)
- Ek heers saam met Christus in die hemele (Ef 2:6)
- Ek is God se skepsel, sy vakmanskap (Ef 2:10)
- Ek mag God met vrymoedigheid nader (Ef 3:12)
- Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee (Fil 4:13)

BYLAAG D

DRIE WAARHEDE OOR MY IDENTITEIT IN CHRISTUS

(Pieterse, 2010:416)

Ek is aanvaar in Christus

- Ek is God se kind (Joh 1:12)
- Daar is vrede tussen my en God (Rom 5:1)
- Ek is Christus se vriend (Joh 15:15)
- Ek is 'n uitverkorene van God (1 Pet 1:1)
- Ek is 'n geliefde van God (1 Joh 2:7)
- Ek is vrygespreek (Rom 5:1)
- Ek is een met die Here (1 Kor 6:17)
- Ek is duur gekoop en behoort aan God (1 Kor 6:20)
- Ek is deel van die Liggaam van Christus (1 Kor 12:27)
- Die Heilige Gees woon in my (Rom 8:9)
- Ek is heilig (Ef 1:1)
- Ek is aangeneem as kind van God (Ef 1:5)
- Ek het direkte toegang tot God (Ef 2:18; Hebr 10:19)
- Ek is verlos en vergewe van my sonde (Kol 1:14)
- Ek is volkome in Christus (Kol 2:10)

Ek is veilig in Christus

- Ek is waarlik vry (Gal 5:1)
- Ek is vry van die oordeel en van alle aanklagte teen my (Rom 8:1-2; 33-34)
- Ek kan nie van die liefde van God geskei word nie (Rom 8:35)
- Ek is bevestig, gesalf en beseël deur God in Christus (2 Kor 1:21)
- Ek is met Christus in God geborge (Kol 3:3)
- Niemand kan my uit God se hand ruk nie (Joh 10:28-29)
- Die goeie werk wat God in my begin het, sal voltooi word (Fil 1:6)
- Ek is 'n burger van die hemel (Fil 3:20)

- Ek lewe vir ewig (Joh 11:26)
- Ek het 'n gees van krag, liefde en selfbeheersing, nie van vrees nie (2Tim 1:7)
- Ek ontvang barmhartigheid en genade wanneer ek dit nodig het (Hebr 4:16)
- Ek is uit God gebore en die duiwel het geen houvas op my nie (1 Joh 5:18)
- Hy wat in my woon is groter as hy wat in die wêreld woon (1 Joh 4:4)
- Alles werk vir my ten goede mee (Rom 8:28)

Ek is belangrik in Christus

- Ek is die sout van die aarde en die lig vir die wêreld (Mat 5:13,14)
- Ek is 'n loot van die ware wynstok, waardeur Sy lewe vloei (Joh 15:1,5)
- Ek is uitverkies en aangestel om vrugte te dra (Joh 15:16)
- Ek is 'n persoonlike getuie van Christus (Hand 1:13)
- Ek is God se tempel (1 Kor 3:16)
- Ek is 'n bedienaar van versoening (2 Kor 5:18-19)
- Ek is God se medewerker (2 Kor 6:1)
- Ek heers saam met Christus in die hemele (Ef 2:6)
- Ek is God se skepsel, sy vakmanskap (Ef 2:10)
- Ek mag God met vrymoedigheid nader (Ef 3:12)
- Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee (Fil 4:13)

BYLAAG E

AGTERGROND INVENTARIS VAN BERADENES

(*Meier & Wise, 2003:134*)

In die Meier klinieke word daar van die volgende lys opdragte en vrae gebruik gemaak ten einde beradenes te help om beter selfkennis te bekom en tegelykertyd ’n volledige agtergrond geskiedenis van die betrokke persoon te verkry.

Ontmoet die innerlike ‘jy’

- Beskryf waar jy woon en of jy getroud, enkellopend of geskei is.
- Beskryf jou huweliksmaat/verloofde en sy/haar werk. Wat is jou gevoelens omtrent jou maat op hierdie stadium?
- Beskryf jouself. Wanneer en waar is jy gebore?
- Beskryf jou pa en sy beroep.
- Beskryf hoe jou pa jou hanteer het gedurende die eerste ses jaar van jou lewe.
- Beskryf enige situasies waar jou pa moontlik emosioneel, fisies of seksueel jou misbruik of op onvanpaste wyse teenoor jou opgetree het – ook wat betref sy optrede teenoor jou broers/susters, jou ma en enigiemand anders.
- Gee ’n beskrywing van die dinge wat jy van hou betreffende jou pa.
- Gee ’n beskrywing van enigiets wat jy graag sou wou verander met betrekking tot die wyse waarop jou pa jou behandel het.
- Kyk na jouself deur jou pa se oë – wat sien jy?
- Beskryf hoedat die werklike jy verskil van die persepsie wat jou pa van jou het of gehad het.
- Beskryf die emosies wat jy gewoonlik teenoor jou pa beleef het tydens jou grootword jare.
- Lewe jou pa steeds? Indien nie, wanneer en hoe is hy oorlede?
- Beskryf enige fantasieë aangaande sy toekomstige verhouding met jou wat vernietig is toe hy gesterf het.

- Wanneer jy ook al mansvriende gekies het gedurende jou lewe tot dusvêr, was jy geneig om persone te kies wat soos jou pa was? Waarom dink jy het jy sulke keuses gemaak?
- Sou hierdie keuses moontlik ’n manier wees om ’n vakuum in jou binneste te vul omdat jy emosioneel nooit so ná aan jou pa was as wat jy gewens het julle kon wees nie? Of sou hierdie keuses van mansvriende onbewustelik verband kon hou met ’n poging om jou pa te ‘*fix*’? Beskryf enige van die maniere wat jy dink jy moontlik ook poog om hierdie mansvriende van jou te ‘*fix*’.
- Het jy ooit onbewustelik probeer om wraak te neem op jou pa deur in wraaksugtige verhoudings betrokke te raak met hierdie ‘vader-substitute’? Indien wel, brei dan uit hierop.
- Beskryf die negatiewe dinge wat jy vir jouself sê wanneer jy ’n fout gemaak het.
- Sal jy hierdie selfde negatiewe dinge aan jou beste vriende sê? Waarom of waarom nie?
- Waarom sê jy hierdie dinge vir jouself? Is enige van hierdie stellings gebaseer op boodskappe vanaf jou pa wat hy teenoor jou of van jou gemaak het?

Dink baie mooi na oor bovermelde stellings en vrae en neem dan jou Bybel en skryf heel voor in die verklaring dat jy vandag besluit het om jou eie beste vriend(in) te word en teken vandag se datum daarby aan – teken dan ook daarby. Jy gaan ook poog om voortaan nooit weer die tipe negatiewe dinge aan jouself te sê wat jy nie eens vir jou beste vriend(in) sal sê nie.

Kom ons let vervolgens op ’n klompie verdere negatiewe innerlike uitsprake wat verwonde persone soms vir jare lank met hulle saamdra:

- Het jou pa enige negatiewe boodskappe soms aan jou gekommunikeer sonder om dit noodwendig in woorde uit te spel? Moontlik het hy nieverbale boodskappe aan jou gegee, soos byvoorbeeld dat jy hom nie moet pla nie aangesien hy besig is. Het hy miskien by geleentheid ’n sportberig in die koerant gelees terwyl jy gevoel het dat hy eintlik daardeur nie kans gesien het vir die emosionele krisis waarin jy jouself op daardie oomblik bevind het nie? Wat onthou jy hiervan?

- Watter ander soortgelyke boodskappe – wat geïmpliseer het dat hy nie beskikbaar is nie – het hy ook aan jou verbaal of nieverbaal gegee?
- As jy terugdink aan hierdie dinge uit die verlede, voel dit vir jou asof jy maar net kan doodgaan? Indien jou antwoord 'ja' is, haal dan diep asem en ontspan terwyl jy nadink oor hierdie moeilike kwessie. Dit is belangrik dat jy moeilike aspekte soos hierdie sal hanteer teen 'n pas waarmee jy gemaklik is.
- Is dit miskien moontlik dat elke keer tydens jou jong volwasse (of volwasse) lewe toe jy gewens het dat jy sommer net kon doodgaan, dit die gevolg kon wees van soortgelyke gevoelens tydens jou kinderjare? Beskryf enige gebeure tydens jou kinderjare toe jy maar net na 'n oorlas gevoel het en van mening was dat andere beter af sou wees as jy nie meer daar sou wees nie.
- Het jy dit beleef dat jou pa onvoorwaardelik lief is vir jou, of het jy gevoel dat jy sy liefde moes verdien? Beskryf dit.
- Baseer jy jou eiewaarde steeds op dit wat jou pa van jou in die verlede gedink het of wat hy steeds vandag van jou dink?
- Aangesien daar ses biljoen mense op hierdie planeet is en jou pa slegs een van hulle is, kan jy nou sien hoe vrugteloos dit is om jou opinie te baseer op een enkele ander persoon se opinie?

Teen hierdie tyd besef jy seker dat jou pa sy eie klomp probleme gehad het wat niks met jou te doen gehad het nie. Sommige van jou pyn in jou verhouding met jou pa kon die gevolg gewees het van jou pa se eie innerlike worsteling en soeke na antwoorde. Die waarheid is dat dit nie jou skuld was dat jou pa nie nader aan jou was as wat die geval was nie.

Terwyl jy bovermelde vrae beantwoord het, het jy moontlik ook besef dat die eintlike kwessie nie soseer met jou pa was nie maar eerder met jou ma – of jy kon verwerping en pyn beleef het met betrekking tot beide ouers. Sou jou ma die eintlike bron gewees het van al jou probleme dan moet jy teruggaan en bovermelde vrae weer deurgaan maar hierdie keer haar naam oral invul. Moenie voel dat dit abnormaal is wanneer jy selfs bewoë raak soos wat jy deur hierdie vrae werk nie.

Talle van die probleme wat ons ervaar in ons verhoudings met moeilike persone hou verband met die tipe verhouding wat ons met ons ouers gehad het. Aangesien

85% van jou volwasse persoonlikheid reeds gevorm is gedurende die eerste ses jaar van jou lewe, is dit so dat die verwagtinge wat ons het van hoe ander persone teenoor ons sal reageer en optree, heel dikwels verband hou met kondisionering tydens ons kinderjare. Soos wat jy deur hierdie vrae en stellings werk, gaan jy heel waarskynlik belangrike ontdekkings oor jou eie lewe maak.

Wat van die ander kinders?

Noudat ons na jou ouers gekyk het, kom ons verskuif die fokus na die res van die gesin.

- Hoeveel broers en/of susters was julle?
- Beskryf jou rol in jou gesin van oorsprong. Is jy die oudste van die kinders, die middelkind of die jongste? Hoe was jou interaksie met die res van die gesin vanuit jou rol wat jy moes vervul?
- Moes jy by tye as substituut-ouer optree, wat meegebring het dat jy eintlik beroof is van jou kinderjare? Dink terug aan alles wat gebeur het en oorweeg jou antwoord sorgvuldig.
- Was jy ooit die swartskaap?
- Was jy ooit behandel of hanteer soos ’n substituut-maat vir jou ouer van die teenoorgestelde geslag?
- Het jy ooit besef dat die frase ‘emosionele bloedskande’ van toepassing is op kinders wat substituut-ouers moet wees, en dat dit ingrypende negatiewe gevolge op jou kon hê?

Baie persone is net so sterk beïnvloed deur hul broers en susters as deur hul ouers. Talle van jou huidige verwagtinge kan die gevolg wees van die optrede of woorde van een van hierdie persone en jy is steeds besig om te reageer daarop, of jy is besig om die oorspronklike konflikte en moeilike situasies uit te reageer. Spandeer heelwat tyd deur na te dink wat jou ervaring was van hierdie moeilike situasies. Indien daar ’n spesifieke moeilike situasie was gekoppel aan ’n spesifieke broer of suster, gaan dan weer deur die vorige lys vrae en vul hierdie betrokke persoon se naam daar in.

Kom ons let vervolgens op ’n ander tipe situasie.

Wat van God?

- Het jy ’n persoonlike verhouding met God?
- Beskryf hoe dit begin het en hoe jy dit tans beleef.
- Hoe sou jy God beskryf?
- Wat sou Hy moontlik op hierdie oomblik van jou dink?
- Is daar enige sterk ooreenkoms tussen jou beskrywing van God en dit wat jy van jou pa of ma of broer of suster gesê het? (jou antwoord kan moontlik vir jouself ’n openbaring wees).
- Is dit moontlik dat jy die liefdevolle God van die Bybel verwar het met jou eie projeksies van jou pa of ma? Dink ’n bietjie hieroor na.
- Is dit moontlik dat jy as kind onbewustelik eintlik iets soos die volgende kon gedink het wanneer jy gebid het saans voordat jy in die bed geklim het: *Liewe hemelse weergawe van my aardse pa (of ma of broer/suster)?* Indien dit wel die geval was, dan moet jy, voordat jy jou antwoord neerskryf, nou eers stop en ’n ander gebed bid. Is jy gewillig om te bid: *“Liewe God, wie U ook al in werklikheid is, sal U asseblief Uself aan my bekendmaak en my help deur hierdie fase van my lewe?”*

  Vra jouself af of hierdie presies dit is wat jy nou moet bid. Indien jy vrede daaroor het, plaas hierdie bundel eers eenkant en praat met God en vra Hom om Homself aan jou bekend te maak soos wat Hy werklik is. Spandeer ’n paar minute in gebed terwyl jy vir God vra om voortaan ’n belangrike deel van jou lewe te wees.

Kom ons let vervolgens op enkele ander destruktiewe wyses waarop jou lewe beïnvloed kon gewees het in die verlede.

Wat van die negatiewe situasies in jou verlede?

- Was jy ooit emosioneel, fisies of seksueel misbruik deur enigiemand in jou lewe?

  Indien wel, gee dan ’n kort agtergrond van elke situasie en persoon wat jou ooit op enige wyse misbruik het (Beskryf dit hardop sommer nou, indien moontlik. Laat jouself toe om jou eie woorde te hoor terwyl jy die detail beskryf van wat met jou in die verlede gebeur het).

- Indien jy een of meer soortgelyke slegte ervarings gehad het, het jy toe gevoel dat daar ’n ouer of enigiemand anders of God was wat jou nie beskerm het tydens daardie krisisse nie?
- Besef jy dat die ouer wat kennis gehad het van die gebeure en nogtans toegelaat het dat jy misbruik word, eintlik presies dieselfde skade jou aangedoen het as die misbruiker self (*just as abusive as the person who hurt you*). Hoe laat ’n gedagte soos hierdie jou op hierdie oomblik voel? (Beskryf jou gevoelens hardop indien moontlik).

Jy hoef nie al die leuens te glo wat deur verwonding op jou geprojekteer is nie. *“You are of infinite worth and deserve to be loved. You deserve to be loved by people who know all of your secrets.”* Dit sal goed wees om nou ook te blaai na Psalm 139 en te lees hoedat God reeds met jou besig was in jou moederskoot en dat Hy elke dag en elke oomblik aan jou dink.

Indien daar enige wraakgedagtes in jou binneste is betreffende enige persoon en selfs ook teenoor God omdat jy mag voel dat Hy jou nie beskerm of ingegryp het nie, dan het dit nou tyd geword om al daardie emosies en gedagtes vir Hom te gee.

Kom ons let nou weer op ’n ander area.

’n Kykie na jou emosionele geskiedenis

- Het jy tydens jou jeugjare dikwels meer depressief gevoel as jou vriende?
- Was daar depressie by sommige van jou ander gesinslede. Indien wel, gee dan ’n beskrywing van die persoon of persone wat daarmee geworstel het en ook die tipe depressie wat hulle gehad het.
- Is of was daar ander familielede wat ’n probleem gehad het met depressie, angs of ander emosionele probleme. Indien wel, gee dan ’n beskrywing.
- Sou jou depressie moontlik geneties kan wees? Sou dit die gevolg van omstandighede kan wees? Of beide?
- Het jy ooit so depressief gevoel dat jy eerder wou doodgaan?
- Het jy ooit selfmoord probeer pleeg of baie naby daaraan gekom?

- Wat was die kragbronne waaruit jy kon put wat vir jou deur sulke moeilike tye gedra het?

Die feit dat jy nie selfmoord gepleeg het nie getuig onder andere van innerlike moed, krag, sterkte en hoop by jou. Jy was heldhaftig genoeg om jouself aan die lewe te hou te midde van ontsettende pyn. Dit getuig ook van die Here se genade. Jy kan jouself verheug oor hierdie sterkpunte waaroor jy beskik sowel as oor God se genade wat groot was.

Kom ons kyk vervolgens vêrder na depressie. Daar kon ook ander faktore gewees het wat 'n rol gespeel het.

- Hoeveel keer in jou lewe het jy 'n intense depressie ervaar wat langer as 'n maand geduur het en waartydens jy moontlik ook op so 'n laagtepunt was dat jy net wou doodgaan?
- Het sulke depressies sommer uit die bloute op jou toegesak en uiteindelik 'n patroon in jou lewe geword? Of het dit gebeur nadat jy verwerping ervaar het of deur 'n krisis fase geworstel het? Beskryf die omstandighede.
- Sou dit aan die ander kant moontlik wees dat jy 'n fisiese probleem gehad het soos oorerwing van lae serotonien vlakke of lae skildklier hormoon vlakke – beide hierdie faktore kon so 'n intense depressie veroorsaak het dat jy met selfmoord gedagtes kon worstel?
- Wanneer was die laaste keer dat jy innerlike vrede en vreugde beleef het vir 'n paar maande aaneen?
- Beleef jy dit ooit dat jy oormatig gelukkig voel vir twee of meer dae na mekaar, terwyl jy dan geneig is om vinniger te praat en gesprekke te domineer? Slaap jy tydens sulke fases minder, met woelende gedagtes deur jou kop terwyl jy soms dan ook geneig is om 'n groot klomp geld met jou kredietkaart te spandeer? Raak jy dan in flirtasies betrokke, vol van nuwe kreatiewe idees, oorweldig deur grandiose gevoelens of probleme om stil te sit en daarom altyd aan die beweeg?
- Talle persone het bipolêre versteurings oorgeërf wat verantwoordelik kan wees vir die tipiese simptome soos in die vorige punt beskryf. Indien bovermelde

beskrywing van toepassing is op jou dan is dit waarskynlik nodig dat jy by ’n psigiater sal moet uitkom vir ’n gemoed stabiliserende medikasie sowel as ’n antidepressant (indien jy slegs ’n antidepressant ontvang, kan dit selfs die bipolêre simptome laat versleg – beide hierdie tipe medikasies is nodig vir persone met bipolêre gemoedswisselings).

- Het jy ooit die bekommernis ervaar sonder enige goeie rede dat jou telefoon getap word of dat iemand jou dalk wou vergiftig. Het jy ooit die neiging gehad om paranoïes te raak – heeltyd die gevoel dat vreemdelinge negatiewe dinge van jou sê of dat jy in ’n winkel tussen die rakke deur agtervolg word?

Die vrese soos aangedui in bovermelde vrae sou daarop kon dui dat jy by ’n psigiater medikasie moet ontvang wat die dopamien balans kan herstel en gevolglik die paranoia laat opklaar, gewoonlik binne ’n paar dae. Hoe langer ’n persoon egter paranoïes bly en nie medikasie ontvang nie, hoe moeiliker raak dit op die langtermyn om volkome te herstel.

- Het jy ooit lewenslange patrone ontwikkel om dinge te begin tel sodra jy ’n vertrek binnestap? Jy maak drie keer na mekaar seker saans dat die deure gesluit is? Jy was jou hande 20 of 30 keer per dag? Honger jy jouself uit uiteindelik tot by ’n on- veilige gewigsgrens of braak jy kompulsief ten einde jou gewig onder beheer te probeer hou?

Dit is moontlik dat kompulsiewe aktiwiteite ’n aanduiding kan wees dat jy met obsessiewe-kompulsiewe patrone worstel in ’n poging om kontak met jou eie emosies te probeer vermy. Al hierdie tipe gedrag is behandelbaar en jy sal net die stap moet neem om by ’n professionele persoon uit te kom. Medikasie wat veral op die serotonien vlakke gefokus is, kan gedrag en gewoontes soos hierdie binne ’n maand of twee laat verdwyn. Sommige persone met obsessiewe-kompulsiewe versteuring (OCD) kan herstel slegs deur middel van terapie, terwyl andere nie sal kan herstel sonder ’n hoë dosis van serotonien medikasie nie.

Ons het hierbo ’n verskeidenheid van areas gedek ten einde jou te help om in kontak met jouself te kom. Jy behoort na dese ook jouself heelwat beter te verstaan. Jy sou

moontlik ook meer begrip verkry het betreffende sekere gebeure in die verlede. Indien daardie moeilike persoon in jou lewe oop sou wees vir hierdie tipe vraelys dan moet jy hom/haar aanmoedig om ook deur dit te gaan.

BYLAAG F

DIE WOORD VERVANG ELKE LEUEN
(McDonald, A.N., 1995:201)

Die Christen sielkundige, Dr Arlys Norcross McDonald (1995:201), gee die volgende lys van tipiese leuens wat geglo word deur getraumatiseerde en emosioneel verwonde persone. Die leuen is telkens in die linkerkantste kolom en dan daarteenoor die waarheid vanuit die Woord, wat die leuen weerspreek en vervang;

Leuens wat ek glo	**Wat sê God?**
Ek is sleg.	Ek is vrygespreek in Christus (Fil 3:). *"Geseënd is dié wat rein van hart is..."* (Mat 5:8). Ek is gelykvormig aan die beeld van God se Seun (Rom 8:29).
Dit is nie aanvaarbaar om te huil en emosie te toon nie (*It's not OK to cry*).	*"Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring"* (Ps 126:5) "*Jesus het gehuil"* (Joh 11:35).
Dit is nie aanvaarbaar om te voel en te ervaar nie (*It's not OK to feel*).	Die Woord van God onderskei die gedagtes en bedoelinge van die hart (Hebr 4:12). Jesus het intense meegevoel en empatie beleef met emosioneel verwonde mense (Mat 9:36; Mark 1:41). *"Geseënd is dié wat treur..."* (Mat 5:4)
Ek moet eerder swyg.	*"Praat die waarheid met mekaar..."* (Sag 8:16).

	“Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat...” (Ef 4:25). *“Dag en nag is ek in trane...”* (ek stort my siel uit; Ps 42:4).
Hierdie dinge gebeur nie regtig nie (ontkenning).	*“... mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei”* (Hebr 5:14)
Ek is ’n verloorder	*“Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet”* (Rom 8:37). *“Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog...”* 2 Kor 2:14.
Ek worstel met ’n identiteitskrisis (*It’s unacceptable to be me*).	*“Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God”* (Ef 1:6). Ek is God se handewerk (Ef 2:10)
Ek is sleg en lelik.	*“U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering...”* (Ps 139:14).
Ek is ’n swakkeling.	“*My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is"* (2 Kor 12:9). *“... Julle krag lê in stil wees en vertroue hê...”* (Jes 30:15).
Ek is waardeloos.	“*Want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer*” (Fil 2:13). *“Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee”* (Fil 4:13).

	"*Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte..."* (Joh 15:5).
Ek is emosioneel kreupel.	"... Maar ons, ons het die Gees van Christus..." (1 Kor 2:16).
Ek is te kwesbaar en swak om die oorwinning te kan behaal.	Ek beskik oor die volle wapenrusting van God (Ef 6:11-18). "Geen wapen wat gesmee word om jou aan te val, sal iets uitrig nie..." (Jes 54:17).
Ek voel nêrens veilig nie.	*"U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou"* (Ps 91:2). Ek kan skuiling en beskerming vind by die Allerhoogste (Ps 91:1).
Ek voel totaal eensaam en verworpe.	*"... God self het gesê: 'Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie'"* (Hebr 13:5)

BYLAAG G

VOORBEELD VAN RADIKALE BELYDENIS EN OMKEER DEUR TOKSIESE KERKLIKE LEIERSKAP

(Meier et al., 2005:11-12)

In 1990 het ‘n Joodse maatskaplike werkster wat ‘n Christen was, na die VSA gereis om in een van die Meier klinieke behandel te word. Sy het gely aan ‘n lewenslange obsessiewe kompulsiewe versteuring en as gevolg hiervan soms daagliks geworstel met selfmoord drange. Tog was sy baie lief vir die Here en het Hom met oorgawe gedien.

Uit ondersoeke in die kliniek in die VSA het geblyk dat sy ‘n genetiese versteuring gehad het wat verband gehou het met serotonien vlakke. Met die nodige behandeling asook regte dieet het haar obsessiewe gedagtes en gedrag spoedig opgeklaar en ervaar sy vreugde en vrede vir die eerste keer in haar lewe. Terug in Israel oortuig haar sinagoge (sy was lid van die sg. Messiaanse Jode) haar dat dit verkeerd is om medikasie te neem wat ‘n invloed op die brein kan hê. Hulle opinie was dat gewone medikasie in orde was maar met betrekking tot enige psigiatriese probleme moet daar egter totaal op geloof en gebed vertrou word.

Sy het gevolglik op hul aandrang haar medikasie getermineer en binne ‘n paar weke was al die ou gedrag en selfmoord neigings weer terug. In reaksie hierop het die sinagoge leiers ‘n gebrek aan geloof aan haar kant geblameer vir haar fisiese terugval. Oorweldigende emosies van verbittering, skuldgevoelens en verwarring het gevolglik daartoe gelei dat sy haarself uiteindelik opgehang het.

Die Christen psigiater, Dr Paul Meier, in wie se kliniek sy behandel is in die VSA het na hierdie tragiese gebeure hiervan te hore gekom en daarna uitgereik en betrokke geraak by hierdie betrokke sinagoge met ‘n akademiese en geestelike opvoedingsproses. Dit het toe uiteindelik gelei het tot ‘n belydenis deur sommige van die leierskap betreffende hul woorde en dade teenoor die betrokke maatskaplike werkster. Hulle was inderdaad goeie mense met goeie be-doelinge, maar totaal onkundig. Tans gebruik dieselfde sinagoge verskeie van dr

Meier se boeke as deel van hul toerusting van lidmate wat opgelei word in pastorale berading.

BRONNELYS

APA:

kyk American Psychiatric Association (APA)

Adams, J.E. 1970. Competent to counsel: introduction to nouthetic counseling. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Adams, J.E. 1979. *A theology of Christian counseling: more than redemption*. [Kindle ed.]. Grand Rapids, MI: Zondervan. Available from Amazon.

Almendros, C., Carrobles, J.A. & Carballeira, A.R. 2009. Reasons for leaving: Psychological abuse and distress reported by former members of cultic groups. *Cultic studies review,* 8(2):111-138.

American Psychiatric Association (APA). 2013. *Diagnostic and statistical manual of mental disorders.* 5th ed. Washington, DC.

Anderson, N.T. & Park, D. 2003. *Overcoming negative self-image*. Ventura, CA: Regal.

Arterburn, S. & Felton, J. 2001. *Toxic faith. Experiencing healing from painful spiritual abuse.* Colorado Springs, CO: Shaw Books.

Arterburn, S., Meier, P. & Wise, R. 2002. *Fear less for life*. Nashville, TN: Thomas Nelson.

Avalanche of the soul. 2015a. Three major signs you're in a trauma bond. https://avalancheofthesoul.wordpress.com/2015/08/27/3-major-signs-youre-in-a-trauma-bond/
Datum van toegang: 9 Maart 2020.

Babbie, E. 2011. *Introduction to social research*. 5th edition. Belmont, CA: Wadsworth Publishing.

Backus, W. & Chapian, M. 2000. *Telling yourself the truth*. Minneapolis, Minnesota: Bethany House Publishers.

Ballard, Z. 2017. Trauma bonding & the narcissist – nobody does it better! http://www.thenarcissisticpersonality.com/trauma-bonding/ Datum van toegang: 9 Maart, 2020.

Blakeley, K. 2017. Ten signs you're in a 'trauma bond' with an abusive spouse https://cafemom.com/lifestyle/162086-10_signs_youre_in_a Datum van toegang: 9 Maart 2020.

Blue, K. 1993. *Healing spiritual abuse. How to break free from bad church experiences.* Downers Grove, Il: InterVarsity Press.

Booth, L. 1998. *When God becomes a drug. Breaking the chains of religious addiction and abuse.* Dalkeith, UK: SCP Publishers Ltd.

Breed, D.G., Van Rensburg, F.J. & Jordaan, G.J.C. 2008. Manlik en vroulik in die kerk: geslagtigheid en die besondere dienste. Potchefstroom: PTP.

Bruijnaers, J. 2017. Geld, macht en seks: Een verkennend onderzoek naar schadelijke sektarische bewegingen in Nederland. *Psyche & Geloof,* 28(4):196-209.

Carnes, P. 1997. *The betrayal bond*. Deerfield Beach, FL: Health Communications.

Clinton, T., Hart, A. & Ohlschlager, G. 2005. *Caring for people God's way.* Nashville, TN: A Joint Publication & Service Ministry of the AACC & Thomas Nelson Publishers

Clinton, T. & Hawkins, R. 2011. *The popular encyclopaedia of Christian counselling.* Eugene, OR: Harvest House Publishers.

Cloud, H., Townsend, J., Carder, D. & Henslin, E. 2011. *Unlocking your family patterns. Finding freedom from a hurtful past.* Chicago, IL: Moody Publishers.

Coates, D.D. 2012. A symbolic interactionist understanding of the selves of former members of new religious movements. *Mental health, religion and culture,* 16(10):1-14.

Coetzer, W.C. 2010a. Pastorale begeleiding van die geestelik verwonde persoon. *Verbum et Ecclesia,* 31(1): 1-7.

Coetzer, W.C. 2010b. Godsdiens: middel tot verslawing of tot heling? *Acta Theologica,* 30 (1):19-38.

Coetzer, W.C. 2017. *Vasgevang in traumabande*. Potchefstroom (Ongepubliseerde bundel).

Coetzer, W.C 2020a. *Trauma – die meedoënlose vyand. Praktiese riglyne vir Pastorale begeleiding*. Potchefstroom: PTP.

Coetzer, W.C. 2020b. *Die angel van toksiese godsdiens*. Pretoria: Bindworx.

Coetzer, W.C. 2020c. *Die brein kan die liggaam benadeel of genees*. Pretoria: Bindworx.

Collins, G.R. 2007. *Christian counseling*. Nashville, TN: Thomas Nelson.

Collins, G.R. 2008. *Die A tot Z van berading: die mees omvattende gids*. 4de uitg. Paarl: Struik Christelike Boeke.

Cumella, E. J. 2005a. 'Religious abuse: why, what, and how to help', lesing gelewer by die tweejaarlikse internasionale konferensie van die *American Association of Christian Counselors*, in Nashville, Tennessee, 28 September, 2005.

Cumella, E. J. 2005b. 'Religious abuse', *The Remuda Review* 4(2):17-20.

Danley, C.J. 2004. International factors which contributed to one's ambivalence around leaving a cult. Boston, MA: Massachusetts School of Professional Psychology. (Thesis – PhD).

Darden, R. A. 2005. Spiritual assessment and treatment strategies, *The Remuda Review* 4(2):14-17.

De Jongh Van Arkel J.T. 1987. *A paradigm for pastoral diagnosing*. Pretoria – UNISA (DTH – Thesis).

De Klerk, B.J. & De Wet, F.W. eds. 2013. *Met die oog op God. Voorveronderstellings van die Reformatiese invalshoek op Praktiese Teologie*. Potchefstroom: PTP.

De Macedo, J.A. 2018. *"Redemptive counselling" revisited: a pastoral study*. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – PHD).

Deyoung, R.R. 2009. A single-case design implementing eye-movement desensitization and reprocessing (EMDR) with an ex-cult member. *Cultic studies review*, 8(2):139-153.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. *Research at grass roots*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Erasmus, J.J.J. 1998. Beradingsmodel. Potchefstroom. (Ongepubliseerd).

Dowhower, R.L. 1995. Guidelines for clergy. In: Langone, M.D. ed. 1995. *Recovery from cults. Help for victims of psychological and spiritual abuse*. New York, NY: W.W. Norton & Company, pp. 251-262.

Du Plessis, P.J. 1978. *Die briewe van Johannes*. Kaapstad: N.G. Kerk Uitgewers.

DuPont, M.A. 2004. *Toxic churches. Restoration from spiritual abuse*. Grand Rapids, MI: Chosen Books.

Enroth, R.M. 1993. *Churches that abuse*. Grand Rapids, MI: Zondervan Publishing House.

Feenstra, J.G. 1975. *Leer en lewe*. Bloemfontein: Sacum.

Ferreira, A.M. 2014. *'n Pastorale ondersoek na die inrigting van geestelike en emosionele herstel in kontemporêre modelle vir innerlike genesing*. Potchefstroom: NWU. (PhD – Proefskrif).

Giambaluo, C. 1995. An exit counselor's perspective. In: Langone, M.D. ed. *Recovery from cults. Help for victims of psychological and spiritual abuse.* New York, NY: W.W. Norton & Company, pp. 148-154.

Gibson, L. 2009. 'What is spiritual abuse?' http://www.spiritualabuse.org/introduction.html. Datum van toegang: 14 Julie 2020.

Groenewald, E.P. 1977. *Die pastorale briewe*. Kaapstad: N.G. Kerk Uitgewers.

Hassan,S. 1988. *Combatting cult mind control*. Rochester, VT: Park Street Press.

Hemfelt, R., Minirth, F. & Meier, P. 2003. *Love is a choice*. Nashville, TN: Thomas Nelson.

Henslin, E. 1995. 'Guilt-ridden baggage: The role of religious shame'. In: Carder, M.A., Henslin, E., Townsend, J., Cloud. H. & Brawand, A. (eds.), *Secrets of your family tree. Healing for adult children of dysfunctional families.* Chicago, IL: Moody Press, pp. 93-112.

Herman, J.L. 1997. *Trauma and recovery. The aftermath of violence – from domestic abuse to political terror*. New York, NY: BasicBooks.

Heyns, J.A. 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: N.G. Boekhandel.

Heyns, L.M. & Pieterse H.J.C., 1990. *Eerste tree in die praktiese teologie*. Pretoria: Gnosis Boeke.

Hicks, R. 1996. *Trauma, the pain that stays*. Grand Rapids, MI: Fleming H Revell.

Hoffman, D. & Hamburg, P. 1989. Psychotherapy of cult members. In: Galanter, M. ed. *Cults and new religious movements: a report of the committee on psychiatry and religion of the American Psychiatric Association.* Washington, DC: American Psychiatric Publishing, Inc. pp.153-174.

Introvigne, M. 2014. Advocacy, brainwashing theories, and new religious movements. *Religion,* 44(2):303-319.

Jennings, T.R. 2018. *The aging brain*. Grand Rapids, MI: BakerBooks.

Johnson, D. & VanVonderen, J. 1991. *The subtle power of spiritual abuse*. Cape Town: Struik Christian Books.

Kent, S.A. 2012. Religious justifications for child sexual abuse in cults and alternative religions. *International Journal of Cultic Studies,* 3:49-54.

Kotze, H.P. 2006. *Pastorale begeleiding van persone wat as gevolg van onverwerkte trauma spesifieke siektetoestande ervaar*. Potchefstroom – NWU (MA – Verhandeling).

Kotze, H.P. 2008. *Die belangrikheid van die stappe van rou en vergifnis in die herstelproses van die emosioneel verwonde persoon – 'n Pastorale studie*. Potchefstroom – NWU (PhD – Proefskrif).

Kruger, R. 2010. *Pastorale begeleiding van die emosioneel en geestelik verwonde persoon met betrekking tot geïnternaliseerde leuens*. Potchefstroom, NWU (Proefskrif – PhD).

Langone, M.D. 1993. *Recovery from Cults*. New York, NY: W.W. Norton.

Letsosa, R.S. 2013. Metateoretiese vertrekpunte ten opsigte van wetenskaplike navorsing in Kategetiek. In: De Klerk, B.J. & De Wet, F.W., reds. 2013. *Met die oog op God: voorveronderstellings van die reformatoriese invalshoek op Praktiese Teologie.* Potchefstroom: PTP. p.253-280.

Lifton, R.J. 1961. *Thought reform and the psychology of totalism: a study of "brainwashing" in China*. London: Victor Gollanz.

Lindeque, R.C. 2006. *Die pastorale berading van persone met gekompli-seerde trauma.* Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – Ph.D.).

Louw, D.J. 2014. *Cura animarum* as *cura vitae*: *an existential hermeneutical approach to wholeness in pastoral caregiving within the theological framework of the compassion of God.* Voordrag gelewer by die Teologiese fakulteit van die NWU op 17 Oktober, 2014.

Martin, P.R. 1982. *The kingdom of the cults*. Minneapolis: Bethany House.

Martin, P.R. 1993. *Cult proofing your kids*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Martin, P. R. 1995. Post-cult recovery: assessment and rehabilitation. In: Langone, M.D. ed. *Recovery from cults. Help for victims of psychological and spiritual abuse.* New York, NY: W.W. Norton & Company. pp.203-231.

Marshall, C.& Rossman, G.B. 1995. *Designing qualitative research*, 2nd ed. Thousand Oaks, CA: SAGE.

Meier, P. & Wise, R. 2003. *Crazy makers*. Nashville, TN: Thomas Nelson.

Minnie, F.G. 2001. *Pastorale berading aan die streslyer in die SAPD*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – MA).

Minnie, F.G. 2003. *Bybelse berading aan die persoon geaffekteer deur MIV/VIGS.* Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – PhD.).

Martin, W. 1997. *The kingdom of cults*. Minneapolis: Bethany House.

Matsakis, A. 1996. *I can't get over it: handbook for trauma survivors*. Oakland, CA: New Harbinger.

McDonald, A.N. 1995. *Repressed memories. Can you trust them?* Grand Rapids, MI: Fleming H. Revell.

Meier, P., Clements, T., Bertrand, J. & Mandt, D. 2005. *Blue Genes*. Wheaton, Il: Tyndale

Miller-McLemore, B. ed. 2012. *The Wiley-Blackwell Companion to Practical Theology*. [Kindle uitgawe] Chichester: Wiley-Blackwell. Beskikbaar vanaf Amazon.

Mundle, W. 1979. Fear. In: Brown, C., ed. *The new international dictionary of New Testament theology. Vol. 1*. Grand Rapids, MI: Zondervan. p. 622.

Neuman, W.L. 2000. *Social research methods: qualitative and quantitative approaches*, 4th ed. Boston, MA: Allyn & Bacon.

Oakes, L. 2015. *Prophetic charisma: The psychology of revolutionary religious personalities*. Syracuse, NY: Syracuse University Press.

Oates, W.E. 1970. *When religion gets sick*. Philadelphia, PA: The Westminster Press.

Oblak, R. 2019. Cultic abuse recovery: counseling considerations. *International Journal of Cultic Studies*, 10:1-13.

Ohman, A. 2000. Fear and anxiety: evolutionary, cognitive, clinical perpectives. In: Lewis, M. & Haviland-Jones, J.M., *eds*. *Handbook of emotions*. 2nd ed. London: Guilford. pp.573-593.

Osmer, R.R. *Practical Theology: An introduction*. 2008. Grand Rapids, MI: William B Eerdmans.

Peck, S. 2003. *The road less travelled*. New York, NY: Touchstone.

Pieterse, M.E. 2010. *Kreatiwiteit by volwassenes as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare – 'n pastorale verkenning*. Potchefstroom: NWU (PHD – Proefskrif).

Pretorius, S.P. 1996. *The church of scientology: godsdiens, kerk of kulte*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling– MA).

Pretorius, S.P. 1998. *Die evangelieverkondiging aan kultelede met spesifieke verwysing na die Jehovah-getuies*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Ph.D.).

Pretorius, S.P. 2004. Mind control: the secret weapon utilised by religious cults to control their followers. *Koers,* 69(4):607-621.

Pretorius, S.P. 2007a. Establishing mutual ground that enables counseling of religious cult victims. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap,* 43(4):201-216.

Pretorius, S. P. 2007b. 'Seemingly harmless new Christian religious movements in South Africa pose serious threats of spiritual abuse', *Hervormde Teologiese Studies* 63(1):261-281.

Pretorius, S.P. 2008. The need to understand the emotions of anger, fear and guilt when counselling religious cult victims. *Koers* 73(2):265-282.

Pretorius, S.P. 2013. The 'love' that religious cults offer and its effects on members. *Tydskrif vir Christelike wetenskap*, 49(3):181-201.

Ripley, J.S. & Worthington, E.L. 2014. *Couple therapy a new hope-focused approach*. Downers Grove, IL: Inter Varsity Press.

Robbins, D.A. 1978. Theory and research on today's "new religions". *Sociological Analysis,* 39(2):95-122.

Rosen, S. 2014. Cults: a natural disaster – Looking at cult involvement through a trauma lens. *International Journal of Cultic Studies,* vol. 5, pp.12-29.

Ross, R.A. 2014. *Cults inside out*. North Charleston, SC: Create Space Independent Publishing Platform.

Rotschild, B. 2000. *The body remembers. The psychophysiology of trauma and trauma treatment*. New York, NY: W.W.Norton & Company.

Reardon, J. 2013. What does it mean to fear God? *Christianity Today.* https://www.christianitytoday.com/biblestudies/bible-answers/spirituallife/what-does-it-mean-to-fear-god.html
Datum van toegang: 1 Augustus 2020.

Rubin, A. & Babbie, E. 2001. *Research methods for social work*, 4th Ed. Belmont, CA: Brooks/Cole.

Samsel, M. 2017. Abuse and relationships - trauma bonding. http://www.abuseandrelationships.org/Content/Survivors/trauma_bonding.html - Datum van toegang: 8 Maart 2020.

Schiraldi, G. R. 2009. *The post-traumatic stress disorder sourcebook: a guide to healing, recovery and growth*. New York, NY: McGraw-Hill.

Sinclair, N.D. 1993. *Horrific traumata. A pastoral response to the post-traumatic stress disorder*. New York, NY: The Haworth Pastoral Press.

Singer, M.T. 1979. Coming out of the cults. *Psychology Today,* 12 (8). https://culteducation.com/group/1153-margaret-thaler-singer-ph-d/17913-coming-out-of-the-cults.html
Datum van toegang: 18 Julie 2020.

Singer, M.T. 2003. *Cults in Our Midst*. San Francisco, CA: Jossey-Bass.

Sloat, D. E. 1990. *Growing up holy and wholly. Understanding and hope for adult children of evangelicals*. Brentwood, TN: Wolgemuth & Hyatt Publishers Inc.

Smith, K.G. 2010. Review of Richard Osmer, Practical theology: an introduction. Conspectus. *The Journal of the South African Seminary*, 10(1):99-113.

Stark, C. 2019. Ritual abuse and developmental trauma: Application of the triphasic model of trauma treatment in the case of "Sarah". *International Journal of Cultic Studies*, 10:41-52.

Stein, A. 2015. Cults and brainwashing: the hidden – and not so hidden - epidemic. *Ethical record.* https://conwayhall.org.uk/ethicalrecord/cults- and-brainwashing-the-hidden-and-not-so-hidden-epidemic/
Date of access: 28 April 2020.

Steward, S.L. 2011. “Be afraid or fried”: Cults and young adult apocalyptic narratives. *Children’s literature association quarterly,* 36(3):318-335*.*

Stines, S. 2017. What is trauma bonding? https://pro.psychcentral.com/recovery-expert/2015/10/what-is-trauma-bonding/
Datum van toegang: 9 Maart 2020.

Stoker, H.G. 1995. Die Jehovah-getuies: ‘n onchistelike kulte? *Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO, Reeks A, Geesteswetenskappe nr. 85.*

Stoker, H.G. & De Bruyn, P.J. 1995. Apologetiese perspektiewe. Potchefstroom: PU vir CHO. (Studiegids D109/95.).

Stoker, H.G. 2011. Kultes.
http://www.antwoord.org.za/2011/02/kultes/
Datum van toegang: 23 Februarie 2020.

Stoker, H.G. 2019. *Foreword*. In: Derengowski, P. Muhammad and Joseph Smith, eds. *Spirit-born brothers*. Suwanee. Georgia: St. Polycarp Publishing House.

Stoop, D. & Masteller, J. 2004. *Forgiving our parents, forgiving ourselves*. Ann Arbor, MI: Servant Publications.

Thurman, C. 1999. *The lies we believe*. Nashville, TN: Thomas Nelson, Inc.

Titkemeyer, S. 2015. Post-cult trauma syndrome.
https://www.patheos.com/blogs/nolongerquivering/author/suzannecalulu/
Datum van toegang: 16 Junie 2020.

Tuente, R. 1979. Slave. In: Brown, C., *ed*. *The new international dictionary of New Testament theology.* Vol. 3. Grand Rapids, MI: Zondervan. p.597.

Van Der Kolk, B.A. 1994. The body keeps the score. *Harvard Review of Psychiatry,* 1(5):253-265.

Van Der Kolk, B.A. 2014. *The body keeps the score. Mind, brain and body in the transformation of trauma*. London: Penguin Books.

Van Der Kolk, B.A. 2009. Developmental trauma disorder. A new, rational diagnosis for children with complex trauma histories. https://traumaticstressinstitute.org/wp-content/files_mf/1276541701VanderKolkDvptTraumaDis.pdf
Datum van toegang: 10 Julie 2020.

Van Rooy, P.C. 2002. '*n Missiologiese ondersoek na die werfkrag van kultes*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Skripsie – Th.M.)

VanVonderen, J. 1989. *Tired of trying to measure up*. Minneapolis, MN: Bethany House Publishers.

Van Wijk, T. 2010. *Genees jou trauma*. Hermanus: Hemel en See Boeke.

Venter, M.A. 1997. *Riglyne vir die ontwerp van 'n terapeutiese program vir oudlede van destruktiewe kultes*. Pretoria: UNISA. (Proefskrif – D.Ed).

Ward, J.W. 2011. The lived experience of spiritual abuse. *Mental health, religion and Culture,* 14(9):899-915.

Weaver, A.J., Flannelly, L.T. & Preston, J.D. 2003. *Counseling survivors of traumatic events. A handbook for pastors and other helping professionals*. Nashville, TN: Abingdon Press.

Weightman, J. 2012. "Martha Marcy' and the truth about cults. Beyond 'helter-skelter': The not-so-awful truth about cults. BroadStreetReview.com https://www.broadstreetreview.com/film-tv/martha_marcy_and_the_truth_about_cults#
Datum van toegang: 2 Julie 2020.

White, B. 2018. 21 Techniques to get you back in the moment. https://chipur.com/21-grounding-techniques-that-can-get-you-back-in-the-moment/
Datum van toegang: 15 Julie 2020

Worthington, E.L. 2003. *Forgiving and reconciling*. Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

Wright, K. 2001. *Religious abuse. A pastor explores the many ways religion can hurt as well as heal*. Kelowna, Canada: Northstone Publishing.

Wright, H.N. 2011. *Crisis and trauma counseling. What to do and say when it matters most*. Ventura, CA: Regal.

Wylie, M.S. 2006. Beyond talk. Using our bodies to get the heart of the matter. http://www.psychotherapynetworker.com/jf04_wylie.htm
Datum van gebruik: 9 Januarie 2006.